
# Genade



Louis Nel

# Genade

**'n Reeks oordenkinge oor die Genade van God soos ons dit ondervind regdeur die Bybel, van Genesis tot Openbaring.**

**Louis Nel**

**Maart 2023**

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

1 Genade in die Tuin
2 Verban, maar daar is Hoop!
3 Genade vir Noag
4 'n Babelse Verwarring
5 'n Onverstaanbare Belofte
6 Neem 'n Geloofstap
7 God se Offerlam
8 Die Meisie by die Put
9 Immanuel – God-Met-Ons!
10 Vergifnis
11 Josef in die Put
12 Jakob trek na Egipte
13 Die Doringbos wat Brand
14 Moses se Opdrag
15 Josua se Opdrag
16 Die Spioene en die

Prostituut
17 Huwelik uit die Hemel
18 Die Gideonsbende
19 Van Skaapwagtertjie tot Koning
20 God Is In Beheer
21 Witter as Sneeu!
22 Die Koning Kom Kuier!
23 Gesprek in die Nag
24 Water En Gees
25 Die Ewige Lewe
26 Wat Is Liefde?
27 Die Besetene van Gadara
28 Twee Dramas
29 Goeie Nuus - Evangelie!
30 Genade vir Rome!
31 Vrede vir Korinte!
32 Maar Nou.....

33 Geloofshelde
34 Vryspraak en Lewensvreugde
35 Klaas se Gelukkie
36 Op die Pottebakker se Wiel
37 Genade en Vrede vir Jou
38 Die Testament
39 Van Verlore na Gered
40 God se Opdrag
41 Slaaf vir God
42 Ek en my Samelewing
43 Altyd 'n Christen?
44 Geloof en Werke
45 Die Sewende Seël

1

# Genade in die Tuin

# Genesis 1:29-2:1-14

**VIDEO * OUDIO**

In hierdie reeks wil ek graag poog om jou ‘n blik te gee op iets van God se groot genade. Ons gaan oor die volgende weke deur die Bybel blaai om te sien hoe Sy genade deursyfer in feitlik elke situasie regdeur die geskiedenis. Ons begin sommer reg by die begin, Genesis 1, die skepping en die aangrypende tuinverhaal.

God se skepping was volmaak.

Maar hier begin ons eerste vraag reeds, want wat is volmaak? Vir meeste besoekers aan die wildtuin is dit om te kan sien hoedat ‘n leeu ‘n bokkie vang en opvreet, of luiperd sy bloederige prooi in die boom ophys! Vir Jesaja is die Messiaanse vredesryk die volmaakte, waar die wolf en die lam saam bly en die luiperd tussen die bokkies lê, waar leeus gras vreet en babatjies met slange speel. Dis volmaak! (Jes. 11)

Maar was die oorspronklike skepping dan nie volmaak nie? O, dit was beslis! Oorspronklik

het God vir mens en dier voldoende voorsien, en God het vir die eerste mense vrugte en sade gegee om te eet.

Daar het dus ‘n vrederyk op die aarde geheers nét soos die vrederyk wat vir ons beskryf word na die wederkoms van Jesus. Die skrywer van Genesis maak die opmerking: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed!”

Dan kom die verrassende. Dag ses is verby en dag sewe breek aan. Ons wil dink dat die skepping nou verby is. Maar dit is nie. Op dag sewe skep God

nog een laaste ding. Dis egter nie ‘n konkrete iets wat ons kan sien nie, maar Hy skep ‘n rusdag. Daarmee begin God ‘n siklus van arbeid en rus, iets wat deur die eeue gevolg is en wat noodsaaklik is vir enige mens. Boonop verklaar God dit as ‘n heilige dag, ‘n dag wat anders moes wees as ander dae en vir God afgesonder moet wees. Dit was nooit bedoel as ‘n dag wat vir die mens ‘n las moes wees nie, maar dit moes vir hom heilsaam wees. Dis met ander woorde vir die mens suiwer GENADE!

Toe Genesis 1 op skrif gestel is tydens die ballingskap, in antwoord op die Babiloniese skeppingsverhaal die Enuma Elish Epos, het hierdie rusdag vir Israel ‘n nuwe betekenis begin kry. Dit is gekoppel aan hulle verlossing uit die slawerny van Egipte. Hulle het begin besef dat dit nie bloot maar ‘n dag is van rus en niksdoen nie, maar dat die dag aan God verbind is. Dit wil iets oor God sê. Eerstens verklaar dit dat God inderdáád die Skepper is en dat Hy steeds in beheer staan van alles, ten spyte daarvan dat hulle in

ballingskap verkeer. Terloops, groot dele van die destyds bestaande Ou Testament, is tydens die ballingskap geherinterpreteer en geherskryf deur die priesters.

Hierdie rusdag moes ook dien as ‘n onderskeidingsteken, want God se volk was anders as die ander volke. Om die dag heilig deur te bring en tot eer van die Skeppergod, moes hulle vir almal wys dat hulle God aanbid het en dat hulle in ‘n verhouding met Hom staan.

Die skepping was voltooi. Dit was ‘n lang proses wat begin het by niks en duisternis en

chaos. Dit het geëindig by ‘n kosmos, volmaaktheid en lig. Daar was orde in God se skepping. Hy het die kroon van Sy skepping, die mens gemaak en iets van Homself in die mens geplant. Nou kon die interaksie tussen God en Sy baie spesiale skepsel begin.

Genesis 2, die tuinverhaal het reeds in Salomo se tyd, 1’000vC bestaan en beskou die skepping uit ‘n ander hoek. Genesis 1 vertel van die Skepper en Sy werke, terwyl Genesis 2 vertel van die skepsel, die mens, en hoe hy op God se skepping reageer.

Die fokus verskuif na een klein gedeelte van die skepping iewers in die midde-ooste waar God die mens skep uit die stof van die aarde. Alhoewel hy die kroon van die skepping is, is hy steeds nietig en verganklik en van die grond. Maar God het persoonlik die lewensasem in sy neus geblaas. Hy word God se verteenwoordiger met God se asem in sy liggaam, maar hy is steeds deel van die aarde. Nogtans heg God groot waarde aan hierdie nietige skepsel!

God gee hierdie besonderse skepsel van Hom net die

beste. Hy skep ‘n paradys-tuin waar alles perfek en ongeskonde is, spesiaal vir die mens om in te woon. Alles was daar in oorvloed, oorgenoeg heerlike vrugte om van te eet, asemrowende skoonheid van die natuur en oorgenoeg kristalhelder vars water en ‘n groot verskeidenheid pragtige bome. Twee van die bome word baie pertinent genoem, die boom van lewe en die boom van kennis.

In hierdie asemrowende tuin het ‘n rivier sy oorsprong. Die rivier verdeel om vier groot riviere te vorm wat deur

verskeie landstreke vloei. Daar word so terloops genoem van goud en edelstene in een van die riviere. Hierdie tuin se invloed is dus nie beperk tot die gedeelte waar die mens woon nie, maar sy invloed strek oor baie landstreke en bring selfs rykdom.

Die tuin is dus die simbool van absolute geluksaligheid, oorvloed en vreugde en dít wat daaruit voortvloei gee vrugbaarheid en voorspoed. Dit pols van lewe!

Die vreugde en geluk wat uit God se teenwoordigheid voortspruit, vloei oor na ander

plekke. Wanneer jy die dag vir God ontmoet, word jy self ‘n bron van lewe!

Een ding moet ons egter baie duidelik besef: alles, ALLES is suiwer God se gróót genade!

Gebed:

Here, dankie vir U groot genade wat ons ook in die skeppingsverhaal sien. Dankie dat U ook die bron van lewe vir my gegee het!

# 2

# Verban, maar daar is Hoop!

## Genesis 1-3

## VIDEO * OUDIO

Gister het ons gesien dat die tuinverhaal deurweef is van God se groot genade, en dit vul ons met verwondering. Dit is die verhaal van God wat in groot liefde die mens skep en hom ryklik seën deur hom ver verhewe te maak bo enige ander skepsel. Hy gee vir hom nét die héél beste in die lewe. Die taak wat God vir die mens gee, is eenvoudig en gladnie ‘n las op sy skouers nie. Dan kom

gee Hy vir die mens die perfekte maat, een wat uit homself geskep is.

Dit was wonderlike tye waarin God gereeld persoonlik in die vroeë aand saam met hulle kom kuier het en met hulle gesels het. Alles was perfek! Maar dan gebeur die verskriklike ding en die wonderlike verhouding tussen God en die mens versuur wanneer die mens sy eie kop wil volg.

Alle hoop is verlore, want die mens het gekies om eerder na die slang te luister as na God. Maar voordat die mens finaal

uit die tuin verban word, gee God tóg weer hoop. Ten spyte van die vertrouensbreuk wat die mens geskep het, besluit God uit Sy groot genade dat Hy nie die mens aan sy eie lot gaan uitlewer nie. Boonop gee Hy ook ‘n wonderlike belofte dat Hy eendag Iemand sou stuur om “die slang se kop te vermorsel.” Daardie Iemand sou alles wat die mens opgemors het kom herstel. Daar is dus die belofte van hoop op ‘n beter môre!

Blaai ons nou na die laaste drie hoofstukke in die Bybel, in Openbaring, dan word hierdie

hoop bevestig. Duisende jare het verloop tussen hierdie eerste boodskap van hoop en die finale bevestiging daarvan.

In Openbaring 20 lees ons van die einde van Satan en die bose. Johannes sien in sy visioen ‘n engel wat van God af kom. Hy het toegang tot die onderaardse diepte oftewel die woonplek van die bose. Die engel bind Satan vas met ‘n groot ketting, simbolies daarvan om sy mag te beperk. Hy word in die onderaardse diepte gehou vir ‘n duisend jaar, en dan word hy vir ‘n kort rukkie vrygelaat. Ons kan nie

die duisend jaar as ‘n letterlike tyd vertolk nie. Hierdie is ‘n simboliese getal wat daarop dui dat hy vir die volle tydperk wat God vir hom bestem het gebind is. In die lig van die boodskap van Openbaring as ‘n geheel, kan ons verstaan hieruit dat Satan gebind is vir die tydperk tussen Jesus se eerste koms 2000 jaar gelede en Sy wederkoms. Deur Jesus se sterwe en opstanding het Hy Satan oorwin en is hy gebind. Die klein rukkie wat hy losgelaat word dui op die verskriklike intensiteit van sy aanslag kort voor die einde.

In Openbaring 21 beskryf Johannes die wonderlike gesig wat hy beleef, van die vernuwing van die hemel en die aarde, waar die volmaakte gemeenskap met God nou aangebreek het. Ja, die ou bedeling het verdwyn. Die eerste hemel en aarde is volmaak geskep deur God. So het ons gelees in Genesis 1 tot 3. Dit is egter totaal verwoes deur die mens en Satan se sonde. Die ou aarde waar pyn en lyding, wat maar die gevolg van sonde was, so ‘n verskriklike werklikheid is, word nou herskep en vervang met ‘n

splinternuwe toestand van altyd-durende, volmaakte heerlikheid saam met God. Dit word met ander woorde weer herstel tot dieselfde toestand as wat geheers het in die Tuin van Eden voordat die mens in sonde verval het. In ‘n figuurlike sin verdwyn selfs die see, omdat dit in die antieke denke beskou is as die woonplek van die bose. Die bose is nou vernietig, en daarmee saam sy woonplek.

Saam met hierdie gebeurtenis is daar natuurlik die wederkoms van Jesus. Dit is die dag wanneer almal

geoordeel word. Adam en Eva sal daar wees om God se oordeel aan te hoor. En so ook al die mense ná hulle, ook ek en jy. Adam sal moet antwoord waarom hy besluit het om God se genade en liefde te verwerp. Maar belangriker nog, sal hy moet sê of hy ooit tot besinning gekom het daarna. Het hy ooit om vergifnis gevra? Was daar ooit weer ‘n verhouding tussen hom en God? Daardie perfekte verhouding van weleer, sou sekerlik nie meer moontlik wees nie. Maar daar kon tóg weer ‘n verhouding wees as

Adam maar net sy hart vir die Here sou oopmaak.

Is daar vandag vir my as gelowige iets om voor bang te wees met die wederkoms? Hierop kan ek onomwonde antwoord dat ek niks het om te vrees nie want ek is reeds vrygespreek van die oordeel, en daarom kan ek saam met 'n reuse skare van gelowiges uitroep: "Kom Here Jesus, kom gou!" Op grond waarvan is ek vrygespreek? Op grond van Jesus se soenverdienste. Daarmee saam, omdat ek my hart vir Hom oopgemaak het en toegelaat het dat Hy in 'n

verhouding met my kon staan. Hy het alles gedoen; ek moes dit net aanvaar. Alles is suiwer God se genade!

My vraag aan jou vanoggend is egter of jy ook so daaroor voel? Sien jy ook met groot verlange uit na Jesus se wederkoms? Of sit jy dalk met vrees in jou hart, want jy weet nie of jy die binnekant van die hemel sal sien nie? As jy met daardie verskriklike vrees sit, dan smeek Jesus by jou om te kom en van die water van die lewe te kom drink - dis verniet! Jy hoef niks daarvoor te betaal nie! Ek wil jou dan ook

dringend uitnooi om my te kontak as jy met daardie probleem sit.

Gebed:

Here, dankie dat U my uit genade gered het ten spyte van my sonde!

3

# Genade vir Noag

# Genesis 6:5-12

**VIDEO * OUDIO**

Adam en Eva is verban uit die tuin as gevolg van hulle sonde. Nogtans was God genadig, en Eva het geboorte geskenk aan twee seuns, Kain en Abel. Dan is daar egter ‘n groot tragedie toe Kain sy broer vermoor het. Selfs na hierdie verfoeilike daad van Kain, is God steeds genadig, en Hy spaar Kain se lewe. Dan volg die geboorte van Set, en Genesis 4:26 vertel dat na die geboorte van Set se seun, mense begin

het om “die Naam van die Here aan te roep.”

Dan volg ‘n lang geskiedenis wat gekenmerk word deur die totale verval van die mensdom, waar geweld en goddeloosheid botoon voer. Slegs enkele ligpuntjies staan uit, soos Henog wat “naby aan God geleef het” (Gen. 5:24). Die res was egter donker tye wat al erger geword het, totdat dit uiteindelik ondraaglik was. Genesis 6:5,6 vertel dat die mense net slegte dinge bedink het en dat die Here bedroef was oor die verskriklike verval. Hy het dit selfs oorweeg om al die inwoners van die aarde te

verdelg!

Maar weereens is dit God se groot genade wat swaarder weeg. Daar was een enkele mens wat nog regverdig was, Noag, en God het hom begenadig.

Hy vertel vir Noag van Sy plan om die korrupte mensdom uit te wis, maar dat Hy Noag sal spaar. Dan gee Hy Noag ‘n opdrag: “Die einde van alle mense het, volgens My besluit, aangebreek; want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Kyk, Ek gaan hulle verdelg saam met die aarde. Maak vir jou 'n ark van goferhout.” Gen. 6:13-14)

Moontlik het die verhaal iets soos

hierdie verloop:

“Noag, Ek wil hê dat jy ‘n skip bou.”

“’n Skip, Here? Waarom? Ek verstaan nie.....”

“Ek het besluit om ‘n einde te maak aan alle mense, want die aarde het ontaard in ‘n kookpot van geweld.”

Noag sug swaar as hy herkou aan die woorde van die Here. “Ja, so kan dit beslis nie aangaan nie!” dink hy. “Die Here is reg: Die aarde moet ‘n slag skoongemaak word, want alles het sleg geword!”

Noag wonder wat die mense se

reaksie gaan wees as hy hier in die middel van die woestyn ‘n skip begin bou. Hulle gaan dink dat hy nou finaal siniel begin word het. Hy is immers al 600 jaar oud, een van die laaste baie ou manne wat oorgebly het.

Maar skielik tref ‘n gedagte vir Noag: hoe bou ‘n mens ‘n skip? Ek is g’n skeepsbouer nie? Waar begin jy? Waarvan maak jy hom?

“Here, ek weet nie hoe nie!” pleit hy by God. “En boonop, waarom ‘n skip in die woestyn? Hier is mos nie water nie? Here, ek verstaan gladnie.....”

Dan antwoord die Here hom: “Ek gaan ‘n vloed oor die aarde laat

kom om al wat daarop lewe te verdelg, elke lewende ding onder die hemel. Al wat lewe op die aarde gaan vernietig word!"

"En die skip, Here, wie gaan in die skip wees?"

"Noag, Ek gaan met jou 'n verbond sluit. Ek wil hê dat jy en jou vrou en kinders op die skip klim. Ek sal julle bewaar sodat julle kan bly lewe."

Noag is baie verlig. Nou weet hy darem dat hy en sy gesin veilig gaan wees. Sjoe, maar dit gaan darem verskriklik wees as al die mense moet verdrink! Maar dan tref 'n nuwe skokgedagte vir Noag: Wat van die diere?

Wanneer hierdie water waarvan die Here praat gesak het, gaan die aarde darem ‘n baie eensame plek wees as daar nie ‘n paar diere ook oorbly nie. “Here.....” begin Noag.

Maar God weet al lankal van sy bekommernisse nog voordat Noag daaraan gedink het: “Noag, jy hoef nie bekommerd te wees oor die diere nie. Dit gaan jou taak wees om twee van elke soort dier op aarde bymekaar te maak en saam met jou op die skip te neem.”

Dit wat oorspronklik goed was, het die mens geruïneer. Nou bly net een ding oor: om die ruïnes

plat te vee en oor te begin.

Ons sien dus duidelik dat die mens sélf verantwoordelik was vir die vloed. Dit was hulle eie toedoen, en God se besluit om alles te vernietig was bloot die gevolg van die mens se verskriklike dade.

Ek en jy leef vandag ook in ‘n bitter deurmekaar wêreld. Misdaad, geweld, onreg, bedrog, moord, verkragting - al hierdie dinge is by ons baie bekend. Baie mense het moeg geword vir al hierdie gemors, selfs ook ongelowiges. Almal soek na ‘n klein “Noag” wat rus kan bring. Maar elke “Noag” wat gebore

word het ook maar voete van klei. En die onreg stoomroller voort!

Maar daar is hoop, want Jesus bring redding waar alles totaal verlore lyk. Ja, en inderdáád het Hy die dood oorwin! Hy vra slegs van jou en my om in ‘n persoonlike verhouding met Hom te staan en naby aan God te leef soos Noag van ouds.

En dan is daar boonop ook nog die groot hoop waarna alle gelowiges reikhalsend uitsien, daardie groot hoop waarvan Johannes skryf in Openbaring. En daardie groot hoop waarvan die engel gepraat het tydens Jesus se hemelvaart. Wanneer Jesus se

wederkoms die dag plaasvind, sal alles splinternuut gemaak word. Daar sal ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde wees waar alles absoluut perfek en vlekkeloos sal wees, sonder die geringste teken van sondesmet. Sien jy ook uit daarna?

Gebed:

Here, vandag is daar baie vrae in ons gemoed oor hierdie verhaal. Maar dan kan ons troos kry dat U genade vir ons oorgenoeg is. En boonop is daar die vooruitsig van die wederkoms! Dankie daarvoor Here!

# 4

# ‘n Babelse Verwarring

# Genesis 11

## VIDEO * OUDIO

God het Sy belofte vir Noag gehou, en die groot vloed het gekom om alles uit te wis. Maar uit Sy groot genade, bewaar God vir Noag en saam met hom, sy vrou, drie seuns en hulle vrouens. Dus ‘n klein handjievol van agt mense wat God gedien het.

Gam was die eerste van hierdie groep wat gestruikel het en gewys het dat die sonde steeds inherent deel van hulle lewens was.

Ons lees verder dat God hierdie drie seuns van Noag en hulle vrouens ryklik geseën het met vrugbaarheid sodat daar oor 'n relatief kort tydperk alreeds 'n baie groot nageslag gebore is. En soos dit maar gaan wanneer daar 'n groot klomp mense bymekaar bly en op mekaar se tone begin trap, dan besluit hulle om te trek. En so gebeur dit dat mense die wye wêreld begin intrek.

'n Groot groep van hierdie trekkers ontdek die wonderlike, vrugbare vlakte in Sinear, iewers tussen die Tigris en Eufraat riviere. Hier kan hulle 'n baie goeie bestaan maak want die

aarde gee vir hulle in oorvloed.

Daar is egter ‘n klein probleempie: anders as Kanaän waar hulle vandaan kom met sy volop klippe om huise mee te bou, is hier nie ‘n enkele klippie in sig nie. Om bloot huise van modder te bou, is nie baie prakties nie, want elke keer as dit reën, spoel die huis weg!

Toe ontdek een kêrel, dat as jy klei in die vuur bak, dan word dit kliphard. Nou waarom dan nie ‘n huis bou met sulke “nagemaakte klippe” nie? En só gee die mensdom nóg ‘n tree vorentoe in sy tegnologiese ontwikkeling. Die nuus versprei vinnig, en binne ‘n

ommesientjie bak al wat leef en beef stene om hulle huise te bou. Asfalt word gebruik om die kleistene in mure te messel, wat dan sorg vir uitstekende, baie stewige bouwerk. Die mense is baie opgewonde oor hulle nuwe vernuf.

Omdat die aarde hier so vrugbaar is, koek ‘n groot klomp mense hier saam. Die gevolg is uiteindelik, na ‘n goeie klompie jare dat hier ‘n stad ontstaan. Dit is lekker om só baie mense rondom jou te hê en dinge begin baie voorspoedig gaan. Ons kan maar net aanneem dat handel dit vir die mense die moeite werd

gemaak het om in ‘n stad saam te koek. Niemand wou hiervandaan wegtrek nie want al hoe meer geriewe het ontstaan soos wat behoeftes raakgesien is.

En dan begin hierdie stad se mense ‘n grootheidswaan kry. Hulle is beter as die ander sukkelaars daar buite wat net ‘n bestaansboerdery voer. Hulle is besig om vir hulleself nou hier groot naam te maak!

Op ‘n dag sit die stadsvaders weer soos gewoonlik vir kwaadgeld rond en praat oor al hulle wonderlike prestasies. Dan kom een slim kêrel met ‘n groot gedagte na vore. Hier sit hulle

met die wonderlike tegnologie om strukture te kan bou sonder om eers klippe te moet kap, wat daar in elkgeval nie in hierdie wêreld is nie. Wat daarvan as hulle nou hierdie tegnologie aanwend en vir hulle ‘n toring bou?

“‘n Toring? En waarvoor nogal?” wil een ringkop weet.

Dan verduidelik hy dat hierdie toring die simbool moet wees van wat hulle in die lewe bereik het. Hiermee sal hulle vir hulleself gróót naam maak. Maar hierdie moet nie sommer enige ou toringkie wees nie. Húlle toring moet tot bo in die hemel strek, tot daar waar God is.

Stadig begin daar ‘n groot opgewondenheid oor die manne kom en gedagtes word rondgegooi. Half spottend merk iemand op dat as hulle tot binne in die hemel kan bou, dan is hulle mos enige tyd net so goed en magtig soos God. Wie het Hom dan nog nodig? Hierdie sal die grootste projek wees wat enige mens ooit kan bedink!

En só begin die grootste bouprojek waarvan énigeen kon droom. Daar word bereken dat dit byna 110m hoog sou wees!

Maar die grote Almagtige God het gesien dat daar iets aan die gang is. Hy was genoodsaak om neer

te daal om te sien waarmee die mense besig was, want so groot as wat dit vir die mens gelyk het, so gering was dit in God se oë. Ons moet ons asemrowende menslike prestasies in perspektief sien met wat God vermag het! Eers wanneer ons God se groot dade raaksien, besef ons hoe nietig ons en al ons wonderlike prestasies eintlik is!

God besef dat die mens besig is om vir hulle ‘n monster te bou, en dit kan lei tot gruwelike dinge. Dus gryp Hy in. Hy verwar hulle taal, sodat die een nie kan verstaan wat die ander sê nie. Daar ontstaan ‘n reuse

kommunikasiegaping, en uiteindelik spat die mense uitmekaar en word hulle oor die aarde verstrooi.

Weereens is dit slegs God se groot genade wat ons hier sien. Hy vernietig nie die mense wat bose dinge bedink nie, maar verstrooi hulle sodat hulle die aarde bevolk.

Met hierdie insident eindig die sogenaamde oergeskiedenis in die Bybel. Nou sien ons ‘n klemverskuiwing, want verder word nou spesifiek gekonsentreer op een enkele gesin waaruit die volk van God gebore word, die gesin van Sem en sy

nakomelinge. Die fokus val spesifiek op die groot geloofsheld, Abraham, iemand wat veral kan getuig van God se genade!

Gebed:

Here, hou my asseblief nederig en maak my oë oop vir al U groot wonders.

5

# ‘n Onverstaanbare Belofte

Genesis 12:1-3

VIDEO * **OUDIO**

In Sarai se kop weergalm Abraham se woorde: “Kom, ons moet oppak!” Eers wou sy bly word, want sy het gedink dat hulle dalk vir die familie in Ur gaan kuier, maar toe sien sy die kyk in haar man se oë, en sy weet: hierdie “oppak” beteken dat alles, ALLES opgepak moet word, en dat hulle gaan wegtrek.

Abraham is gebore in Ur in die ooste, die huidige Irak, naby die Persiese Golf. Oorspronklik was

sy naam Abraham, maar God het hom later herdoop na Abraham. Later het sy pa, Tera besluit om na Haran te trek, iewers op die grens tussen die moderne Turkye en Sirië. Een van die sytakke van die Eufraatrivier ontspring hier, en dit vorm 'n lowergroen landstreek wat vandag totaal oordek is met vrugbare landerye. In hierdie land het Abraham skatryk geword met talle slawe en groot troppe vee.

Op 'n dag praat God met Abraham: "Gaan weg uit jou land, weg van jou familie en jou ouerhuis, na die land wat Ek jou sal wys." (Gen. 12:1)

Daardie nag kan Abraham nie

slaap nie. Hy lê heelnag en rondrol. Langs hom lê Sarai en sy weier om met hom te praat. “Ek sal jou ‘n groot nasie maak,” weerklink die Here se belofte deur Abraham se kop. “Ek sal jou seën en jou naam groot maak, sodat jy 'n seën sal wees.” Wat sou al hierdie dinge tog beteken? Gaan hy nog ryker word daar in die nuwe land? Gaan hulle hom dalk kroon tot koning oor die hele land? Nee wat, koning wil hy tog nie wees nie – konings maak net oorlog! Hy is mos ‘n man van vrede!

Skielik sit Abraham regop op sy slaapmatjie, sy oë wawyd oop.

"Sarai, Sarai!" Hy skud sy wederhelf wakker. Sy máák in elkgeval tog maar net of sy slaap. "Ek het skielik die laaste deel onthou van God se boodskap." Sarai deel nou nie juis in Abraham se entoesiasme nie. Sy is in elkgeval nog vies vir hom oor sy skielike trekgier. "Wat is dit dan tog Abraham?"

Die Here het gesê: "deur jou sal al die grootfamilies van die aarde geseënd wees." Wat sou dit beteken? Nou is Abraham helder wakker. Hy staan op en gaan sit buite sy tent en kyk na die sterre. "Here, wat beteken dit alles? Waarheen wil U my stuur? Hoe

kan ek ‘n groot nasie word as my mooi Sarai onvrugbaar is?” Maar daar kom geen antwoord nie. “Here, hierdie ding is hééltemal te groot vir my verstand om te begryp.” Bo hom hang die heelal, gevul van hoek tot kant met wonderwerke, ‘n reuse skilderdoek, beskilder met lewende elemente wat beweeg en flikker en vir Abraham wink. “Ek verstaan ook nie die gewelf hier bo my nie,” sug hy vir die Here. “Maar ek glo dat elke klein liggie die werk van U hande is.” Trane loop oor sy wange as hy bely: “Here, en ek glo met my hele hart dat ek in U hande is, en dat U my sal lei waarheen ek

ookal moet gaan." Een ster staan vanaand helderder uit as al die ander sterre in die hemelruim.

Tweeduisend jaar later, toe Abraham se afstammelinge al meer as die sandkorrels van die woestyn was, het daar ook een aand 'n helder ster geflikker - een wat baie helderder was as al die ander sterre. Wyse manne uit die Ooste het dit gevolg tot by 'n klein dorpie in die hartjie van die beloofde land, en daar het hulle 'n Baba gekry in 'n stal. Hulle het goud en wierook en mirre vir Hom gegee as geskenke, want Hy was gebore as Koning. Nie sommer net enige ou koning nie, maar dié

Koning van alle konings van alle tye.

Maar Sy geboorte was nie om koningskap op aarde oor te neem nie. Die omstandighede van Sy geboorte - die vuil stal en die stinkende diere om Hom - alles het gedui daarop dat Sy lewe nie maklik sou wees nie, om die minste te sê! Op ‘n jeugdige drie-en-dertig jaar is Hy tragies dood. Hy is onskuldig tereggestel op die wreedste moontlike manier. Selfs die regter het Hom onskuldig bevind!

Maar toe gebeur die wonderwerk: drie dae later staan Hy uit die dood op. En elkeen wat in Hom

glo, kry die ewige lewe, nie alleen Jode nie, maar ook Grieke en Romeine en Assiriërs - en selfs Suid-Afrikaners. In Hom rus onmeetlike seën.

Hy was ‘n direkte afstammeling van Abraham!

Ja, Abraham sou ‘n volle tweeduisend jaar moes wag om die belofte wat God hom daardie dag gegee het te sien waar word. Al sou hy ook so oud word soos sy oer-oupa Metusalag, sou hy dit nie beleef nie. Maar die hoop het nie beskaam nie, en die dag toe die wyse manne hulle geskenke in Betlehem afgegee het, het Abraham lofliedere gesing en

gejubel en gedans daar aan die voete van die Heilige God wat eenmaal vir hom belowe het dat dit sou gebeur. Tóé het hy niks daarvan verstaan nie, maar hy het bly glo.

Ek en jy wonder dikwels oor die ongelooflike beloftes wat dieselfde God vir ons gegee het in Sy Woord. Die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem met sy goue strate en die ewige lewe. God hou by Sy beloftes!

Gebed:

Here, ek klou vandag vas aan elke belofte wat U my gee. Dankie dat U getrou is!

6

# Neem ‘n Geloofstap

Genesis 12:4-9

VIDEO * **OUDIO**

Alles is in rep en roer in die Abraham-huishouding. Jare en jare se goed wat Sarai versamel het word opgepak vir die groot trek (ja, dalk het Abraham ook so ’n ou klein aandeeltjie gehad!) Daar word gehiet en gebied: “Versigtig met daardie kruik, hy is kosbaar!” Van heinde en verre kom familie en vriende om vir oulaas te groet. Hulle skud hulle koppe meewarig: Wat het die ou man tog besiel om op vyf-en-

sewentigjarige ouderdom te wil staan en trek? Nou nie dat hy juis beplan om na ‘n aftree-oord te gaan nie. Nee, hy wil op sy oudag nuwe wêrelde gaan ontdek. Hulle sê dat hy nie eers weet watter rigting hy gaan inslaan nie, glo net iewers suid .......

Die familie is vies vir Abraham, want ‘n ordentlike man los mos nie sy familie sommer net so nie! Maar Abraham is so opgewonde soos ‘n klein seuntjie wat op pad is Margate toe!

Nefie Lot kom so deur die oppakkery na die ou man toe: “Oom Abraham, hoe lyk dit, kan ek nie maar saamgaan nie?” Hy

sien net opwinding voorlê. Abraham kyk sy broerskind op en af. Sal die mannetjie ooit opgewasse wees vir hierdie soort ding? Hy is maar ‘n bietjie van ‘n losbol. Mens weet nooit waarmee jy daar in die vreemde te doene gaan kry nie. Daar is juis fluisteringe van reuse en allerhande skrikwekkende barbare daar langs die Dooie See. En dan is daar die gerugte van die Goddeloosheid van die mense, glo iets aller-ysliks! “Ja, toe, pak dan maar op. Ons vertrek oor ‘n week!”

Dit was ‘n reuse trek! Daar was kamele en nóg kamele, almal

gelaai tot brekens toe. Die slawe het in stringe geloop, en dan was daar Abraham se vee, groot kuddes wat hy vir homself versamel het in Haran. Ja, Abraham kon sékerlik tevrede gewees het met homself oor hierdie rykdom wat hy opgebou het. Die Here was vir hom baie goed.

Dit het amper ‘n halfdag geneem vir almal om in beweging te kom. By die poorte van Haran staan skares familie en vriende en huil oor Abraham. Dit is ‘n groot verlies.

Die Bybel sê nie vir ons hoe lank dit Abraham geneem het om te

kom by die plek wat die Here hom sou aanwys nie, maar sy reis moes sékerlik ‘n maand of drie geduur het. Soos die kraai vlieg is dit meer as seshonderd kilometer van Haran af tot by Sigem, waar Abraham vir die eerste keer uitgespan het. Daar by die groot waarsêersboom het die Here met Abraham gepraat. Daar het Abraham weer daardie stem in sy binneste gehoor, klokhelder, asof die Here hier reg voor hom staan: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land!”

Abraham se mond het oopgeval: “Aan mý, Here? Gee U hierdie hele groot land aan my en my

nageslag?” Dit het Abraham nooit in sy wildste drome verwag nie. Eers was daar die belofte dat die Here hom ‘n nageslag sou gee, en dit terwyl sy liewe Sarai onvrugbaar is. En nou hiérdie belofte!

Abraham het in aanbidding voor God neergeval. Dit is ‘n mooi land. Wat het hy gedoen om dit te verdien? “Dankie Here, dankie,” het hy geprewel terwyl hy begin om klippe bymekaar te maak. “Hier moet ek ‘n altaar bou,” besluit hy, “’n altaar vir God. Hier sal ek ‘n offer bring aan die Here wat my veilig gebring het deur die gevaarlike, onherbergsame

wildernis tot hier."

God se genade is inderdaad groot! God bou 'n geloofsgemeenskap. Hoe doen Hy dit? Hy roep en Hy belowe. Geen dwang, die mens moet self kies. Hy word voor 'n keuse gestel: hy kan in Haran bly, in die paradys, die land van oorvloed, daar waar hy soveel rykdom kon opgaar. Daar kan hy voortgaan met sy óu lewe, waar al sy vriende en familie waarskynlik afgodsaanbidders was. Of hy kan hierdie verskriklike waagstuk aangaan, om die onherbergsame wildernis aan te durf op pad na 'n bestemming wat totaal onbekend

is aan hom. Sou hy God genoeg vertrou om hierdie waaghalsige stap te neem?

Hy besluit om God onvoorwaardelik te vertrou. En wanneer hy dit doen, kom die groot verrassing: daar wag ‘n tweede belofte op hom, die belofte van ‘n hele groot land wat aan hom sou behoort.

Abraham antwoord deur die Here aan te roep (met woord), en deur ‘n altaar te bou (met daad). En dan begin hy deur die hele land te trek en oral tent op te slaan. Sodoende neem hy simbolies die land in besit. Nee, hy verower nie die land met ‘n groot gedruis nie,

maar neem dit bloot simbolies in ontvangs. Dit is mos ‘n geskenk van God!

Hoe ver is ek bereid om God te vertrou? Ek het al dikwels gesien hoedat mense die sendingveld invaar met slegs ‘n belofte van God. Net gisteroggend het iemand vertel hoedat hulle sendingwerk gaan doen het in die Amasone, suiwer in vertroue op God! Dikwels is hulle bereid om alles prys te gee en te waag. En dan skud die familie en vriende meewarig die kop. Maar as jy hom ‘n ruk later raakloop, en jy sien dat sy klere deurgeskaaf is, maar die blydskap straal uit hom

uit, dan weet jy dat dit nooit ‘n waagstuk was nie, maar dat hy slegs op God vertrou het. En God was getrou! Sy genade is baie groot!

Gebed:

Here, so dikwels is my vertroue so klein. Versterk asseblief my lam knieë!

7

# God se Offerlam

Genesis 22:8-19

**VIDEO * OUDIO**

Die gryse ou Abraham klim met swaar treë die berg op, die berg wat die Here aan hom uitgewys het waar hy sy seuntjie moet gaan offer. Elke tree is vir hom ‘n pyniging. Nee, nie oor sy hoë ouderdom nie, maar oor die vooruitsig om sy enigste lieflingseun daar op die altaar te sien, oopgespalk en geslag. Trane loop oor sy wange. “Here, God Almagtig, moet ek dit werklik doen?” Maar die Stem van God is

stil. Voor hom huppel klein Isak oor die klippe met die swaar drag hout op sy rug, opgewonde oor die nuwe avontuur wat voorlê, min wetende wat wérklik op hom wag!

Meer as 37 jaar tevore het God ‘n belofte aan Abraham gemaak, dat Hy hom ‘n groot nageslag sou gee. In hierdie tydperk ervaar Abraham telkens God se genade en vergifnis, selfs wanneer hy struikel. God se belofte het egter lank getalm en eers gestalte gekry toe Abraham al 100 jaar oud was en Sara 90. Dit was ‘n heuglike dag! Twaalf jaar later kry Abraham egter die opdrag om

klein Isak te gaan offer! Abraham was verpletter! Nogtans het hy God gehoorsaam en Isak na die offerplek geneem.

Uiteindelik is hulle bo, en met alle erns begin hulle om ‘n altaar van klippe te bou. Die twaalfjarige Isak begin wonder oor die lam wat geoffer moet word. Pa vat mos altyd ‘n offerlam saam van die huis af, maar vandag het hy niks by hom nie. “Pa?” Daar is ‘n groot vraagteken in Isak se stem. “Pa, ons het die hout, en ons het die vuur en die altaar en alles, maar waar gaan ons ‘n offerlam kry?” Ja, hy het al vroëer daardie vraag gevra, maar Pa het nie vir

hom ‘n bevredigende antwoord gegee nie. En waarom kyk Pa hom dan nou so snaaks aan? En waarom huil Pa dan so baie vanoggend?

Die altaar is die mooiste wat Abraham nog óóit gebou het. Hy maak veral seker dat die oppervlak bo gelyk is, en dat daar nie ongemaklike skerp punte uitsteek nie. ‘n Mens moet gemaklik daarop kan lê. Die hout word versigtig op die altaar gepak, net groot genoeg vir ‘n jong seun om op te lê. Isak voel aan dat iets nie baie lekker is nie. Pa se gesig word al langer en stroewer, en hy sien sommer dat

daar iets baie swaar op sy hart druk.

“Kom hier my seun.” Die ou man snik nou behóórlik, en hy begin om die protesterende seuntjie vas te bind. Met groot deernis lê hy sy enigste seun op die altaar neer. Dan begin klein Isak besef dat dit hý is wat geoffer gaan word! Hy het al gehoor dat die heidene dit doen. Hulle offer dikwels hulle kinders aan die gode. Pa sê dat dit verskriklik verkeerd is, maar hier doen hy nou presies dieselfde ding! Met afgryse sien hy hoedat Pa die groot mes optel. Die trane stroom van sy pa se gesig af en klein Isak gaan

histeries aan die huil. “Pa gaan my slag!” Sy klein verstandjie kan dit net eenvoudig nie verwerk nie.

Op daardie oomblik weerklink ‘n vreemde stem uit die hemel: “Abraham, Abraham!”

Pa kyk verwilderd op: “Hier is ek!”

Eers baie later, toe klein Isak al ‘n groot man geword het, het hy verstaan Wie se stem hierdie was. “Die Engel van die Here,” het Pa aan hom verduidelik, maar eintlik was dit God Sélf! Só belangrik was hierdie gebeurtenis dat God Persoonlik uit die hemel gekom het om Abraham te keer en by hom te wees. Daardie oggend het Hy geweet dat Hy

Sélf tweeduisend jaar later ook soos klein Isak geoffer sou word - aan ‘n kruis-altaar sou hang. En daar sou niemand wees om te keer dat die offer sou voortgaan nie.

“Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en moenie enigiets aan hom doen nie! Want nou weet Ek dat jy vir God ontsag het. Jy het nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou nie.” Die Stem van God weerklink uit die hemel. Eers dán sien Abraham die skaapram wat agter hom teen die bos staan, sy horings verstrengel in die takke. Abraham lag en huil, alles deurmekaar as

hy die baie verligte klein Isak losmaak en van die brandstapel afhaal. “Dink jy óóit dat God sou toelaat dat ek jou rêrag offer my seun?” Abraham druk sy seuntjie styf teen sy bors vas. Die skaap word in Isak se plek geoffer. “Die Here het voorsien!” Abraham se hele wese jubel as hy met oorgawe die skaapram offer. “Die Here het voorsien! Sy genade is só groot!”

Die skaapram is geslag en geoffer in die plek van Abraham se enigste seun, sodat hy kon lewe. God se enigste Seun is geslag en geoffer in die plek van jou en my, sodat ons kan lewe!

Word ons soms deur God beproef of getoets? Ek glo nie, want Jak. 1:13 sê: “God kan nie deur kwaad versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.” Jakobus wil dus sê dat die toets van ons geloof nie van God af kom nie, maar dat God dit positief kan gebruik om ons geloof te versterk. Jesus het immers gesê: “As julle wat sleg is weet om goeie dinge vir julle kinders te doen, hoeveel te meer sal ons hemelse Vader dit doen!”

Ons moet weereens net besef hoe onmeetlik groot God se liefde en genade is! Hy kan selfs die negatiewe omswaai om dit positief vir ons te laat uitwerk!

Gebed:

O Here, hierdie aangrypende verhaal ruk my aan die hart. Hoeveel is ek bereid om op te offer ter wille van U? Vanoggend laat ek my kop in skaamte sak. Vergewe my asseblief, Here!

# 8

## Woensdag 25 Januarie

## **Die Meisie by die Put**

## **Genesis 24:9-27**

**VIDEO * OUDIO**

Die slaaf kry die onmoontlike opdrag: “Gaan soek vir my seun ‘n vrou!” Die arme man het homself seker ál die pad bejammer op sy lang reis na Mesopotamië waar Nahor bly. Met sy karavaan van tien kamele vat hy die langpad, terwyl Abraham en Isak hom opgewonde agterna kyk. Abraham is die ene selfvertroue waar hy met ‘n glimlag op sy

kierie leun. “Die Here sal Sy engel vooruit stuur om alreeds sake te gaan voorberei. Hy sal die regte vrou vir Isak stuur! Hy het my immers nog nóóit teleurgestel nie!” Isak, aan die ander kant, spring op en af van opgewondenheid. Hy is stukkend geskeur tussen twee begeertes: die een om saam te gaan en sélf sy eie vrou te gaan uitsoek, en die ander om hier by sy pa te bly en te wag vir die groot dag en om alles gereed te kry. “Sê nou maar die slaaf maak ‘n verkeerde keuse?”Dit gryp aan sy maag! “Sê nou maar hy kom hier aan met ‘n regte ou draak?” Maar dan skuif hy die gedagte uit sy kop:

“Daardie man ken sy storie! Hy gaan vir my die mooiste ou dingetjie denkbaar bring, een met fyn goue ringetjies aan haar neus en sulke lang pikswart wimpers wat skaam onder haar sluier uitloer.” Isak se hart mis sommer ‘n paar slae as hy vir homself die prentjie skilder van hoe hierdie bruid nou eintlik gaan lyk.

Abraham se slaaf het baie tyd gehad om na te dink oor alles wat Abraham vir hom gesê het. Daar was uitdruklike instruksies oor Isak se aanstaande bruid. Soos wat die kraai vlieg is dit omtrent 900 kilometer, maar hy sou sekerlik ‘n ompad gekies het

omdat hierdie roete byna onbegaanbaar is. Dit kon dan nader aan 1300km wees! Dit is ‘n uitmergelende reis deur dorre woestynland. “Hy verwag van my ‘n onmoontlike ding,” dink die arme man. Maar dan onthou hy dat Abraham sy vertroue altyd op sy God geplaas het. Hy weet wat hy sal doen: Hy sal Abraham se voorbeeld volg en bid.

Twee maande later gooi die slaaf ankers uit by ‘n fontein net buite Mesopotamië. Hy voel soos ‘n opgewonde skoolseuntjie as hy van sy stowwerige kameel afklim en gaan kniel by die lafenis. Dan bid hy: “Here, God van Abraham

wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met my gebeur.” Hy het haarfyn uitgewerk wat hy die Here gaan vra. Hoe sal hy weet watter meisie vir Isak bedoel is? Hy sal die Here vra om die regte meisie vir hom uit te wys. Die meisie wat by die fontein kom water skep en vir hom, ‘n wildvreemde man, water kom aanbied en sy kamele ook nog versorg, dit sal sý wees wat aan Isak behoort. So het hy die Here gevra om haar aan hom uit te wys.

En dan, wanneer hy sy oë oopmaak, sien hy haar daar staan, die mooiste jong meisie

wat hy nog ooit gesien het. Die slaaf se hart gee ‘n paar wilde spronge: “Dit móét net eenvoudig sy wees! Hierdie is beslis Isak se vrou!” Met groot belangstelling en kloppende hart kyk hy hoe sy in die fontein afklim. ‘n Ruk later klim sy die trappies op met ‘n swaar kruik op haar skouer. “Kan ek asseblief ‘n bietjie water kry?” waag die slaaf dit.

“Drink gerus! Ek sal sommer vir jou kamele ook gaan skep,” voeg sy by. En toe wéét hy: die Here was getrou! Hy het weereens voorsien net soos Hy elke keer nog vir sy meester Abraham voorsien het oor die afgelope 130

jaar. Terwyl sy nog water aandra vir sy kamele, hardloop hy haastig na een van die diere. Uit ‘n saalsak haal hy ‘n gekerfde kissie. As hy dit oopmaak blink die suiwer goud in die helder sonlig. Twee goue armbande en ‘n goue neusring word versigtig uitgehaal. Die meisie is stomgeslaan as hy vir haar die kosbare juwele aansit.

“Wie se dogter is jy?” wil hy weet. Sy verduidelik dat haar pa se naam Betuel is. Oupa se naam is Nahor......

Dit was die bevestiging! God het waarlik voorsien! Het Abraham dan nie gesê dat hy wens dat een

van sy broer Nahor se kleindogters vir Isak ‘n vrou sal wees nie? Wat is die kanse dat ‘n man 1300km ver reis, en dat die presiese meisie waarvoor hy gevra het die eerste sal wees om hom buite ‘n stad te ontmoet by ‘n fontein? Boonop nog dat sy presies die regte dinge sou sê! Dit is ‘n totale onmoontlikheid! Maar by God is niks onmoontlik nie. Nét daar val hy in aanbidding voor die Here neer, en dank Hom vir Sy leiding.

“’n Wonderwerk!” wil ons uitroep. “Maar sulke soort wonderwerke gebeur mos nie vandag meer nie......”

Werklik? As ‘n mens jou oë net ‘n slaggie oopmaak, sien jy elke dag wonderwerke gebeur, dinge wat net eenvoudig nie anders kan beskryf word as totaal onverklaarbaar nie. In my eie lewe sien ek daagliks “alledaagse” wonderwerke gebeur. Die feit is egter dat ek in elkeen van hulle God se hand kan sien.

Dit is eers wanneer jy waarlik totaal afhanklik raak van God, dat jy die wonderwerke begin raaksien, en dat jy wéét: God voorsien!

Die verhaal van Isak en Rebekka behels egter véél meer as slegs

‘n wonderwerk. Dit vertel ook weereens van God se groot genade, want uit hierdie gesin se nageslag word die Verlosser, Jesus Christus gebore sodat verlossing uit die ewige verderf beskikbaar is vir enigeen wat “Ja” sê vir God se genade!

Gebed:

Here, vanoggend wil ek ook soos daardie slaaf in aanbidding voor U neerval. Ek herken U wonderbare hand in alles in my lewe!

# 9

# Immanuel – God-Met-Ons!

## Genesis 28:11-22

## VIDEO * OUDIO

Jakob is fisies en emosioneel totaal uitgeput as hy sy moeë liggaam op die harde grond neerlê, sy kop op 'n plat klip. Genadiglik kom die slaap feitlik oombliklik.

Uit Isak en Rebekka se droom-huwelik is 'n tweeling gebore. Esau was eerste, en kort op sy hakke Jakob, met sy handjie stewig om boetie Esau se hakskeen. "Haakskeengryper" word hy genoem. Later sou hy

eerder bekendstaan as “Bedrieër” omdat hy sy broer se eersgeboortereg en seën op bedrieglike wyse gesteel het. Toe moes hy vlug vir sy lewe!

Skaars het hy sy kop op die klip neergelê, dan begin Jakob droom, ‘n klokhelder droom met elke klein detail so duidelik soos die werklikheid sélf. Hy staan voor ‘n stel trappe wat reik tot rég in die hemel! Dan merk hy die skares engele wat met die trappe op- en afklim.

Terwyl Jakob hom nog so staan en verwonder aan hierdie eienaardige leer, staan God Sélf, persoonlik aan die bopunt van die

trappe. Het God uit die hemel gekom om Hom, Jakob, Hakskeengryper, bedrieër te kom veroordeel? Hy mag dalk Esau se wraak kon ontvlug, maar nou het God hom gekry om te boet vir sy sondes! Hy het sy broer besteel, vir sy pa gelieg en hom boonop op verraderlike wyse mislei. Hy het tweespalt gesaai in die gesin van God. Vandag is die dag dat God se oordeel hom verteer!

Maar dan kom die verrassende: God veroordeel nie: “Ek is die Here, die God van jou voorvader Abraham, en die God van Isak. Die grond waarop jy lê – aan jou en jou nageslag gee Ek dit. Jou

nageslag sal wees soos die stof van die aarde. Jy sal uitbrei na die weste, die ooste, die noorde en die suide. Deur jou en jou nageslag sal al die grootfamilies van die aarde geseënd wees. Kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou beskerm oral waar jy gaan. Ek sal jou laat terugkeer na hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou beloof het." (Gen. 13:13-15)

Jakob ontdek dat God baie groter is as wat ons menslike verstand kan begryp. Hy ontdek dat God nie net kyk waar Hy mense kan straf en veroordeel nie. Ons wil God visualiseer in terme van ons

eie menslike waardes, maar God kan nóóit gemeet word in menslike terme nie. Hy is só anders as ons en Hy dink so verrassend anders. Hy ken ons deur en deur. Ja, God het presies geweet van Jakob se stryd en natúúrlik dat Jakob alreeds besig was om die duur prys te betaal vir sy wandade. Daarom kom deel Hy nie verdere slae uit nie. Inteendeel, Hy kom bemoedig Jakob wanneer hy dit die nodigste het. Is dít nie genade nie?

Skielik skrik Jakob wakker. Dis pikdonker. Hy spring regop. Die trappe na die hemel is weg, óók

die duisende engele. En God? Hy tas in die donker rond, maar daar is niks! Net die oorverdowende stilte! Jakob se hart klop in sy keel. Hy bewe van angs. “Ek het God ontmoet! Ek het nooit besef dat God ook híér is nie. Ek het gedink dat Hy net daar by Pa Isak is!”

Dan kom Jakob tot die slotsom: “Dit is niks anders as die huis van God nie. Dit is die poort na die hemel!” (Gen. 13:17).

As die son se eerste strale die lug rooi verkleur, bou Jakob ‘n monument vir die Here. Vol ontsag neem hy die klip wat die nag onder sy kop was, en sit hom

regop neer. Sy bietjie kosbare olie word gebruik om die klip te salf. Plegtig noem hy die plek “Bet-El” - huis van God. Hierdie klippilaar sal ‘n getuie wees van sy héél eerste ontmoeting met God. Dan val Jakob neer in gebed voor God: “As U met my sal wees en my sal beskerm op hierdie pad waarop ek nou gaan, en vir my kos gee om te eet en klere om aan te trek, en ek ongedeerd terugkeer na my familie, dan sal die Here my God wees, en sal hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, 'n huis van God wees; en ek sal van alles wat U vir my gee, getrou tiendes aan U afstaan.”

Na ‘n ontmoeting met God is géén mens ooit weer dieselfde nie. Jakob, die vlugteling het Jakob die pelgrim geword, ‘n man met ‘n missie. Die man wat eers onverskillig teenoor God en sy medemens geleef het, maak nou ‘n gelofte aan God!

Die lewe kry skielik nuwe betekenis wanneer jy die Here ontmoet. Alles verander, en jy begin met splinternuwe oë na dinge kyk. Jy ontdek dat God nie maar vasgevang is in ‘n kerkgebou nie, maar dat Hy oral is waar jy is. Jakob het ontdek dat God “Immanuel” is, God-Met-Ons. Op sy lang reis na Haran sou

God tree-vir-tree saam met hom stap. Tweeduisend jaar later word dit nóg duideliker wanneer Jesus gebore word, en vir ‘n kort rukkie kon mense hierdie Immanuel-konsep fisies ervaar. Vandag weet ons dat Jesus stééds Immanuel is, en al kan ons dit nie verstaan nie, kan ons tóg weet en dit ervaar dat Hy elke tree van die lewenspad saam met ons stap. In Matt 1:23 word dit duidelik uitgespel, en regdeur die Nuwe Testament lees ons dit, tot in Openbaring 21:3. Nét soos Jakob dit daardie nag ervaar het, so is Jesus vandag by ons!

Gebed:

Here, soos Jakob voor U neergeval het in aanbidding, wil ek ook vandag voor U neerval. Maar nie in vrees en bewing nie, maar in dankbaarheid en blydskap omdat U Immanuel is, God-Met-My!

# 10

# **Vergifnis**

# **Genesis 33:1-20**

**VIDEO * OUDIO**

Hinke-pink loop Jakob om sy gesin van agter in te haal. Regdeur die nag het hy met God geworstel by die Jabbokspruit. Dit was ‘n uiters traumatiese ervaring! Hy leun swaar op sy kierie want hy verkeer in groot pyn in sy sy, waar God sy heup uit sy potjie geslaan het!

Maar sy pyn is skielik vergete as hy ‘n groot stofwolk in die verte sien aankom. In sy binneste wéét Jakob: “Dis Ouboet Esau op die

oorlogspad!” Soos wat die stofwolk nader kom, groei Jakob se angs: “Vandag is die dag dat my broer my liggaam vir die aasvoëls voer!” Haastig sluit Jakob hom by sy gesin aan en begin organiseer om die impak minder te maak. Die slavinne en hulle kinders word voor in die linie geplaas, dan kom Lea en haar kinders, en heel agter Ragel met haar kindertjies. En dan gaan staan Jakob héél voor en wag met ‘n kloppende hart vir sy einde…...

Vir twintig jaar het Esau se woede teenoor sy broer wat hom so ingedoen het opgebou, en hier

kom hy nou aangejaag met vierhonderd soldate om vir Jakob met sy “leër” van weerlose vrouens en kindertjies te kom uitwis! Vir ‘n vlietende oomblik wonder Jakob of Esau darem die geskenke gekry het wat hy vooruit gestuur het? Soos hy Esau ken sou hy sekerlik die hele lot vrekgemaak het uit pure woede vir sy broer, skape, bokke, kamele én slawe! Hy sal nooit daardie dag vergeet toe Esau gesweer het dat hy hom gaan vermorsel nie! Was dit nie vir Pa Isak nie……

Jakob kon dit na jare se harde arbeid vir Skoonpa Laban, nie

meer vat nie, en die oomblik toe Laban weg is om skape te gaan skeer, móés Jakob net eenvoudig haastig oppak en met sy vrouens, kinders en al sy besittings terug na Kanaän trek, sonder om eers te groet!

In ‘n stofwolk ruk Esau sy perd tot stilstand en hy spring af. Jakob buig diep. Dalk sal dit sy broer se hart ‘n bietjie sagmaak. Grootoog kyk Jakob toe hoedat sy woeste rooikop broer aangestorm kom. Hy buig weer, baie diep. Sy heup pyn ondraaglik, maar hy byt vas! Net vir die wis en onwis buig hy weer ‘n slag - sommer sewe maal. As Esau by hom kom gryp

hy hom .......... en **SOEN** hom! Jakob kan sy oë nie glo nie: sy wilde, woeste, wrede broer Esau **soen** hom dan! Waarom maak hy hom nie dood nie?

Jakob bars in trane uit. Hy omhels sy broer wat hy twintig jaar laas gesien het. Saam huil die twee geharde manne dat die trane spat!

Wanneer hulle tot bedaring kom, wil Esau weet: "En al hierdie mense by jou? Wie is die spul vrouens en kindertjies?" En dan verduidelik Jakob dat hulle almal syne is. Die Here het hulle in Sy groot liefde vir Jakob gegee.

Ek dink dat jy vir Esau met 'n

veertjie kon omslaan. Toe hy laas vir Jakob gesien het, was dié nog ‘n regte mamma-se-seuntjie wat aan Ma se rokspant vasgeklou het. En nou? Nou sit hy met ‘n string vrouens en ‘n dosyn klein kindertjies! Ja, hy het nog gedink dat dit Jakob se einde is toe hy die dag daar soos ‘n bang hond weggevlug het met net sy kierie. Wat het met Jakob gebeur dat hy so vooruit geboer het?

“En daardie baie geskenke wat jy vir my gestuur het?” wil Esau weet. “Waarom?” Jakob verduidelik dat hy die troppe skape, bokke en kamele gestuur het om vir Esau te laat weet dat

hy in vrede kom. “Kyk, ek is sélf ‘n skatryk man,” wil Esau nog teëpraat, “ek het rêrag nie sulke groot geskenke nodig nie!” Maar Jakob dring daarop aan dat Esau sy geskenk aanvaar. En so is die twee broers dan weer uitmekaar, hierdie slag in liefde en vrede.

Jakob het vir baie jare met skuldgevoelens in sy binneste rondgeloop teenoor sy broer Esau. Esau, aan die ander kant, het nie toegelaat dat wraak sy lewe oorheers nie. Hy het lankal vrede gemaak daarmee dat Jakob hom gekul het. Het Jakob tog maar net geweet! Dit is dáárom dat Jakob so verskriklik

formeel is by die ontmoeting, maar Esau kom groet hom soos ‘n ware broer behoort te doen.

By Sukkot, nie ver van sy Jabbokspruit-ervaring nie, slaan Jakob kamp op, en daar bou hy vir hom ‘n huis. Later trek hy verder suid tot by Sigem. Hy koop vir hom ‘n stuk grond en bou ‘n altaar, net soos Oupa Abraham voor hom gedoen het. Sy rondswerwe het tot ‘n einde gekom. Jakob het uiteindelik in die beloofde land aangekom. Weereens sien ons God se groot genade, dié keer teenoor iemand wat berug was daarvoor dat hy mense bedrieg het. God vergewe

hom en maak hom ‘n groot nasie!

Dit is so hartseer wanneer broers en susters vir jare in vyandskap met mekaar lewe. Ek hoor daagliks daarvan. As jy dalk een van hulle is, wil ek vandag by jou smeek om tóg maar te vergewe en vrede te maak. Die liefde waarvan Jesus praat, is nie net bedoel vir jou medemens nie, maar veral ook vir jou eie bloedfamilie, jou broers en susters. Dalk het hulle jou liederlike leed aangedoen - vergewe asseblief! Esau het alle rede gehad om Jakob nét daar dood te maak. Maar die een van wie ons dit die minste verwag het

sy broer vergewe. Kom ons volg die wilde, woeste Esau se voorbeeld na, en gaan maak vrede.

Gebed:

Here, my gebed gaan uit na soveel gelowiges wat vandag in haat lewe met hulle eie broers en susters. Leer asseblief aan elkeen wat so leef om te vergewe en te versoen!

11

# Josef in die Put

## Genesis 37:12-36

**VIDEO * OUDIO**

Die verhoog word opgestel vir ‘n toneelstuk propvol intriges. Net - dit is nie ‘n toneelstuk nie, maar ‘n verhaal met regte mense, en dit laat jou hare regop staan! In die hoofrol, die snuiter wat sy broers verklik het en homself boonop aanstellerig hou oor sy hele familie. Sy neus-in-die-lug houding begin maak dat niemand meer van hom hou nie, dat selfs sy eie broers hom haat met ‘n passie.

Jakob se seuns het baie ver gaan wei met die vee. Dit is nou ál sy seuns buiten die witbroodjie Josef. Waarom hy nie saam met hulle is nie, kan ons maar net raai. Is dit omdat hy homself nie wou verwerdig om saam met hulle in die veld te wees nie, of is dit omdat Pa Jakob hom voorgetrek het?

Die seuns is in die omgewing van Sigem met die vee. Jakob is bekommerd, want dit is mos in Sigem waar sy seuns die manne wat hulle suster Dina verkrag het, uitgemoor het. Die inwoners van Sigem is steeds bitter omgekrap oor hulle optrede, en daar kan nét

moeilikheid kom. Einde ten laaste word Josef gestuur om te gaan kyk of dit darem nog goed gaan met sy broers.

Wanneer Josef by Sigem kom, is hulle nêrens te vinde nie. Op navraag verneem Josef dat hulle na Dotan is, en Josef vertrek verder op sy reis. Nou is hy alreeds ‘n honderd kilometer van sy huis in Hebron af.

Jakob se seuns sit by hulle skape onder ‘n koelteboom. “Kyk nou net wie kom daar aangewals”, merk een van hulle verbaas op. “Daardie klere sal ek oral herken!” Josef is nog baie ver as hulle hom sien, en onmiddellik styg die

humeure. “Wat kom maak hy hier? Kom spioeneer hy alweer op ons? Ek voel sommer lus en sny hom keelaf!" Die idee begin posvat onder die manne. “Kom ons raak vir goed van hom ontslae, ons het nie sy soort nodig nie!” Jy sukkel nie met Jakob se seuns nie. Hulle het al bewys dat iemand wat hulle te na kom beslis tweede-beste daarvan gaan afkom!

“Haai, luister ouens, hy is darem ons broer! Ons kan hom mos nie net so staan en elimineer nie!” Ruben se gewete pla hom. Hy het hoeka al so ‘n skande oor die familie gebring toe hy sy pa se

slavin-vrou verlei het. Hy wil nie nou nog ‘n broeder-moord ook op sy gewete hê nie. Maar die manne lag hom uit: “Het jy nou sag in die kop geword Ruben?” Ruben wil nog protesteer, maar dan dink hy aan ‘n plan om sy klein boetie te red: “Kom ons gooi hom in daardie droë put,” stel hy voor. “Daar sal hy nooit lewendig uitkom nie!” So ‘n put was gewoonlik bottelvormig, met ‘n klein opening bo, waarop ‘n klip geplaas is. As jy daarin sou beland is dit klaarpraat, want niemand kan daar uitklim sonder hulp nie. Ruben beplan om later, wanneer niemand hom sien nie, vir Josef te gaan red.

Maar dinge werk anders uit as wat hy of sy broers beplan het. ‘n Groep nomadiese handelaars kom verby, en skielik maak dit vir die manne nuwe vergesigte oop. “Kom ons verkoop hom! Dan is ons vir goed van die laspos ontslae, en dan kry ons darem nog geld vir hom ook!” Almal hou van die gedagte, en die Midianiete word nader gewink vir die transaksie. Josef behaal twintig silwerstukke, ‘n gangbare prys vir ‘n jong slaaf. Om ‘n familielid te verkoop as slaaf was daardie tyd as ‘n baie ernstige misdaad beskou, en dit het die doodstraf verdien. Maar dit het hierdie manne min gepla.

Josef se mooi klere word bemors met die bloed van ‘n skaaplam. Met lang gesigte kom sy broers ‘n week of twee later by Pa Jakob aan met die klere wat hulle "in die veld opgetel het”. Met gesigte wat drup van die onskuld, wil hulle by Pa Jakob weet: “Is dit nie dalk Josef s’n nie?”

Jakob is verpletter oor die dood van sy seun, sy liefling-seun. “Dit kon maar net ‘n roofdier gewees het,” snik hy. En sy seuns stem saam!

Tog snaaks hoe die geskiedenis homself herhaal: Jakob het sy pa bedrieg met ‘n bokkie, en nou bedrieg sy eie seuns hom weer

met ‘n bokkie se bloed. Jakob kry sy eie medisyne terug. Sy seuns probeer hom skynheilig troos, maar hy is troosteloos. Sy seuntjie is opgevreet deur ‘n roofdier. Hoe afgryslik!

Intussen is Josef aan Potifar in Egipte verkoop. Kyk net hoe het ‘n reeks klein dingetjies van nuus aandra en aanmatigend optree, opgehoop tot ‘n reuse berg van ingewikkelde intriges. Geen intrige is eenvoudig nie, en dit is nie net een party wat skuldig is nie. Mense bewerk dikwels hulle eie ellendes.

Ons wil amper vra: “Maar hoe kon God toelaat dat hierdie

verskriklike dinge met Josef en Jakob gebeur?” Om dit egter te verstaan, moet ons die hele verhaal lees soos dit oor baie jare sou ontvou. Die geheel prentjie maak dat ons in verwondering die asemrowende voorsiening van die Almagtige God sien, hoe Hy selfs verfoeilike menslike intriges laat werk het om Sy groot doel te bereik.

Ten spyte van Josef se aanvanklike snobisme en ten spyte van sy broers se haat, kom God in Sy groot genade en gebruik die netelige situasie júís uiteindelik om die hele gesin te red van ‘n gewisse hongerdood.

God se genade werk baie anders as wat ons dikwels beplan!

Gebed:

Here, hierdie verhaal gevul met menslike intriges, laat ons maar net weereens besef dat U ten volle in beheer is, al lyk dinge vir ons soms so duister!

# 12

# **Jakob trek na Egipte**

## Genesis 46

**VIDEO * OUDIO**

Jakob (oftewel Israel) is so opgewonde soos ‘n klein seuntjie op pad Margate toe. “Josef leef!” Hy kan net nie ophou dans en sing nie. “My seun, Josef leef sowaar. En hy heers oor die hele Egipte! Hoe is dit óóit moontlik?”

Na die traumatiese herontmoeting van Josef en sy broers, word hulle teruggestuur na Jakob om hom die nuus mee te deel dat Josef leef. Oor en oor moet hulle aan hom verduidelik van Josef en

sy drome, en hoe hy die Farao se droom uitgelê het. “En vertel my weer ’n slag van daardie lelike poets wat Josef julle gebak het.” En hulle moet vertel van hoe hulle laag voor Josef moes buig, en van sy strak gesig wat absoluut niks verraai het nie. En dan kraai die ou man van die lag, en die trane loop oor sy wange van pure lekkerkry. “Hy het julle darem lekker gevang né?” En dan onthou Jakob van die drome wat Josef gehad het voor hy verdwyn het, en die ander een toe die son, maan en sterre voor hom moes buig. “Nou maak alles sin!” besef Jakob. “God het twintig jaar gelede al vir Josef laat verstaan

dat almal, selfs sy eie familie voor hom sou buig! Nou word alles duidelik!”

Op Jakob se werf is daar ‘n baie groot gewerskaf, want hulle moes gereedmaak vir die gróót trek na Egipte, waar hulle vir die volgende vyf jaar gaan bly totdat die droogte verby is. Min het hulle egter geweet dat daardie vyf jaar uiteindelik ‘n volle vierhonderd jaar sou word!

Om Jakob en sy gesinnetjie te laat trek, is nou nie juis ‘n geringe takie nie. Sy kinders en kleinkinders en díé se kinders tel al ‘n volle sewentig, en dan is daar nog al hulle vrouens en ‘n

magdom slawe. As almal bymekaar getel word, is daar ‘n paar honderd van hulle. Maar dis ook nie waar die logistieke probleme ophou nie, want hulle veekuddes loop die hele Kanaän vol. Daar is letterlik derduisende skape, bokke en beeste, nou wel almal uitgeteer van die droogte, maar hulle is steeds daar.

Dan, een nag gebeur die wonderlike weer met Jakob: In ‘n visioen kom die Here na hom: “Ek is God, die God van jou vader. Moenie bang wees om af te trek na Egipte nie, want Ek sal daar van jou 'n groot nasie maak. Ek self sal saam met jou aftrek na

Egipte." Nou weet Jakob dat hy die Here se wil doen, en nou kan hy met 'n geruste hart vertrek. Min het Jakob geweet hoe geweldig waar die Here se woord daardie nag aan hom was. Die Here het belowe om Jakob 'n groot nasie te maak in Egipte. Jakob se sewentig nasate sou aangroei tot meer as drie miljoen mense teen die tyd dat hulle uiteindelik weer Egipte sou verlaat.

Jakob was sy hele lewe lank gewoond om te voet te gaan waar hy wou kom. Maar hierdie slag ry hulle in styl. Josef het spesiaal gereël dat daar waens gestuur

word om die vrouens en kinders te vervoer. Juda word vooruit gestuur om Josef te laat weet dat die groot trek begin het. Jakob is op pad! Wanneer Josef hierdie boodskap kry, besluit hy dat sy pa darem ‘n bietjie beter behandel moet word as om op ‘n gewone ou wa te ry. “Span my persoonlike wa in!” Nou word daar nie in die Bybel vir ons vertel hoe sy wa gelyk het nie, maar ek kan myself voorstel dat die tweede in bevel in Egipte darem ‘n baie grênd wa moes gehad het. Dit moes ten minste ‘n Rolls Royce gewees het, met lugreëling en sagte sitplekke en al die luukshede wat ‘n koninklike sou betaam!

As Josef se blink wa voor Jakob se tent stilhou, kan Jakob dit eers nie glo nie. Almal vergaap hulle aan al die blink en goud en luukse. Dan tree Josef te voorskyn. Die klomp snak na hulle asems: ’n Egiptiese prins! Hy hardloop na sy pa toe en omhels hom. En die trane loop, want die blydskap is baie, baie groot. Vir twintig jaar was sy liefling-seun dood, en hier staan hy nou in lewende lywe voor hom. “Nou is ek tevrede,” snik Jakob, “nou kan ek maar sterf, my seun is terug.”

En so vertrek Jakob en sy gevolg na Egipte. Jakob ry saam met

Josef in sy luukse wa, en vir die eerste keer in sy lang, lang lewe sak hy weg in die donsige kussings van ‘n koninklike wa. “God is goed,” jubel dit in hom. “God is groot, en Hy is genadig en almagtig!”

Alles het nou ‘n volle sirkel gekom - wel byna! Abraham se nasaat was ‘n groot en magtige heerser. Sy nageslag was besig om met astronomiese getalle te groei. Sy kleinseun was skatryk. Daar was nog net een ding wat moes gebeur: Sy nageslag moes die land Kanaän in besit neem. Maar daarvoor sou hulle nog vierhonderd jaar moes wag, want

hier in Egipte moes hierdie gesin eers groei tot ‘n groot volk. En hier kry hulle uiteindelik die groot leier, Moses wat hulle moes lei om die beloofde land in besit te neem namens God.

Regdeur die boek Genesis sien ons God se groot genade, selfs wanneer mense dikwels struikel. Na Genesis breek ‘n splinternuwe era aan. Sou God se genade steeds hou?

Gebed:

Here, hierdie wonderlike verhaal van Abraham, Isak en Jakob het my net weereens verryk. Dankie dat U Woord elke keer so vars en nuut is wanneer ek dit lees, en

elke keer tot my hart spreek, selfs deur die ou verhale. En dankie dat ek U groot genade regdeur dit alles sien!

13

# Die Doringbos wat Brand

# Eksodus 3:1-7

## VIDEO * OUDIO

Die prins uit Egipte, Moses pas skape op! Vernederend! Jare later is die grootste koning in die geskiedenis van Israel, Dawid, óók aanvanklik ‘n skaapwagter. Inderdaad ‘n nederige werk! Maar hier eindig dit óók nie, want wanneer Jesus, die Seun van God na die aarde neerdaal, beskryf Hy Homself as ‘n Herder, ‘n Skaapwagter, en Hy gee dan ook aan die groot apostel Petrus die opdrag om te gaan “skape

oppas”.

Wat is dit aan hierdie nederige beroep dat dit verbind word aan die héél grootste name in die geskiedenis? Is dit dalk die feit dat dit daar in die eensaamheid van die veld, waar jy hope tyd het om te dink, jou baie naby aan God bring? Dink maar aan die mooiste van die Psalms wat deur Dawid geskryf is, “Die Here is my Herder......”

Moses was “ontdek” deur die Farao se dogter, waar hy as baba weggesteek was in ‘n mandjie tussen die riete. Hy was deur haar “aangeneem” en grootgemaak as ‘n Egiptiese

prins. Hy moes egter vlug vir sy lewe nadat hy ‘n Egiptenaar vermoor het, en dis hoe hy in die woestyn beland het waar hy die vernederende werk moes doen van skaap-oppas.

Inderdaad het hierdie werk hom baie naby aan God gebring, baie nader as wat hy óóit sou kon droom! Dit het gebeur terwyl hy met sy skoonpa se kleinvee getrek het tot by die berg Horeb om vir hulle genoeg weiding te kry, dieselfde berg wat later Sinai genoem word.

Intussen lees ons in Eksodus 2:23: “Die Israeliete het gesug onder die slawewerk en om hulp

geroep. Hulle hulpgeroep oor die slawewerk het opgestyg na God. God het hulle gekreun gehoor."

Inderdaad het God beplan om 'n groot leier te stuur om hierdie volk te red, 'n man wat baie goed bekend was met die koningshuis in Egipte. Hierdie groot leier wat die volk Israel moes red, was egter rustig besig om in die woestyn rond te swerf, agter 'n trop skape aan! Later sien ons dit telkemale dat groot leiers eers in die eensaamheid van die woestyn afgesonder word voor hulle groot taak. Selfs Jesus moes hierdeur gaan!

En dan gebeur dit: Terwyl Moses

by sy skape sit aan die voet van die berg Horeb, merk hy ‘n eienaardige verskynsel op - ‘n doringbos wat brand. Die bos wat brand was nie soseer snaaks nie, maar toe dit na ‘n lang ruk nog steeds brand, en nie uitgebrand raak nie, begin Moses snuf in die neus kry. Nuuskierig om te sien wat hier aan die gang is, bestyg hy die berg. En dan, as hy naby die bos kom, skrik Moses hom yskoud as ‘n stem uit die bos hom aanspreek!

In Gen 3:2 word gemeld dat die Engel van die Here in die vlamme aan Moses verskyn het. “Engel” beteken letterlik “Boodskapper”.

Baie teoloë is dit eens dat die “Engel van die Here” verwys na die Tweede Persoon van die Goddelike Drie-Eenheid, die Seun, oftewel Jesus soos Hy in die Nuwe Testament openbaar word.

God verskyn hoorbaar en sigbaar aan Moses, nie in ‘n heilige tempel nie, maar iewers in die veld. En ook nie aan ‘n gewyde priester of “heilige” nie, maar aan ‘n voortvlugtende moordenaar. God se optrede word baie beslis nie deur mense of omstandighede bepaal nie!

God se oorweldigende teenwoordigheid verander die stof

en klippe van die Midean woestyn in ‘n heiligdom, en Moses kry die bevel om sy skoene uit te trek. So oorweldigend is die teenwoordigheid van God, dat Moses sy gesig toemaak. Hy is te bang om die heiligheid van God te aanskou!

“Ek is die God van jou voorvader, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob.” Só stel die Here Homself aan Moses voor. “Ek het die ellende van my volk wat in Egipte is, duidelik gesien. Hulle noodkreet oor hulle slawedrywers het Ek gehoor. Ja, Ek ken hulle lyding.” Dan sê die Here dat Hy afgekom het om

hulle te red. Maar Hy wil vir Moses gebruik om die reddingsdaad uit te voer.

In die eerste twee hoofstukke van Eksodus word die Naam van God nie eers gemeld nie. En dan wonder jy: Waar is God dan te midde van al die swaarkry. Uit wat ons later in die verhaal lees, kan ons aanneem dat die volk van God vergeet het en dat baie van hulle die Egiptiese gode aanbid het. En skielik, op 'n oomblik wanneer jy dit gladnie verwag nie, verskyn God oorweldigend, asemrowend.

Het jy dit nie al in jou eie lewe ervaar nie? Ek het! Wanneer jy

die dag begin dink dat God van jou en jou ellende vergeet het, dan verskyn Hy op ‘n verrassende, en dikwels oorweldigende wyse wanneer jy dit die minste verwag. Nee, Hy is nooit weg nie, en Hy vergeet nie van jou nie. Maar God se tyd is anders as ons s’n. Dit moet ons besef. Ons kan nie aan Hom voorskryf nie.

Ons sien egter ook Sy groot genade in hierdie verhaal, want al het die volk van Hom vergeet, sien Hy hulle nood raak en Hy gebruik die beste leier wat bestaan om hulle te red.

Gebed:

Here, dankie dat ons uit die verhaal van Moses kan leer dat U nooit van ons vergeet nie - dat U altyd daar is, en dat U ‘n plan het vir ons lewens!

14

# Moses se Opdrag

# Eksodus 3:7-22

**VIDEO * OUDIO**

Moses staan kaalvoet op die brandende woestynklippies in vrees en bewing voor God teen die hange van die berg Horeb. Sy gesig is bedek, want hy is te bang om God te aanskou, dié God wat hy gladnie ken nie. In die paleis is hy opgevoed om Ra, Isis en Osiris, die gode van Egipte te aanbid, dooie gode wat in tempels aangehou word en deur priesters bedien word. Niemand het hulle nog ooit hoor praat nie,

al wil die priesters soms voorgee dat hulle in gesprek was met die gode. Maar Moses ken daardie skelm klomp priesters se streke baie goed!

Hier het hy egter nou skielik uit die bloute te doen met 'n Lewende God, Een wat met hom praat! "Ek het die ellende van my volk wat in Egipte is, duidelik gesien. Hulle noodkreet oor hulle slawedrywers het Ek gehoor. Ja, Ek ken hulle lyding."

Anders as die gevoellose, dikwels wrede gode van Egipte, gee hierdie God om! Hy sien die lyding raak!

Dan verduidelik God vir Moses

dat Hy die volk gaan bevry uit Egipte en dat Hy hulle gaan laat trek na ‘n uitgestrekte land wat oorloop van melk en heuning. Moses luister in verwondering. Hy het lankal besluit dat hy beslis nie meer ‘n Egiptenaar is nie, maar dat hy eintlik deel is van daardie volk wat so swaarkry onder sy stief-oupa se klipharde hand. Inderdaad het die berigte Moses bereik dat die ou man dood is, en dat daar ‘n nuwe Farao in sy plek is.

As Egiptiese prins het Moses geleer van hierdie land waarvan God praat, en hy weet maar al te goed dat hierdie beslis nie ‘n

onbewoonde land is nie. Nou herinner God hom ook aan al die verskillende volke wat daar woon of wat ‘n aandeel in die land het. Ja, nie alleen is daar die Semitiese volke wat al vir baie jare die land bewoon nie, maar daar is ook volke soos die magtige Hetiete van Klein-Asië wat daar ‘n aandeel het.

En dan skrik Moses hom yskoud as hy God hoor sê: “Daarom stuur ek **JOU** na die Farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”

Moses voel sy knieë knak: “Ek Here? Nee dit kan tog nie wees nie! Wie is ek dan nou? Ek kan dit

nie eers waag om naby die Farao te kom nie!” Skielik doem die prentjie voor Moses op, van driemiljoen weerbarstige Israeliete aan die een kant, en ‘n woedende Farao aan die ander kant wat van sy dwangarbeiders beroof word. Hierdie is moeilikheid soek!

“Ek sal by jou wees.” verseker God vir Moses, as Hy sien hoe bang Moses skielik geword het.

Dan besef Moses dat hy nie eers weet Wie hierdie God is nie. Al wat hy weet is dat dit die God van sy voorvaders is. Maar Wie is Hy? “Wat moet ek vir die volk sê - wie is dit wat my gestuur het? Ek

weet nie eers wat U Naam is nie!"

Toe antwoord God vir Moses: "Ek Is Wie Ek Is. Sê vir die Israeliete, 'Ek Is het my na julle gestuur.' " Moses moet vir die Israeliete verduidelik dat Hy die God is van hulle voorvaders, van Abraham, Isak en Jakob - hulle sal wél verstaan! Hy moet ook vir hulle sê dat God hulle nog nooit vergeet het nie, en dat Hy baie deeglik bewus is van wat die Egiptenare aan hulle doen, en dat Hy besluit het dat Hy hulle gaan laat wegtrek uit daardie ellende na die wonderlike land van melk en heuning. "Die leiers van Israel sal na jou luister," verseker God vir

Moses.

Om die Israeliete te oortuig, is slegs die eerste deel. Maar dan kom die groot taak - om die Egiptiese Farao te oortuig! God berei dan ook vir Moses voor, dat die Farao beslis gaan weier! Maar Moses moenie bekommerd wees nie, want God is in beheer, en Hy sal sorg dat die Farao hulle uiteindelik sal laat gaan.

Vir Moses moes hierdie opdrag van God aan hom baie groter gelyk het as die berg Horeb hier voor hom. Kom ek en jy nie ook dikwels te staan voor sulke "onmoontlike" opdragte van God nie? Dan wil ons probeer kop

uittrek, want ons sal dit nóóit kan regkry nie!

God het wonderlik voorsien! Ons ken almal die verhaal van die Farao se weiering, die tien plae en die uittog. Ten spyte van Moses se onwilligheid en sy spraakgebrek, het God hom een van die grootste leiers óóit gemaak! Hy het geleer om God ten volle te vertrou, selfs toe hulle teen die Rietsee vasgekeer was, en dit gelyk het asof daar géén uitkoms was nie! God se genade vir Moses asook die volk Israel was onmeetlik groot, ten spyte van hulle weerbarstigheid en gedurige gemor.

En wat van die opdrag wat God vir jou gegee het? Staan jy steeds en verskonings uitdink om daar uit te kom? Het jy dalk nie gehoor toe God vir jou gesê het dat Hy vir jou die wysheid en krag daarvoor sal voorsien nie? Wees vandag verseker dat God se onmeetlike genade steeds vir jou daar is in oorvloed!

Gebed:

Here, maak my asseblief gewillig om te doen wat U van my vra. Ek besef vanoggend weereens dat U my nie alleen los nie, maar dat U my deur U taak sal dra!

15

# Josua se Opdrag

# Josua 1:1-18

**VIDEO * OUDIO**

"Ek sal by jou wees." Is dit nie die mees bemoedigende woorde wat jy ken nie? Jeremia het daardie versekering van die Here gekry toe hy sy moeilike opdrag moes gaan uitvoer (Jeremia 1:8). Jesus het dit ook vir die dissipels gesê met Sy hemelvaart (Mat 28:20). En hier belowe Hy dit vir Josua (Jos. 1:5).

Veertig jaar tevore het Moses die opdrag gekry om die volk Israel uit Egipte te lei na die beloofde

land. As gevolg van die volk se weerbarstigheid, het hulle egter nooit daar uitgekom nie. Toe Moses 120 jaar oud is, kry hy opdrag van die Here om vir Josua, ‘n man vol van die Heilige Gees aan te stel as die nuwe leier van Israel. Moses moes hom die hande oplê en hom seën vir die reuse taak wat op sy skouers sou rus, om uiteindelik die volk in die land in te lei.

'n Tyd later het Moses na die Moabsvlakte vertrek waar hy tot op die piek van die Neboberg naby Jerigo geklim het. Hiervandaan kon hy die hele Beloofde Land sien. Moses was

nou gereed om die ewigheid in te gaan. Hy het gesterf en die Here het hom persoonlik iewers op die Moabvlakte begrawe, maar sy graf is nooit gevind nie (Deut. 34).

En so word die verhoog gereed gemaak vir Josua om die Beloofde Land in besit te neem vir Israel.

Josua neem oor by Moses, en sommer dadelik kry hy 'n opdrag van die Here om oor die Jordaanrivier te trek met die volk en die land op te eis. Dit klink só eenvoudig! Maar Josua gaan nie alleen nie, die Here is met hom – so belowe Hy vir Josua. Boonop gee die Here vir Josua die

versekering: “Ek gee vir julle elke plek waar julle kom.” Dan spel die Here vir hom uit presies waar die grense van hierdie nuwe land moet wees. Al wat Josua moet doen is om dit in besit te gaan neem.

Dit beteken egter nie dat Josua maar in sy leunstoel kon gaan sit en alles sou in sy skoot val nie. Dit sou van hom harde werk vra, en hy sou hom in mure vasloop. Dinge sou dikwels vir hom totaal onmoontlik lyk. Hy moes dus vasberade en dapper wees en hom deur niks van stryk laat bring wanneer hy by hierdie hindernisse kom nie. Bo alles

moes Hy die Here ten volle vertrou met sy hele lewe.

Dan gee die Here hom die versekering: “Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.” (Jos. 1:5).

Daar was egter 'n ander baie belangrike saak: “Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie.” (Jos. 1:7). Die Wet van die Here moet die rigsnoer wees vir hulle lewe so ver as wat

hulle gaan.

Tydens die Groot Trek het die ou Voortrekkers hulle Bybels in die wakis gehad voor op die waens. Dit sou die rigsnoer word vir hulle lewens wanneer hulle die vreemde intrek. Hoe kan dit ook anders? Vandag kan géén gelowige die lewenspad aandurf sonder daardie belangrike rigsnoer vir ons lewens nie. Maar jou Bybel moet nie maar net in jou "wakis" bly lê nie. Dit moet gebruik word en jy moet dit deel van jou alledaagse lewe maak. Ons kan nooit genoeg kry van God se Woord nie!

Wanneer Josua die opdrag van

God kry om die land in te neem, spandeer hy nie eers maande met voorbereidings en beplanning nie. Hy gee opdrag aan sy beamptes om die woord onder die volk te gaan versprei: “Kry padkos gereed – oor drie dae trek ons die land binne.” Dit beteken nie net ‘n groepie soldate nie, maar die héle, groot volk Israel. Dit sluit selfs ook diegene in wat vergunning gekry het om oos van die Jordaan hulle vee te gaan laat wei, die stamme van Ruben, Gad en Manasse. Oor drie dae! Dis sommer nóú. Josua laat nie gras onder sy voete groei nie!

Ons moet egter mooi verstaan

dat ons hierdie verhaal in konteks lees, en nie sommer aanneem dat ons blindelings God se opdragte moet uitvoer sonder enige beplanning nie.

As gelowiges is ons deel van 'n span wat moet saamwerk. Dit begin in my gemeente waar ek nie maar 'n kliek vorm saam met my ander selgroepmaats nie, maar waar die span die hele gemeente is. Om die gemeente te laat slaag, beteken dat ons almal saam skouer aan die wiel sit. As een van die ander groepe iets aanpak, ondersteun almal dit om dit te laat slaag. Maar dit gaan veel verder as net ons gemeente.

Ons is deel van 'n baie groter span wat al die ander denominasies insluit. En dit maak nie saak of die “ander span” swart of bruin of pienk is nie – ons is almal deel van die eenheid.

Almal is sommer dadelik opgewonde oor hierdie nuwe “avontuur” en ek kan my indink hoe daar in die kamp van die Israeliete rondgeskarrel is om alles betyds op te pak en gereed te kry. Hulle het immers veertig jaar gewag vir hierdie groot dag!

Gebed:

Here, ek is deel van 'n baie groot span. Help my om my oogklappe af te haal en deel te word saam

met die ander!

# 16

# Die Spioene en die Prostituut

## Josua 2:1-24

**VIDEO * OUDIO**

In die kamp van Israel is alles in rep en roer: “Ons trek!” Intussen is Josua hard besig om die inval te beplan. Hy besluit dat mens mos nie sommer so blindelings in 'n vyandige land kan instap nie, en dan kies hy twee betroubare manne om te gaan spioeneer en eers Jerigo te gaan verken want dit is die eerste stad in sy visier, reg oorkant die Jordaanrivier.

En so steek die twee spioene die grens oor. Die stadspoorte van

Jerigo staan oop en hulle glip ongesiens in. Maar hulle is vreemdelinge in 'n klein stadjie waar almal mekaar ken. Met groot ontsteltenis sien hulle hoedat die mense hulle met wantroue aankyk. “Ons sal 'n plan moet maak!” sê die twee vir mekaar. En dan sien hulle dit: op 'n bordjie by een van die huise in die stadsmuur staan die uitnodiging: “Besoek Ragab vir 'n goeie tydjie!”

Desperaat om van die nuuskierige oë weg te kom, glip hulle daar in. En dan, tot hulle groot ontsteltenis, moet hulle uitvind dat hulle hulleself in 'n

prostituut se bordeel bevind. “Wat nou?” wonder hulle hardop.

Ek weet nie wie van hulle die grootste geskrik het nie, Ragab die prostituut of die twee spioene. “Wat maak julle hier?” Sy herken hulle sommer dadelik as Israeliete. Jy kan hulle 'n myl ver uitken! En die dinge wat sy gehoor het van Israeliete is dat hulle 'n gevaarlike klomp is. Hulle reputasie het hulle vooruitgeloop. Die wonderwerk toe hulle deur die Rietsee getrek het en toe al die Egiptenare verdrink het, is veertig jaar later steeds op almal se lippe. En kyk net hoe hulle van die ander groot vyandelike volke

totaal uitgewis het sodat daar nie 'n lewende siel oorgebly het nie. Maar hierdie twee lyk dan gladnie so wreedaardig nie! Hulle is doodgewone manne. “Spioeneer julle op ons?” wil sy weet. “Gaan julle Jerigo ook kom uitwis?”

Die twee manne besef sommer dadelik dat hulle doppie geklink is. “Assblief, moenie ons weggee nie!” pleit hulle.

Haar hart word sommer dadelik sag vir hulle. Boonop het sy gehoor van hierdie God wat hulle aanbid en van die groot wonderdade wat Hy gedoen het. Sy wou meer weet van Hom, want sy het nou al agtergekom

dat die klipgode wat hulle aanbid 'n mite is. “Julle kan maar hier wegkruip. Wees gerus, ek sal niks sê nie!”

Dan is daar 'n gehamer aan haar deur. “Gou! Hardloop op na die dak toe!” beveel sy hulle. Daar kruip hulle weg onder 'n groot hoop vlas.

Dit klink asof die manne haar deur wil afbreek. Met 'n gesig wat oorloop van vriendelikheid, maak sy die deur oop vir haar “kliënte”.

“Waar is hulle?” bulder die soldaat. “Lewer dadelik daardie twee manne uit wat hier by jou is!”

“O, daardie twee?” vra sy onskuldig, en dit lyk asof botter nie in haar mond kan smelt nie. “Hulle is netnou weg. Is daar 'n probleem?”

“Waar is hulle heen?” wil hy woedend weet. “Hulle is spioene en hulle wil ons land kom verken!”

Gemaak verbaas vertel sy vir hulle dat sy nooit besef het wie hulle is nie, maar dat die twee manne hier uit is net voor die stadspoorte gesluit het. As hulle gou maak, haal hulle dalk nog die twee in! Wanneer die soldate weg is, sluit sy die deur en hardloop op na die dak waar die twee spioene steeds onder die vlas

wegkruip.

“Ek weet die Here gee vir julle die land; ons is skrikbevange vir julle, al die inwoners van die land bewe uit vrees vir julle.” Die vrou is baie bang. “Ek het julle goed behandel. Lê dan nou vir my 'n eed voor die Here af dat julle my familie ook goed sal behandel!” Die manne belowe haar dat sy niks sal oorkom nie. Sy moet net sorg dat haar familie by haar in die huis is en dat sy 'n rooi gevlegte tou by haar venster sal laat uithang. Op haar beurt belowe sy dat sy niks sal uitlap nie.

Wanneer alles bedaar het, laat

sak sy die twee manne met 'n tou deur haar venster buite die stadsmuur af met die opdrag dat hulle eers vir drie dae in die berge moet wegkruip om seker te maak dat hulle nie agtervolg word nie!

Ons ken die verhaal van die mure van Jerigo wat verbrokkel het en inmekaar getuimel het toe Josua en sy manne om die stad stap. Terwyl alles intuimel kyk Josua op en hy sien dat een enkele stukkie muur wonder bo wonder ongeskonde bly staan te midde van alles wat rondom inmekaar tuimel. Baie opvallend in die stukkie heel muur is ‘n groot helderrooi lap wat by ‘n

venstertjie uithang, dié van die prostituut, Ragab! Sy is gered, en sy het deel van God se volk geword. Sy het dan ook getrou met een van die Israeliete, Salmon, en uit die huwelik is ‘n seuntjie gebore. Hulle het hom Boas genoem. Lui dit ‘n klokkie? Boas is die een wat met Rut getrou het. Drie geslagte later word die groot koning Dawid uit hulle lyn gebore, en uiteindelik ons Verlosser, Jesus!

Wat ‘n genade vir ‘n eenvoudige prostituut! Maar dieselfde genade spoel oor na ons vandag, want ons deel in die genade wat God aan Ragab die prostituut betoon

het!

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike genade wat U deur die eeue uitgestort het, ‘n onverstaanbare, onverklaarbare liefde!

# 17

# Huwelik uit die Hemel

## Rut 4:13-22

**VIDEO * OUDIO**

Boas het met Rut getrou. Kort en kragtig gee die skrywer van die Rut-verhaal slegs die héél belangrikste feite. Maar moenie glo dat dit so eenvoudig gebeur het nie!

Rut was ‘n Moabitiese meisie. In Moab het sy met Kiljon, een van Naomi se seuns getrou. Nadat ‘n tragedie hulle getref het en Rut se skoonpa sowel as haar man dood is, besluit Naomi om terug te gaan na Judea, haar

geboorteland. Rut besluit egter om saam te gaan. Naomi het haar probeer oorreed om in Moab agter te bly, maar Rut het geweier. Toe sê Rut, ‘n heidense meisie hierdie treffende woorde: “Waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei.”

Dit was nie maklik terug in Betlehem in Judea nie, en die twee weduwees het gesukkel om kop bo water te hou. Dit was veral moeilik vir Rut omdat sy ‘n Moabiet was en nie aanvaar was

deur die Israeliete nie. Maar God se genade is baie groter as mense se verwerping, en só voorsien Hy dat ‘n sekere man met die naam Boas haar onder sy vlerk neem, deur haar toe te laat om are op te tel waar hy besig was om te oes. Sodoende kon hulle genoeg kry om van te lewe. Lui die naam Boas dalk ‘n klokkie? Natúúrlik! Hy was die seun van Ragab, die prostituut van wie ons gister gehoor het!

Om ‘n lang storie kort te maak, is Rut en Boas getroud na baie intriges en drama.

Nege maande was skaars verby, toe breek die tyd aan dat Rut en

Boas se eersteling gebore moet word. Die skrywer van die Rut-verhaal stel dit duidelik en onomwonde: “Die Here het vir Rut swanger laat word.” Sulke dinge gebeur nie sommer net nie! Die hand van God word duidelik hierin herken. En weereens is die hele Betlehem natuurlik in rep en roer. Die manne steur hulle nou nie juis aan sulke bog soos babas nie, maar onder die vroue gons dit behóórlik. “Gaan dit ‘n seuntjie wees?” Soos ‘n swerm bye koek hulle saam om die huis.

En dan kom die mooiste geluid wat die mens sekerlik nog ooit gehoor het, ‘n pasgebore baba

wat skreeu. “Dis ‘n seun!” skree die vroedvrou opgewonde vir die omstanders. “Dis ‘n gesonde seuntjie! Prys die grote Naam van die Here!”

“Alle lof aan die Here,” sê een van die vroue vir Naomi, wat wil bars van trots, “want Hy het vandag vir jou ‘n losser gegee.”

“Ja,” beaam ‘n ander vrou, “mag die losser se naam bekend wees in Israel.”

“En mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg!” voeg ‘n ander haar stem by terwyl sy ‘n paar vrolike danspassies uitvoer.

“Naomi, daardie skoondogter van jou mag dalk ‘n Moabiet wees, maar sy is vir jou meer werd as sewe seuns. Ons kan mos almal sien hoe lief sy jou het.” Naomi is baie aangedaan oor al hierdie aandag!

Terwyl Rut rus na die bevalling, bring die vroedvrou die klein bondeltjie vreugde vir Naomi, ten aanskoue van broeis vroue wat “Oeee” en Aaaah”. Trane van blydskap stroom oor haar wange as sy die brose baba op haar skoot neem. “Vandag neem ek jou aan as my eie kind!” hoor die vroue haar sê.

“Obed, so moet jy hom noem

Naomi, Obed. ‘n Seun is vir Naomi gebore.” Die buurvroue het gespreek, en Naomi was tevrede.

En so kom die verhaal van Rut en Naomi tot ‘n einde. Maar tussen die begin en einde van hierdie kort verhaal, lê daar baie dinge opgesluit. As jy die aangrypende verhaal lees, sien jy hoedat Naomi en Rut nie gaan stilsit het toe die ongeluk hulle tref nie, en hoe kreatief hulle te werk gegaan het en alles in die stryd gewerp het om die saak te beredder. Hulle was selfs bereid om groot risiko’s te loop. En toe Boas in die prentjie kom, het hy nét so

kreatief opgetree.

Tussen alles deur sien ons egter dat dit eintlik God was wat die oplossings gegee het en uiteindelik ook die nageslag gegee het. Regdeur die verhaal sien ons die hand van God.

Maar Rut se verhaal eindig eintlik gladnie hier nie. In ‘n naskrif sien ons ‘n kort geslagsregister. Klein Obed word jare later die pa van Isai. Isai se seun, Dawid word die grootste koning wat Israel ooit gehad het. Maar belangriker nog: 1200 jaar later word daar in dieselfde dorp waar klein Obed gebore was, Betlehem, wéér ’n Baba gebore. Hy is uit die

nageslag van Dawid - Jesus die Messias! ‘n Moabitiese meisie uit ’n heidense land, wat nie deel van God se volk was nie, en wat eens deur die inwoners verwerp was, word opgeneem in die geslagslyn van Jesus. Rut se verhaal is dus waarlik die Huwelik uit die Hemel!

Vandag is die wonder dat ek en jy ook deel kan wees van Jesus se familie. Alles, álles is genade!

Lees gerus die volle wonderlike verhaal van Rut by die skakeltjie hier onder.

**http://bit.ly/ebRutAfr** (Afrikaans)

**http://bit.ly/ebRuth** (English)

Gebed:

# Here, dankie vir hierdie wonderlike verhaal van Rut en Naomi en van U groot genade!

18

# Die Gideonsbende

# Rigters 7:8-25

**VIDEO * OUDIO**

Gideon staan verslae. By hom is slegs driehonderd beangste manne. “Hoe gaan ons ou paartjies die oormag van die Midianiete aanvat?” Oorkant die vallei staan die tente van die vyand opgeslaan. Oral waar die oog kan sien is soldate - soos ‘n bedrywige miernes krioel dit van hulle. “Hulle is soos die sand van die see!” merk een van die manne op met ‘n bewende stem.

Gideon het aanvanklik vir hom ‘n

sterk leër van 32’000 man bymekaargemaak, maar God het anders besluit. 300 Mans was genoeg om die magtige leër van die Midianiete te verslaan!

“Toemaar, God sal hulle in ons hand gee!” verseker Gideon die manne, maar diep in sy binneste weet hy sélf nie so mooi nie. Sy kniekoppe klap eintlik teenmekaar! Hy probeer hard om sy kommer weg te steek, maar hy hoor sy handjievol manne se vrees:

“Kyk net al die kamele! Daar moet duisende wees - ek kan hulle nie eers tel nie.”

“Oooo toggie, môre is ons laaste

dag!”

Daardie nag kan Gideon nie slaap nie, en hy bly rondrol. Dan word hy wakkergeskud deur 'n stem: “Gideon! Gideon, staan op! Ek wil hê dat jy na die kamp van die Midianiete toe moet gaan. Vat jou slaaf Pura en sluip saggies die kamp binne. Moenie bang wees nie - niemand sal jou opmerk nie. Daar is iets wat Ek wil hê dat jy moet hoor in die kamp.” Die Here het geweet hoe bang Gideon was, en Hy wou hom eers ‘n bietjie moed gee.

“Pura, Pura word wakker!” Gideon skud die slaaf uit die vere. “Kom, ons het werk om te doen.”

Suutjies sluip die twee manne na ‘n ruk die laer van die Midianiete binne. As hulle langs een van die tente verbysluip, skrik Gideon dat sy hart in sy keel klop as iemand daar binne skielik regop sit. Gideon-hulle vries, en dan hoor hulle hoe die man sy maat wakkerskud. “Wat is dit tog?” wil die maat weet.

“Jong, ek het nou net ‘n verskriklike droom gehad. Ek droom dat daar ‘n ronde garsbrood teen die berg afgerol kom in die laer in. En toe rol die brood reguit na ons tent toe, en hy stamp die tent om sodat alles inmekaar tuimel! Sjoe, dit was

angswekkend!"

Die maat bly 'n rukkie stil, en dan antwoord hy met 'n bewende stem: "Weet jy wat? Dit is die swaard van daardie Israeliet Gideon! Ek sê jou nou al: Húlle God gaan ons hele leër uitwis dat daar niks van ons oorbly nie! Dis 'n voorbode, ek sê jou dit nou!"

Buite die tent prewel Gideon: "Dankie Here!" Hy vat sy slaaf aan sy arm en beduie vir hom dat hulle moet gaan. En so suutjies as wat hulle die kamp ingesluip het verdwyn hulle weer. Wanneer hulle terugkom in die Israeliete se kamp, maak hy al die manne wakker. "Kom manne, die Here

het so pas die Midianiete in ons mag oorgegee!”

Hy verdeel die manne in drie groepe, en elke man kry ‘n ramshoring, ‘n leë erdekruik en ‘n fakkel. “Nou moet julle mooi luister”, sê hy vir hulle. Hy verduidelik hoe hulle die kamp gaan omsingel. Die fakkels moet hulle binne-in die kruike dra sodat niemand die lig kan sien nie.

In stikdonker sluip hulle tot reg by die laer. Hulle sien hoedat die wagte omgeruil word, en dan wag Gideon net totdat die laaste wag in sy tent verdwyn voordat hy die teken gee. ‘n Onaardse, bloedstollende klank vul skielik

die lug as Gideon op sy ramshoring blaas. Soos een man blaas al driehonderd manne gelyk op hulle ramshorings reg rondom die kamp. Hulle breek die kruike, en skielik is daar oral net fakkels en bloedstollende krete van die Gideoniete.

Totale chaos breek in die kamp uit. Die manne gryp in die pikdonker na hulle swaarde en begin woes veg met ‘n vyand wat hulle nie kan sien nie. Oral hardloop mense vreesbevange al gillend rond, want die magte van Gideon en sy God is op hulle. In die chaos maak die soldate mekaar op strepe dood.

Uiteindelik begin hulle effens rigting kry, en hulle besef dat die oorhand totaal te groot vir hulle is. Hulle slaan op die vlug en hulle hou nie op hardloop totdat hulle al ver oorkant die Jordaanrivier is nie!

Dan stuur Gideon boodskappers na die manne van Naftali, Aser en Menasse om te kom help om die Midianiete te agtervolg. Ook die manne van Efraim is opgeroep - hulle moes die Jordaangebied kom beset. Daar het die manne dan ook twee van die groot leiers van die Midianiete gevang en doodgemaak.

Hierdie was waarlik ‘n sege wat

vir elkeen gewys het dat dit nie ‘n sterk leër is nie, maar dat dit God was wat Israel gered het, soos wat Hy soveel keer tevore al gedoen het.

Vertrou ons werklik die Here? Ek dink dis nodig dat ons daagliks die vraag vir onsself afvra of ons die Here vertrou met ons hart en siel en verstand en al ons kragte, en of ons Hom ook so onvoorwaardelik liefhet.

Ons tema vir die reeks is “Genade”. In die aangrypende verhaal van Gideon, sien ons net weereens God se groot genade. Gideon is aanvanklik onwillig om die taak op sy skouers te neem,

maar God wys hom en die volk dat dit nie hulle krag is wat die vyand verdryf nie, maar God wat in genade optree, ten spyte van hulle tekortkominge.

Gebed:

Here, vandag wil ek bevestig dat ek U onvoorwaardelik vertrou met alles binne-in my!

# 19

# Van Skaapwagtertjie tot Koning

## 1 Samuel 16:1-11

## VIDEO * OUDIO

“Isai, is dit ál jou seuns hierdie?”

Israel was besig om af te stuur op ‘n ramp, want die land se heel eerste koning, Saul, het nie volgens God se voorskrifte regeer nie. As sy seun hom sou opvolg, sou hy dieselfde paadjie as sy pa loop, dalk selfs nog erger! Samuel was ‘n baie bekommerde man, want hy het gesien waarheen dit op pad was. Hy het probeer regmaak waar Saul verbrou het, maar dit was ‘n

onbegonne taak!

Een ding waarmee Samuel nie rekening gehou het nie, was dat die Here al lankal besig was om ‘n nuwe koning voor te berei en op te lei. Nie in die paleis en raadsale nie, maar in die veld – dáár was die grondslag gelê vir die volgende koning van Israel. Hierdie aspirant-koning moes eers leer om die Here lief te hê. Hy moes Hom leer ken en vertrou in die klein dingetjies. Maar hy moes ook leer om taai te wees, en nie bang te wees vir enigiets nie. Boonop moes hy leer om ‘n vegter te wees, want die volk van God het baie swaar gekry tussen

al die heidense volke wat hulle so afgeknou het, veral die Filistyne.

En dan een mooi dag kry Samuel ‘n opdrag van die Here wat hom yskoud laat word. “Samuel, maak ‘n horing vol olie en gaan na Betlehem toe. Jy moet daar vir My ‘n nuwe koning gaan salf.”

Die arme Samuel se knieë het onder hom geknak, want as Saul te hore moes kom dat hy iemand anders koning sou gaan maak, sou Saul hom beslis doodmaak! Die Here stel hom egter gerus, dat hy na Betlehem moes gaan onder die dekmantel dat hy ‘n offer sou gaan bring, en dan vir Isai moes uitnooi om saam met

hom te offer. Die nuwe koning sou Isai se seun wees.

Toe Samuel by Isai opdaag, vra hy vir Isai om sy seuns te laat kom vir die offer.

Met groot genoegdoening kyk Samuel na die lenige jong man wat voor hom kom staan. “Eliab” stel hy homself voor aan die profeet. “Ideaal!” dink Samuel met ‘n glimlag, “Hierdie man het beslis die karakter en houding en gespierde lyf wat ‘n koning moet hê.” Saggies bid Samuel: “Here, moet ek hom sommer nou salf?”

Maar dan kom die Here se skokkende antwoord: “Nee Samuel, hierdie is nie die nuwe

koning nie! Moenie kyk na sy voorkoms nie, of sy lengte nie - hy is nie die een wat Ek gekies het nie.”

Natúúrlik is Samuel teleurgesteld, maar die volgende seun, Abinadab beïndruk hom eweneens. Maar weereens moet hy hoor dat hierdie ook nie die uitverkorene is nie. Met ‘n hart wat in sy leersandale sink, sien Samuel uiteindelik die sewende seun voor hom staan. “Here, sê asseblieftog vir my dat dit hierdie een is!” bid hy. Maar steeds kom die Here se antwoord dat dit nie hy is nie. “Nou verstaan ek gladnie Here,” sug Samuel, “Wie

is dit dan?”

“Isai, is dit ál jou seuns hierdie?”

“Nee, daar is nog die ou jongetjie, klein Dawid - hy pas skape op.”

“Here, dit kan tog nie die skaapwagtertjie wees nie? Ek kan tog sékerlik nie ‘n skaapwagter as koning salf nie?” Maar dan wéét Samuel: Die Here werk baie anders as mense. “Laat haal daardie seun - ons eet nie vanaand voordat hy hier is nie!”

Die slaaf moes ver hardloop om vir Dawid op te spoor by die skape: “Hulle soek jou dringend by die huis! Die groot profeet, Samuel is daar.”

Vlug soos ‘n ribbok draf Dawid opgewonde oor die rante na Betlehem. By die huis wag die ou profeet op hom, en wanneer hierdie gespierde jong kêrel voor Samuel kom staan, hoor hy duidelik God se stem: “Samuel, staan op en salf hom, want dit is hy.”

Voor die verbaasde oë van Dawid se pa en broers, haal die gryse ou Samuel die horing uit en giet die olie oor Dawid se kop uit. Dis so stil in die vertrek dat jy ‘n speld kan hoor val. “Dawid, seun van Isai, in die Naam van die Here, God van Abraham en Isak en Jakob, salf ek jou tot koning oor

Israel."

Dawid sou egter nie die koningskap oorneem voordat Saul sterf nie.

Dawid se lewe het onherroeplik verander. Nee, hy was nie skielik verhef nie - hy was steeds die jongste seun en hy moes stééds skape oppas terwyl sy ouer broers kon gaan oorlog maak en allerhande ander opwindende dinge doen. Maar een ding het met Dawid gebeur wat hulle nie beskore was nie - die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in hom gewerk. God was besig om hom nou in alle erns voor te berei vir sy koningskap!

Op ‘n dag word hy ontbied van sy skape af: “Die koning het jou nodig! Bring jou lier saam - jy gaan vir koning Saul musiek maak.”

Dawid se naam het hom vooruit geloop, want in die paleis het dit gegons oor hierdie aantreklike jong man, nog lank voor sy aankoms: “Hulle sê dat hy ‘n goeie vegter is – was wél nog nooit in die oorlog betrokke nie, maar hy het glo ‘n leeu met sy kaal hande doodgemaak! En boonop is die kêreltjie glo baie wél ter tale - skryf selfs liedere en gedigte!”

So sien ons weereens God se

groot genade. Na Israel se afvalligheid en hulle koning wat ver van God af lewe, voorsien Hy uit genade ‘n magtige koning wat hulle so optel uit hulle ellende en hulle ‘n groot volk maak!

Gebed:

Here, dankie dat U so getrou en genadig is en dat U alles voorsien wat nodig is vir my om U taak uit te voer!

# 20

# God Is In Beheer

# Daniël 1:1-21

## VIDEO * OUDIO

Daniël se verhaal begin toe koning Nebukadnesar van Babel die stad Jerusalem beleër het. Die volkie van Juda het nie verweer gehad teen hierdie magtige ryk nie, en hulle is oorrompel. Die pragtige tempelgereedskap is gebuit, en boonop het hulle van die mense ontvoer na Babel. Dit is opvallend dat die skrywer hier sê dat hulle na Sinar geneem is, maar daar was ‘n doel daarmee. In Gen.

10:8-10 word daar vertel van Nimrod, die dapper jagter van Sinar, en later, in Gen. 11 word die verhaal vertel van die toring van Babel. Die skrywer wou sy lesers herinner aan hierdie dinge, en hy wou dit ook duidelik stel dat Daniël en sy vriende hulle in ‘n stad met ‘n groot reputasie bevind. Wat gaan daar van hulle word? Gaan hierdie jong manne dit ooit oorleef? Gaan hulle nie dalk swig voor die druk van hierdie beroemde stad nie?

Vier jong manne wat uittroon bo die ander adellike krygsgevangenes word deur Aspenas, die hoofpaleisbeampte,

uitgesoek. Hulle moet vir drie jaar onderrig word in die Babiloniese skrif en taal, en hulle moet koninklike kos gevoer word sodat hulle geestelik en liggaamlik sterk kan word. Die groot rede is egter om almal gelyk te stel: hulle moes nes die ander jong manne van Babilon word. Hulle kry selfs nuwe name sodat hulle Joodse agtergrond in die vergetelheid sal verdwyn, en hulle van hulle Joodse wortels vervreem sou raak. Ja, in Nebukadnesar se paleis verloor jy jou identiteit en gedra jy jou soos 'n Babiloniër. "In Rome maak jy soos die Romeine", lui die bekende spreekwoord. As jy anders wil

wees, is jy in die sop!

Daniël waag dus sy lewe deur te versoek dat hulle ander kos kry. Dit sou absoluut teen die grein in wees van sy geloof om nou te moet onrein vleis eet, en veral waarskynlik boonop afgodsoffers! Dis iets wat die wet van Moses uitdruklik verbied. Slim man wat hy is, stel hy ‘n “proeftydperk” voor, en Aspenas val daarvoor. Die groot risiko wat Daniël en sy vriende bereid is om te loop, weerspieël iets van hulle Godsdienstige toewyding. Vir my en jou is die boodskap hierin: Leef jou oortuigings uit. Moenie maar net met die stroom

saamgaan nie!

Die verhaal sluit af met die gedagte dat hierdie vier manne uitmuntend uitgestaan het bo die res, na hulle drie jaar van opleiding. En Daniël? Hy was in diens van die paleis tot aan die einde van die eerste regeringsjaar van koning Kores, dus vanaf 604 vC tot 539 vC - ‘n volle 65 jaar.

As ons ‘n bietjie agter die skerms van hierdie verhaal gaan kyk, sien ons ‘n paar merkwaardige dinge. Die skrywer vertel vir ons dat die HERE vir koning Jojakim in Nebukadnesar se hand oorgegee het. Hiermee wil hy sê

dat God altyd in beheer is, selfs as daar soms onaangename dinge in jou lewe gebeur. Op ‘n onverklaarbare manier is Hy teenwoordig by ons, selfs in ons oomblikke van swaarkry en beproewing en Hy kan iets goeds daaruit laat voortvloei. Later (in vers 9) skryf hy weereens dat dit GOD is wat die hoofpaleisbeampte simpatiek gestem het teenoor Daniël se versoek. En in vers 17 sien ons weereens die hand van God, want dit is HY wat hierdie vier jongmanne die verstand en insig en wysheid gegee het. Hiermee wil die skrywer beklemtoon dat God gelowiges seën wat getrou

hulle godsdienstige oortuigings uitleef, sodat hulle bo ander uittroon.

Ons sien egter duidelik dat hierdie manne nie maar net gaan terugsit het, en hulle lot gelate aanvaar het nie, maar dat hulle werkgemaak het van hulle situasie. Geestelike groei kom deur sélf skouer aan die wiel te sit. Gary Player het eenmaal ‘n baie goeie golfhou geslaan, en iemand het opgemerk dat hy “gelukkig” was, waarop Gary se antwoord was, dat hoe harder ‘n mens oefen, hoe “gelukkiger” word jou houe. Wanneer ons die verhaal van Daniël lees, sien ons

deurentyd dat dit van hom volharding gekos het, en harde werk om staande te kon bly in Babel, en boonop uit te troon bo almal. Ons sien ook dat hy onvoorwaardelik op God moes vertrou - die verhale van die vuuroond en die leeukuil beklemtoon dit. Maar ons sien ook God se beskerming wanneer hy al sy vertroue op God plaas.

Die boodskap van Daniël vandag vir jou en my, is dat ons ons nie moet blindstaar teen die gevare wat ons moet trotseer nie, maar dat ons God onvoorwaardelik moet vertrou, en rustig voortgaan om ons geloof voluit te leef. God

is getrou - Hy sal voorsien - dikwels op die mees asemrowende manier!

Ons sien verder ook in Daniël se verhaal God se groot genade. Wanneer Daniël en sy vriende in ballingskap weggevoer word, word hulle nie bloot vergeet as gevangenes nie, maar hulle word opgehef uit hulle omstandighede. Daniël word uiteindelik selfs aangestel as premier in die vreemde koninkryk, en hy oorleef verskeie konings en ryke. Daar is géén einde aan God se genade nie!

Gebed:

Here, dankie vir hierdie

versekering vanoggend, dat U in beheer is in alle omstandighede, en dat U genade oor my so geweldig groot is!

# 21

# **Witter as Sneeu!**

# **Jesaja 1**

## **VIDEO * OUDIO**

Jesaja 1:1 is die opskrif vir die eerste 39 hoofstukke van die boek. Jesaja het as profeet opgetree in Juda van Ussia se tyd tot met Hiskia, dus 748 tot 698vC.

Reg van vers 1 af maak Jesaja dit baie duidelik, dat dit nie hy as persoon is wat hierdie dinge skryf nie, maar dat dit van God af kom. "*Luister, hemele, gee aandag, aarde, want die **Here het gesê**:*" skryf hy in vers 2. Hy skryf dus in opdrag van God. Vandag kan ons

sê dat die Heilige Gees hom gelei het om die woorde op papier neer te pen.

In die eerste paar verse lê Jesaja ‘n aanklag teen die volk, en hy roep die hemel en aarde op as getuies, dus is die hele kosmos getuie van wat Juda besig is om te doen. Hierdie volk het God verwerp! Harde woorde!

Dink net: die Here het ‘n verbond gesluit met Sy volk. Hy het hulle Sy eie gemaak toe Hy vir Abraham gesê het, “*Ek sal vir jou ‘n God wees en jy sal vir My ‘n volk wees.*” Hy het hulle Sy eie kinders gemaak. En wat maak hulle? Hulle draai die rug op

Hom, hulle liefdevolle Vader! Hulle verwerp Sy liefde! Hulle verwerp Sy genade! Hulle verwerp Hom! Hulle wil Hom nie ken nie!

“Maar dis verkriklik!” wil ons in afgryse sê. Maar wag ‘n bietjie, kom ons kyk na ons eie situasie. Die Here praat nét so hard met ons vandag. Suid-Afrika is ‘n sogenaamde “Christen-land”. 75% Van ons land hang die Christen-Godsdiens aan, noem hulleself Christene. Maar lyk dit in die praktyk werklik so?

Jesus se opdrag by verskeie geleenthede was dat ons mekaar moet liefhê, maar van liefde is

daar min sprake in ons land. Op die Kaapse vlakte woed daar ‘n oorlog, soos bendes op mekaar skiet, en in die proses boonop onskuldiges, selfs kinders doodskiet. Plaasaanvalle en plaasmoorde het ‘n alledaagse geword. Gesinsgeweld is ‘n huishoudelike naam, en talle sterf in die proses, of word permanent vermink, fisies en geestelik.

Korrupsie, staatskaping, diefstal, geldwassery, nepotisme, polisie geweld, zenofobie, homofobie, rassisme – almal huishoudelike name!

En wat van gewettigde moord? O ja, dit is hééltemal wettig om ‘n

moord te pleeg, sonder dat daar énige reperkussies is. Die staat help jou selfs daarmee! Wat anders is aborsie, as moord op ‘n onskuldige, ongebore baba? By die duisende word babas in ons land vermoor, en niemand knip ‘n oog daaroor nie!

“Maar wag ‘n bietjie, nou praat jy darem net van ongelowiges!” wil jy protesteer. “Die kerk is darem anders!”

In vers 13 skryf Jesaja vir die kerk: “*Ek het 'n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie*

*feesviering met onreg saam nie.*"

Ja, dis vir my en jou wat Hy dit sê, want baie gelowiges het sag geword, aanvaar die onreg maar gelate. Ons leef nie die liefdesopdrag van Jesus aktief uit nie. Ons voer nie Sy opdrag van Matteus 28, om dissipels te maak uit nie. Dikwels is ons sélf deel van die korrupsie en moord. "*Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek.*" skryf hy in vers 15.

Sjoe!

Skyngodsdiens is NIE diens aan God nie! As jy kerktoe gaan, jou tiende gee, Bybel lees, bid, 'n

sopkombuis bedryf ens. en dit gebeur sonder die ware liefdesverhouding met die Here, dan is alles slegs 'n skyngodsdiens!

Maar God is genadig! Hy gee ons nóg 'n kans: "*Was julle, reinig julle. Hou op met kwaad doen. Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.*" (v. 16-17)

En dan daardie asemrowende nuus, as ons gehoor gee aan God se pleidooi. God is bereid om volkome te vergewe! "*Kom*

*tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.*"

Ons liefdevolle, geduldige, genadige Vader se vergifnis is volkome! Hy dink nie eers weer daaraan nie, en Hy laat jou nuut begin op 'n helder skoon, spierwit bladsy! Dit maak nie saak hóé groot jou sonde was nie, Hy vergewe volkome en maak jou wit soos sneeu.

Hier is vier aksies betrokke by God se wonderlike vergifnis. Die eerste is dat ek die Here se

uitnodiging van vergifnis moet aanvaar. Dan moet ek omdraai, weg van die verkeerde dinge waarmee ek besig is. Die derde is om in ‘n liefdesverhouding, in volle vertroue met Hom te leef. Die vierde, om die Heilige Gees toe te laat om my lewe te rig.

Gebed:

Wonderlike Vader, dankie vir U groot genade en vergifnis. Lei my en help my om my deel na te kom.

## 22

# Die Koning Kom Kuier!

## Johannes 1:14-18

**VIDEO * OUDIO**

Ons het slegs na enkele voorbeelde gekyk van God se genade in die Ou Testament. Maar kom ons beweeg nou na die Nuwe Testament.

Beteken die datum 27 Mei 1947 vir enigiemand iets besonders? Waarskynlik nie, maar in die Nasionale Kruger Wildtuin was dit ‘n baie besonderse dag. Vir baie lank was daar voorberei vir hierdie groot dag. In die Pretoriuskop ruskamp is daar

selfs spesiale hutte, koninklike hutte gebou vir ‘n baie besonderse besoeker wat daardie dag die wildtuin sou besoek en daar sou oorslaap, niemand anders nie as die koning van Engeland, koning George VI.

Toe die groot dag aanbreek, is die hekke van die wildtuin vir alle ander besoekers gesluit, en slegs die koning en sy gevolg het die ongelooflike voorreg gehad om die ganse Kruger Wildtuin vir hulleself te hê. Die Britse regering het ‘n versoekie gehad: dit sou darem baie gaaf wees as Koning George en een van die prinsesse elkeen ‘n leeu kon skiet.

Stevenson-Hamilton, die parkhoof, het amper van sy stoel afgeval toe hy daardie versoek hoor. Nee, dit sou nie deug nie, selfs al was hy die koning! George en sy dogters moes maar hulle jag-gewere tuis laat. Vir ‘n volle dag lank het hierdie koninklike stoet die wildtuin deurkruis, en doodmoeg die aand by Pretoriuskop aangekom vir ‘n nag in die Afrika bos.

Die organiseerders van die koninklike huishouding het egter besluit dat dit te gevaarlik sou wees. Die koning kon nét dalk malaria opdoen. Hy moes die nag maar tevrede wees om in sy trein

te slaap op Witrivier. Hy het dus nooit in die hut, wat spesiaal vir hom gebou is, geslaap nie!

Eintlik is dit ‘n absurde verhaal van ‘n koning vir wie die wêreld nie goed genoeg was nie. Onthou, Suid-Afrika was toe nog ‘n Britse kolonie, en dus deel van Koning George se Koninkryk.

Hoe wonderlik, verfrissend anders is die nuus wat Johannes gee! Die Woord (Jesus), Koning van alle konings, Eienaar en Skepper van die ganse heelal het mens geword en onder ons kom woon. Daar staan letterlik dat Hy kom tent opslaan het tussen ons. Ons moet dit lees in die konteks

van die volk Israel, toe hulle as ’n nomadiese volk deur die woestyn geswerf het en in tente gewoon het. Die tent van die Here (die tabernakel) is tussen die volk opgeslaan en daar het die Here gewoon. So anders as koning George, wat so hoog verhewe was dat niemand anders naby hom toegelaat is in die wildtuin nie, het Jesus een van ons geword en Hom gemeng met doodgewone mense, selfs tollenaars, Samaritane, sondaars en vissermanne! Anders as koning George, vir wie selfs ‘n splinternuwe, baie spesiale hut in Pretoriuskop nie eers goed genoeg was nie, het Jesus

dikwels buite in die veld op die harde grond geslaap. Hy is immers in 'n vuil, stinkende stal gebore! Hy het swaarkry geken en siektes en gevaarlike situasies het Hom nie afgeskrik nie!

Koning George het homself gedistansiëer van gewone mense. Hy was immers die koning! Koning Jesus, aan die ander kant, was menslik toeganklik, en selfs kindertjies kon na Hom toe kom met vrymoedigheid, al was hulle beskou as onrein en bloot eiendom.

Ons mag egter vir géén oomblik maar aanneem dat Jesus "gewoon" was nie! Johannes maak dit baie duidelik dat ons Sy heerlikheid en genade aanskou het. In alles wat Hy gedoen het gedurende daardie drie jaar van Sy bediening op aarde, het mense verstom gestaan oor Sy krag, wysheid en majesteit. Géén wonderwerk was te groot vir Hom nie, en selfs die natuurkragte was Hom gehoorsaam. Die hemel het vir Hom oopgegaan tydens Sy doop. Hy het genade in oorvloed uitgedeel. Ons sien dit wanneer hy die vrou wat owerspel gepleeg het, vergewe. Ook wanneer Hy die Samaritaanse vrou met die

duistere geskiedenis stuur om te gaan preek, en die duiwelbesete man in die begraafplaas op ‘n sending stuur om die evangelie te versprei.

In vers 18 kom Johannes by die hoogtepunt, die kern van hierdie pragtige lied. Hy maak die bewering dat niemand God nog ooit gesien het nie. Maar dan kom die verrassende: Jesus het God aan ons kom bekendstel. Hy is sélf God, dus het die mense van 2000 jaar gelede die unieke voorreg gehad om God in lewende lywe te aanskou!

Vandag is die enigste wat verander het, die feit dat Jesus ‘n

verheerlikte liggaam het en dat Hy nie nou meer vir ons fisies sigbaar is nie. Hy woon egter steeds onder ons in dié sin dat Hy alomteenwoordig is, en Hy maak persoonlik bemoeienis met elkeen van ons, maak nie saak wie of wat jy is nie. Jesus beskou Homself nie as té verhewe om by jou te wees en met jou te gesels nie, al is Hy God almagtig, die Skepper van die heelal en Koning van alle konings. Inderdaad moet ek Hom steeds die respek en eer gee wat ‘n Koning van Sy statuur behoort te kry, maar ek kan terselfdertyd ook met vrymoedigheid met Hom gesels oor my eie behoeftes en my

smarte. Ek kan my blydskap en vreugdes met Hom deel. Dis inderdaad genade op genade!

Jesus is nie soos enige ander koning nie, Hy is waarlik uniek! Daar is slegs EEN soos Hy! Kom ons aanbid Hom daarvoor.

Gebed:

Jesus, ons eer U, opgestane Heer, Lewensvors en Koning, U wat triomfeer!

# 23

# Gesprek in die Nag

# Johannes 3:1-4

## VIDEO * OUDIO

Ons kan Nikodemus beskryf as ‘n hoogs-geleerde leermeester, een van die mees-gerespekteerde leiers van sy tyd. Hy was ‘n Fariseër wat toegewy was aan die wet van God en dus ‘n baie belangrike man. Maar hy was ook lid van die Joodse Raad, waar hy saam met die ander leiers belangrike besluite moes neem. Johannes skryf drie keer van Nikodemus. Die eerste keer vertel hy hoedat Nikodemus in die nag

na Jesus kom, sodat sy mede-raadslede hom nie dalk saam met Jesus sien nie. Ten spyte van al sy groot titels sien ons dus dat hierdie leier bang was. Later, wanneer Jesus ’n groot krisis beleef en die kerkleiers Hom wou gevange neem, was dit egter júís Nikodemus wat vir Jesus probeer opkom het. En na Jesus se kruisiging, toe al Sy dissipels verdwyn het, was dit wéëreens Nikodemus, die Fariseër en Joodse Raadslid wat na vore getree het en die nodige middele voorsien het om Jesus se lyk te balsem. Ons sien dus dat nie ál die kerkleiers en Fariseërs korrup was nie en dat hulp dikwels uit

die mees onverwagse oord kom!

Maar wat het daardie nag gebeur?

Nikodemus het gehoor van die nuwe Rabbi wat soveel opslae gemaak het. Die wonderwerke waarvan hy gehoor het was vir hom vreemd. ’n Klein stemmetjie hier binne-in hom het vir hom bly sê dat daar baie meer in hierdie Rabbi was as wat hy wou erken. Jesus was op daardie stadium egter totaal onbekend in Israel en Nikodemus móés net eenvoudig vir homself gaan uitvind wat aangaan. Dit was ‘n bietjie van ‘n verleentheid vir hom om openlik na Jesus te gaan, want hoe sou

dit nou lyk as ‘n gerespekteerde leermeester wou gaan kers opsteek by ‘n Rabbi waarvan niemand nog eers gehoor het nie? En dan was daar dinge wat hy gehoor het van hierdie Man, wat nie so baie kosjer was nie. Wat sou sy Fariseër-vriende sê? Nee, hy moes liewer in die nag na Hom gaan sodat daar nie te veel vrae sou wees nie. En dan sou hy natuurlik sy woorde baie mooi moes kies om nie sy eie onsekerheid te wys nie!

Toe Nikodemus dus daardie nag vir Jesus opspoor waar Hy besig was om die dag se gebeure met Sy dissipels te bespreek, het

Nikodemus uiters ongemaklik gevoel tussen al die rowwe vissermanne en doodgewone mense. Hy moes darem wys dat hy nie sommer net 'n hierjy se ou man was nie! Baie hoogdrawend begin hy sy betoog: "*Rabbi, ons weet dat u 'n leermeester is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens verrig wat u verrig as God nie met hom is nie.*"

Nikodemus het dalk heimlik gehoop dat Jesus hom sou antwoord en bevestig dat Hy die Messias is - die Een waarvan hy al so baie gelees het in die Skrifte, en van Wie hy sy leerlinge

al so baie geleer het. ‘n Tinteling het deur Nikodemus se liggaam gegaan: sê nou net hy het rêrag die Messias ontdek!

Jesus het egter dwarsdeur Nikodemus gesien en sy héél diepste behoefte raakgesien, ‘n behoefte waarvan Nikodemus sélf nie eers geweet het nie. Sy antwoord was gladnie wat Nikodemus verwag het nie. “*Ek sê vir jou: As iemand nie van Bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*”

Nikodemus was stomgeslaan! Watter soort antwoord was hierdie? Dié Rabbi praat in raaisels! Jy kan tog nie weer ‘n

slag gebore word nie! Wat presies het Hy daarmee bedoel?

Nikodemus was baie ernstig oor sy ontmoeting met Jesus, en ons kan aanneem dat hy werklik eerlik was oor die dinge wat hy gesê het. As dit maar net nóg ‘n oppervlakkige uitlokking was soos so dikwels van die Fariseërs gekom het, sou hy openlik in die dag na Jesus gegaan het. Nikodemus het dus gehoop om van Jesus wáárlik iets te leer, en hy was beslis nie teleurgestel nie!

Jesus se eerste antwoord het hom nou wel tussen die oë geslaan, maar Nikodemus kon sommer voel dat hier nog ‘n baie

diep gesprek kon gebeur. Sommer dadelik moes hy uitvind dat Jesus nie maar net die Wonderwerker was wat water in wyn kon verander nie, maar dat daar báie meer omtrent Hom was. Nikodemus het Jesus se eerste antwoord beslis verkeerd verstaan! Toe Jesus sê dat iemand weer ‘n slag gebore moes word, gebruik Hy ‘n dubbelsinnige woord, “van bo gebore” wat impliseer dat dit ’n geboorte van God af is.

Jesus se gesprek met Nikodemus oor die wedergeboorte, sou hierdie man se ganse lewe verander. Dit is die héél

belangrikste gebeurtenis in énige mens se lewe. Nikodemus se ore was gespits, hy wou elke woord van hierdie gesprek indrink!

Vir my en jou is hierdie gesprek ewe belangrik en ons moet dit herhaaldelik lees sodat ons herinner kan word aan daardie belangrike gebeurtenis in ons lewens, dié dag toe God se wonderlike genade oor ons uitgestort is! Ons kan dus ook nie anders nie as om die volgende paar dae 'n bietjie stil te staan by hierdie gesprek.

Gebed:

Here, dankie dat ek saam met Nikodemus opgewonde kan wees

oor daardie nuwe lewe wat alleen U uit U groot genade kan gee deur die Heilige Gees!

# 24

# **Water En Gees**

# **Johannes 3:4-8**

**VIDEO * OUDIO**

In Jesus se gesprek met Nikodemus, sê Jesus vir hom dat jy weer gebore moet word. Nikodemus verstaan dit totaal verkeerd! Hy dink dat Jesus bedoel dat hy nou as ‘n ou man letterlik weer in sy moeder se skoot moes inklim en dat die geboorteproses herhaal moes word. Dis absurd! Met só ‘n onsinnige stelling prikkel Jesus Nikodemus se nuuskierigheid en dit gee Hom die geleentheid om

die gesprek verder te neem. Jesus verduidelik dat jy uit “Water en Gees” gebore moes word.

Wat presies het Jesus met hierdie twee woorde bedoel? “Gees” is nie ‘n probleem nie, ons verstaan almal dat die Heilige Gees betrokke is met die wedergeboorte. Maar wat het Hy bedoel met “Water?” Daar is al baie oor die betekenis hiervan geredeneer. Die een denkrigting sê dat dit dui op die doop as geleentheid wanneer ‘n mens in God se Koninkryk ingaan. As ons egter verder lees in hoofstuk 4, sien ons dat Jesus teenoor die Samaritaanse vrou na Homself

verwys as die “Lewende Water.”

Water speel ‘n baie belangrike rol in die simboliek van reddingswerk van Jesus en ek dink ons kan met redelike veiligheid aanneem dat Jesus hier na Homself en die Heilige Gees verwys as Hy sê dat jy uit “Water en Gees” gebore moet word. Dit sou met ander woorde beteken dat jy slegs gered kan word wanneer twee dinge met jou gebeur: Jesus gee jou die nuwe lewe deur Sy versoening en terselfdertyd oortuig die Heilige Gees jou hiervan en Hy kom woon in jou.

Hierdie dinge is baie moeilik om te verstaan, want ons wil dink in

konkrete, menslike terme. Ons het egter hier te doene met ‘n geesteswêreld wat vir ons onsigbaar is. Die groot wonder gebeur die dag met jou wedergeboorte. Dan word hierdie geesteswêreld vir jou ‘n werklikheid om die eenvoudige rede dat jy déél daarvan word. Jy word terselfdertyd sensitief vir die geestelike dinge wat rondom jou gebeur. Jy word dus ‘n burger van die geesteswêreld. Eintlik het jy dubbele burgerskap, want jy is steeds aardsgebonde met ‘n sterflike liggaam, maar jy is nie meer beperk tot die aardse nie. Dit beteken dat jy nou bo hierdie beklemmende aardse dinge kan

uitstyg.

Praat ek in raaisels? Vir Nikodemus was hierdie ook ‘n raaisel, en Jesus het dit maar ál te goed besef. Daarom gebruik Hy die beeld van die wind om vir hom te verduidelik. Jy kan nie die wind sien nie. Jy kan ook nie verduidelik waarvandaan dit kom en waarheen dit gaan nie. Nogtans weet jy dat dit daar is! Jy kan immers die uitwerking daarvan voel op jou vel en sien hoedat dit die blare laat ritsel. In ‘n storm kan jy die krag daarvan beleef waar dit selfs in staat is om reuse bome te ontwortel. Jy hoef egter nie antwoorde te hê op al

die vrae nie en jy hoef dit nie te verstaan om seker te kan wees dat die wind wel daar is nie.

Nét so is dit met die Gees. Jy hoef nie alles omtrent Hom te verstaan en al die antwoorde te hê nie, soos byvoorbeeld hoe dit moontlik is dat Hy in jou kan woon. Wanneer ons die geesteswêreld betree, is dit asof jou verstand gaan stilstaan, want alles is net soveel groter en meer onbegryplik as die eenvoudige wêreldse waaraan ons gewoond is. Maar net soos met die wind, ervaar jy die uitwerking van die Heilige Gees ook op 'n tasbare wyse. Jy sien hoe Hy in mense se

lewens werk en wonderlike dinge verrig. Is dit ooit moontlik vir ‘n doodgewone plaasboer om ‘n miljoen mense bymekaar te kry om na ‘n preek te luister sonder dat daar eers ‘n rugbywedstryd betrokke is? Nee! Baie beslis nie! Tóg gebeur die absoluut onmoontlike, en ons kan dit alleen toeskryf aan die kragtige werk van die Heilige Gees wat ‘n eenvoudige plaasboer gebruik. Ek kan talle soortgelyke voorbeelde noem, wat net eenvoudig nie anders verklaarbaar is nie.

Iemand vra my eendag: “Hoe hoor ‘n mens God se stem? Baie

mense hoor Hom met hulle praat, en ek wil dit ook hoor." Jou eerste reaksie is om te lag oor hierdie vraag, maar dis eintlik 'n baie diep vraag. Ja, ek kan ook onomwonde sê dat ek een van daardie mense is wat God hoor praat. Hy praat elke dag met my! Het ek al ooit Sy stem fisies gehoor - soos 'n stem uit die hemel? Nee! Nou hoe werk dit dan?

Wanneer die Heilige Gees die dag in jou lewe kom, maak Hy nuwe deure vir jou oop. Waar die Bybel eers 'n boek vol stories, wette en rituele was, word dieselfde Bybel nou vir jou 'n

riglyn vir jou lewe en ‘n boek waarin jy God se genade en liefde raaksien. As jy Hom toelaat om deur die Woord met jou te praat, word hierdie ‘n lewende Woord, en “hoor” jy God se stem deur dit wat jy lees. Op dieselfde manier ervaar jy Sy stem tydens ‘n erediens wanneer iemand preek. Jy wéét net dat dit die stem van God is. Hoe presies weet ek dit? Nee, dit kan ek jou nie sê nie, en elke persoon ervaar dit anders. Die groot geheim is dat ons sensitief moet word om Sy stem te herken wanneer Hy praat. Dit kan alleen gebeur wanneer ons gedurigdeur daaraan werk om nader en nader

aan Hom te leef.

Iets wat ons egter baie duidelik moet besef, is dat al hierdie dinge suiwer genade van ons wonderlike God is!

Gebed:

Here, ek dank U dat U genade oor my so groot is, dat ek U teenwoordigheid en U stem kan ervaar!

# 25

# Die Ewige Lewe

# Johannes 3:9-15

## VIDEO * OUDIO

Jesus het so mooi vir Nikodemus verduidelik van die wind en die wedergeboorte, maar die slim leermeester verstaan nog steeds nie! Hy is stomgeslaan: “Maar hoe kan hierdie dinge gebeur?”

Die manier waarop Jesus hierdie wonderlike waarhede aan Nikodemus bekend maak, is absoluut briljant. Hy sê nét genoeg om die man aan die dink te sit, maar Hy sê dit op só ‘n manier dat dit by Nikodemus ‘n

brandende begeerte laat om meer te wil weet. Dit word nie vir hom uitgespel nie maar amper in raaisels maak Jesus hom honger om nóg meer te wil uitvind.

Gister het ons gesien dat dit gaan oor die geboorte van Bo oftewel die wedergeboorte. Dis egter net die helfte van die storie. Dit gaan ook oor die manier waarop jy God moet ken. Om Hom waarlik te kan leer ken, moet jy geestelik sensitief wees - iets wat wél gebeur wanneer die Heilige Gees in jou kom en ingryp in jou lewe.

Nikodemus was die wetsgeleerde Fariseër wat streng volgens die riglyne van die wet geleef het en

noukeurig elke voorgeskrewe tradisie onderhou het om sodoende die saligheid te kon verwerf en God te eer. Vir hom was hierdie nuwe idee totaal onverstaanbaar. Waarom sou hy dan óók nog ‘n nuwe geboorte nodig hê?

Jesus laat egter die misterie nog méér verdiep! Hy noem vir Nikodemus van die “aardse en hemelse” dinge en dan vra Hy hoe dié twee bymekaar kom en wat hulle met mekaar te doen het? Met die aardse verwys Jesus waarskynlik na die nuwe geboorte oftewel wedergeboorte wat wél hier op aarde plaasvind.

As Nikodemus daarmee ‘n probleem het of dit nie kan verstaan nie, hoe sal hy dan nog die wonderlike dinge kan verstaan wat daarná gebeur? Die wonders van die ewige lewe, en die manier waarop die Heilige Gees menselewens totaal verander, is iets wat jou verstand totaal te bowe gaan!

Eintlik kom die aardse en hemelse dinge bymekaar by die kruis op Golgota. Dit is hiér waar alles totaal verander het en waar die Joodse wet en tradisies vervang is met Jesus se versoening. Jesus gebruik die beeld van die koperslang om vir

Nikodemus te verduidelik. Tydens die Israeliete se uittog uit Egipte, het hulle weer in een van hulle berugte kerm-en-weeklaag sessies verval. Dit was al die hóéveelste keer, en beslis die laaste strooi. Hulle het gekry waarvoor hulle gesoek het - die toorn van God! Hy het slange gestuur en baie van die kermende Israeliete is deur hulle gepik en gedood. Maar weereens is God se genade baie groter as Sy straf. Hy het Moses beveel om ‘n afbeelding van ‘n slang uit koper te maak en op ‘n paal te sit. Enigeen wat deur ‘n slang gepik was kon slegs na die koperslang kyk om genees te word.

Jesus tref hier ‘n pragtige vergelyking, want soos daardie koperslang aan ‘n paal gehang het, sou hy later ook aan ‘n “paal” hang. Nét soos wat diegene wat na die koperslang gekyk het, sou bly leef, so sal die mense wat “kyk” na Jesus aan die kruis bly leef. Die koperslang was egter ‘n simboliese en baie tydelike oplossing, want mense het steeds daarna gesterf. Die nuwe bedeling bring egter iets wonderliks, want om in Jesus te glo bly jy nie alleen lewe nie, maar jy kry die EWIGE LEWE! Dit is iets wat radikaal verskil van die doodgewone aardse lewe en die kwaliteit daarvan is onbeskryflik

baie beter. Dit is boonop iets wat nie eers ééndag sal gebeur wanneer jy sterf nie, maar dit is iets wat alrééds gebeur met jou wedergeboorte.

Van daardie oomblik af is daar ‘n baie belangrike verskil. Nou lewe jy nie meer alleen nie, maar God is saam met jou. Nou leef die Heilige Gees in jou, en Jesus is van daardie oomblik af by jou. In Filippense beskryf Paulus watter soort uitwerking dit op die kwaliteit van jou lewe het. Omdat God in jou is, het jy nou ‘n borrelende blydskap wat jou lewe vul, selfs in die slegste toestande. Dit is wat gemaak het dat Paulus

en Silas jubelend kon sing terwyl hulle stukkend geslaan en in ysterkettings geboei in die stinkende tronk in Filippi gelê het. Hulle mede-gevangenes kon nie verstaan waarom hierdie twee dit kon regkry om so vrolik te sing nie!

Vandag is daar baie gelowiges wat kan getuig van so ‘n borrelende lewe gevul met blydskap. Dit is een van talle van die wonderlike gawes van die ewige lewe, en dis slegs God se genade wat dit vir jou kan gee!

Moontlik vra jy vanoggend: “Maar waarom het ek dan nie daardie blydskap in my lewe nie?” Dalk is

dit bloot omdat jy nie die Heilige Gees toelaat om jou lewe só te vul en te beheer dat jy daardie blydskap kan ondervind nie.

Die ewige lewe het twee fases, die aardse en die hemelse. Tydens die aardse fase hang dit van jouself af wat jy daarmee maak. Hoe nader aan God jy leef en hoe meer jy Hom toelaat om jou lewe te beheer, hoe meer ervaar jy God se genade, en hoe meer sinvol en vreugdevol sal dit wees. Elkeen wat in Jesus glo het alrééds die ewige lewe. Lééf dan daardie ewige lewe reeds hier op aarde voluit!

Gebed:

Here, ek kan U nie genoeg dankie sê vir die wonderlike gawe van die ewige lewe wat U ook vir my gegee het nie. Dankie vir die heerlike vreugde wat ook daarmee saamgaan!

26

# Wat Is Liefde?

# Johannes 3:16-18

**VIDEO * OUDIO**

Johannes 3:16 kan met reg as die middelpunt van die Bybel gesien word - dalk nie geografies nie, maar beslis in ‘n geestelike sin. Hierdie enkele versie plaas alles wat ons in die vier evangelies oor Jesus lees in ‘n Goddelike perspektief. God se liefde vir die wêreld is so groot dat Hy bereid was om sy Seun, Jesus daarvoor op te offer. Dis beslis die grootste genadegawe óóit!

Wat word bedoel in Johannes met

daardie woordjie “liefde”? Uit al die verskillende beskrywings daarvan oor ‘n wye spektrum geskrifte kan ons duidelik aflei dat liefde nie ‘n emosionele saak is nie. Verliefdheid wat byvoorbeeld elkeen van ons as tieners getref het, was suiwer emosie, of dalk ons hormone wat met ons op loop geraak het. Ongelukkig is dit daardie selfde verliefdheid wat dikwels ook maak dat mense trou, en ‘n jaar of twee later, as die emosie opgedroog het, skei hulle paadjies weer!

Ware liefde kan dalk beter vertaal word met die woordjie “lojaliteit”. Wat is dit wat twee mense vir

vyftig of sestig jaar gelukkig bymekaar hou, selfs deur die swaar tye en die tye waar hulle vir mekaar kwaad was? Dit is ‘n onbeskryflike liefdesband, waarvan intense lojaliteit ‘n onlosmaaklike deel vorm. Dit behels onder meer ‘n verpligting teenoor mekaar, dat die een na die ander sal omsien en dat hulle mekaar sal help en bystaan deur dik en dun.

Dalk kan ons so ‘n ietsie hiervan sien in die liefde van God vir die mens. Hy was bereid om alles op te offer om ons te red. In ‘n liefdesverhouding is daar egter twee kante. God het alreeds Sy

kant gebring, en nou is dit die mens se beurt om daarop te antwoord. Jou antwoord is nie ‘n emosionele besluit nie, maar ‘n nugtere wilsbesluit om God se liefdesaanbod te aanvaar. Dit is ál wat Hy van jou vra. Wat daarop volg is dat die liefdesverhouding gebou word, soos in enige stabiele huweliksverhouding. Natúúrlik is daar óók emosie betrokke - by party mense baie meer as ander.

Om enige liefdesverhouding te laat slaag, verg harde werk. Die twee partye moet mekaar dééglik leer ken. God ken my alreeds en nou is dit mý beurt. Ek leer Hom

ken deur die openbaring wat oor Hom geskryf is, die Bybel te bestudeer. Kommunikasie is van uiterste belang in enige verhouding, só ook in my verhouding met God. Hy praat met my deur die Woord, daarom móét ek dit lees. Ek gesels weer met Hom deur gebed. Gebed is dus nie maar iets wat verpligtend is vir elke Christen nie, maar dit is jou kommunikasie met God.

Liefde beteken ook dat twee partye bereid is om dinge vir mekaar te doen. Van God se kant af is die sluise van die hemel oop, met alles wat Hy vir my doen. Wat is ek bereid om vir Hom te doen?

Maar kom ons kyk na enkele van die dinge wat Hy bereid is om vir my te doen. In Johannes 3:16 lees ons dat as ek in Jesus glo, ek nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kry. Om verlore te gaan, beteken dat jy van die Lewende God se teenwoordigheid afgesny word. Dit beteken dat jy sonder Sy gawes en Sy liefde moet klaarkom. As ons maar net mooi gaan dink aan alles wat ons van Hom af kry, dan is die implikasies hiervan te verskriklik om aan te dink. As jy egter besluit om in ‘n liefdesverhouding met Hom te gaan, word hierdie moontlikheid totaal uitgesluit. Maar die bonus

is dat jy boonop die wonderlike ewige lewe kry. Dit beteken dat die aardse fase van jou lewe vir ewig verleng word anderkant die afsterwe van jou ou liggaam, jou tydelike “tentwoning” soos Paulus dit beskryf. En in Openbaring kry ons ‘n klein kykie in die wonder van die lewe anderkant daardie poorte. Dis iets waarna elke gelowige met groot verwagting en opgewondenheid uitsien!

Daar is egter ‘n verdere aspek in hierdie liefdesverhouding: Oordeel! Ons kry dikwels die idee dat ons bang moet wees vir God, veral as ons die Ou Testament lees, waar Hy dikwels beskryf

word as Iemand wat straf. Inderdaad kan God nie ongeregtigheid verdra nie, en anders as ons eie politieke stelsel waar korrupsie en ongeregtigheid dikwels maar onder die mat ingevee word, is Hy regverdig, en dit word gestraf. Hy wil ons egter nie in die hemel "inboelie" deur ons met straf te dreig nie. Inteendeel: Hy wil ons in Sy liefdesarms inroep. Jesus is nie gestuur om te kom straf nie, maar om diegene wat alreeds veroordeel is te kom red. Ek was verdoem tot die ewige straf, totdat ek Jesus se roepstem herken het, en geantwoord het deur Sy aanbod te aanvaar. Vir jare het

Hy gesoebat, maar ek het my doof gehou vir Sy stem. Tot daardie wonderlike dag........

Teen die agtergrond van die donker wolke van verdoemenis en ewige verderf, straal die positiewe lig van Jesus se sending om mense soos ek en jy te kom red, nie op grond van ons verdienste nie, maar suiwer uit genade! Dit is soos iemand wat sy eie lewe opoffer en in die briesende golwe van 'n stormsee inspring om drenkelinge wat gedoem is te gaan red.

Gebed:

Here, U liefde en genade vir my is so onbeskryflik groot. Ek bely dat

my liefde vir U maar skraps is - help my asseblief om my liefde ten volle uit te leef!

27

# Die Besetene van Gadara

## Lukas 8:26-39

**VIDEO * OUDIO**

Genade is om verlos te kan word van die kettings waarmee die duiwel jou bind. Wanneer jy só 'n genade ondervind, verander dit jou lewe totaal, sowel as die mense met wie jy in aanraking kom!

Jesus en die twaalf het van Kapernaum, aan die noordelike oewer van die See van Galilea met ‘n vissersboot gevaar na die suidelike punt van die meer waar die landstreek van Gadara geleë

was. Skaars het hulle voet aan wal gesit, of ‘n groot “storm” tref hulle in die gestalte van ‘n besete man wat kaal op hulle afstorm.

Jesus en sy dissipels het hulle hier in 'n heidense gebied bevind in die land van die Geraseners, deel van die sogenaamde Dekapolis, oftewel “Tien Stede”. Die Joodse wette het dus gladnie hier gegeld nie, en die mense het selfs met varke geboer, iets wat elke goeie Jood met afsku sou vervul!

Grootoog sien die dissipels hierdie uitgeworpene van die samelewing op hulle afstorm. Omdat niemand hom naby hulle

wou hê nie, moes hy maar sy lêplekkie tussen die grafte kry. Sy onbeheerste optrede het daarvoor gesorg dat die inwoners hom met kettings probeer boei het om hom in bedwang te hou, maar hy het bloot die kettings gebreek!

Die twaalftal deins verskrik terug van die angswekkende man met sy wilde oë en gekoekte hare en baard. In skrille kontras hiermee sien ons vir Jesus wat doodkalm teenoor hom optree en bloot vir hom vra wat sy naam is. Vir die dissipels is dit 'n traumatiese ervaring. Boonop moet hulle hoor dat die man Jesus aanspreek as

"Seun van God, die Allerhoogste". Hulle sluk sélf nog maar swaar aan hierdie gedagte, en nou kom 'n besete heiden en blaker dit uit! Wat hulle egter nie besef nie, is dat dit die duiwelse demone in die man was wat met Jesus praat deur die man se liggaam te gebruik. Natuurlik ken die duiwel en ál sy demoniese aanhangers vir Jesus baie goed. Hulle weet presies wie Hy is! Hulle sal Hom egter nooit dien nie, want die duiwel wil sélf op die troon sit!

Die vraag is, of iemand Jesus kan ken maar steeds verdoem kan wees tot die ewige verderf? Inderdaad ja! Voordat jy jou lewe

aan Jesus toevertrou het en in Hom as jou persoonlike Verlosser glo, het jy nie die saligheid nie! Selfs al weet jy álles van Hom af!

Die man, oftewel die demoon wat besit van hom geneem het antwoord dat sy naam “Legio” is, dit beteken “Baie”. Die Latynse woord “legio” verwys na ‘n afdeling of legioen van tussen 3’000 en 6’000 soldate in die Romeinse leër. Die man se lewe word dus oorheers deur ‘n groot aantal demone.

Die demone wil niks met Jesus te doen hê nie. Hulle wil net alleen gelaat word en Jesus se teenwoordigheid is vir hulle ‘n

groot bedreiging. Wanneer hulle egter in ‘n hoek gedryf word, smeek hulle om eerder na die varke verban te word. Die varktrop sit skielik op loop wanneer die demone in hulle invaar, en die mense van die omgewing moet vreesvervul toekyk hoedat hulle hele trop oor ‘n afgrond stort en in die see versuip.

Weereens sien ons God se groot genade wanneer Hy hierdie heiden uit die kloue van Satan ruk en hom bevry van die bande van die Bose! Sy eerste reaksie is om te vra of hy by hulle groep kan aansluit om Jesus te volg. Jesus

staan egter nie sy versoek toe nie, want Hy het 'n belangrike taak vir hom. Hy moet terug na sy eie mense om hulle van Jesus te vertel!

Die inwoners van die streek smeek Jesus egter om liewer hulle land te verlaat! Hulle is meer besorg oor hulle finansiële verlies as oor die besetene wat hier voor hulle oë genees word en ‘n splinternuwe lewe kry!

Hierdie verhaal laat ons met baie vrae. Daar is egter baie vraagstukke in die Bybel waaroor ons maar net kan raai, want ons ken nie God se volle raadsplan nie. Waarom het Hy nie die

demone direk die verdoemenis ingestuur nie? Die see is destyds gesien as die woonplek van die bose. Met die varke wat die see ingestort het, is die duiwels dus teruggestuur na hulle woonplek!

Wat ons dus kan sê, is dat dit beslis ‘n oorwinning oor die duiwel was, maar dat die finale slag nog gelewer sal word, en dan sal dit ‘n baie groot slagting vir die duiwel en sy demone wees!

Hierdie man het ‘n baie groot taak op hande gehad om die evangelie aan die mense van sy omgewing uit te dra. En wát ‘n taak was dit nie! Hy moes die mense wat

voorheen in vrees van hom af weggevlug het, nou gaan oortuig dat Jesus die Verlosser is! ‘n Paar jaar later, toe die vervolging van Christene in Jerusalem op die ergste was, het die gelowiges gevlug. Baie van hulle het skuiling gevind in hierdie einste streek en hulle was daar met ope arms ontvang. Waarom? Ek glo dat die mal man wat eens kaal in die begraafplaas gebly het, sulke goeie sendingwerk gedoen het, dat almal daar ryp was vir die Evangelie toe die groot stroom Christene daar aankom.

God se raadsplan is oneindig groter as ons gedagtes! God se

genade is baie groter as wat ons óóit sal kan begryp!

Gebed:

Here, dankie dat ons weereens vanoggend U almag kon aanskou! Maar meer nog, dat ons net weereens kan besef hoe groot en onbegryplik U genade is!

# 28

# Twee Dramas

# Lukas 8:40-56

**VIDEO * OUDIO**

Gister het ons gesien hoedat God se wonderlike genade nie beperk was tot Sy volk nie, maar dat selfs 'n besete heiden dit kon ondervind. Die inwoners van Gadara wou Hom egter nie ontvang nie, en hulle keer terug na Galilea, waar hulle alreeds ingewag word deur ‘n groot skare. Dan speel daar twee dramas af wat inmekaar geweef is en sorg vir ‘n spannende toneel!

Alles begin wanneer ‘n

gerespekteerde kerkleier en raadslid van die sinagoge, Jaïrus aangehardloop kom en uitasem voor Jesus se voete neerval. In sigself is hierdie 'n uitsonderlike situasie, want die geestelike leiers was Jesus géénsins goedgesind nie! Die man was hoog in die nood want sy dogter het op sterwe gelê. Met ‘n bewende stem het hy Jesus gesmeek om saam met hom te kom.

Opgewonde het die skare vir Jesus plek gemaak om agter Jaïrus aan te stap. Maar toe skielik word alles wreed onderbreek. Jesus het stil gaan

staan en omgedraai: “Wie het my aangeraak?”

Ons wil amper vir Jesus sê: “Here, daar is nie nou tyd om te wil weet wie aan U geraak het nie, die meisiekind is besig om dood te gaan!”

Petrus het sélf ongeduldig geraak met Jesus wat nie Sy loop kon kry nie. Daar was immers ‘n reuse skare mense wat hulle die hele tyd verdruk het. Almal het gestamp en gestoot! Wat sou verkeerd wees met sy Meester?

Agter Jesus was daar ‘n vrou met ‘n geweldige groot probleem. Sy het aan ‘n volgehoue menstruele vloeiing gely, ‘n baie ongemaklike

situasie. Volgens Joodse gebruike was dit egter verdoemend, want dit het veroorsaak dat sy permanent onrein was! Sy kon dus met niemand direk in aanraking kom nie. Vir twaalf jaar lank het sy in hierdie onhoudbare situasie geleef, en Jesus was haar laaste en enigste hoop!

Volgens Joodse wette van Lev. 15:19-30 het sy nie durf raak aan Jesus nie want dit sou Hom sélf vir sewe dae lank onrein gemaak het. Dus raak sy slegs aan die verste punt van Sy klere se soom.

Petrus het vir Jesus aangepor om asseblieftog voort te gaan na

Jaïrus se huis, maar Jesus het bly staan! Hy wou éérs weet wie dit was wat aan Sy klere geraak het.

Die spanning bou op, want die tyd was besig om uit te loop vir die sterwende dogtertjie. Maar vir Jesus was die drama wat hier afgespeel het belangriker. Toe die vrou besef dat Jesus geweet het dat dit sy was, val sy bewend van angs voor Hom neer en erken haar daad. Sy vertel van haar verskriklike dilemma, maar die wonderlikste was dat sy gevoel het hoedat haar liggaam genees was die oomblik toe sy aan Jesus geraak het!

Liefdevol het Jesus haar

aangespreek as “dogter.” Skielik was die twaalf jaar waarin sy deur die ganse samelewing verwerp en verstoot was, verby. Sy het besef dat sy vir die eerste keer in jare weer deel van die samelewing en selfs haar eie familie was. In haar toestand kon die vrou natuurlik ook nooit tempel toe gaan nie, Jesus gee ook dít vir haar terug!

Jesus weier om Sy verlossingswerk te laat beperk deur enige sosiale of politieke grense!

Maar dan keer die verhaal weer terug na Jaïrus se twaalfjarige dogter. Van die huis af het die

berig gekom dat dit te laat was - sy het reeds gesterf!

Ons wil vir Jesus vra: “Here, hoe kón U? Die vrou kon mos maar ‘n bietjie gewag het?” Menslik gesproke was enige verdere optrede van Jesus sinneloos. Maar Jesus het vir Jaïrus getroos: “Moenie jou ontstel nie. Glo net, en sy sal gered word.” Skokkende woorde!

“Maar sy is dan dood, Here!” wil ons vir Jesus sê, “Moenie nog die man se lyding erger maak nie!”

Vir diegene wat egter so pas gesien het hoedat die vrou se verskriklike siekte eensklaps genees was, gee Jesus se

woorde nuwe hoop! Haar geloof was wonderbaarlik beloon! Sou Jaïrus se geloof ook so beloon kon word?

By Jaïrus se huis tref Jesus ‘n troostelose prentjie aan van mense wat huil en weeklaag oor ‘n kind wat gesterf het. Hulle het van Jesus niks verder verwag nie want alle hoop was verby. Dis verstaanbaar dat hulle so gereageer het. Maar toe Jesus vir hulle gesê het dat die kind net slaap, het hulle Hom uitgelag! Hulle het immers sélf gesien dat sy dood was, en dit was finaal! Jesus se eenvoudige reaksie was om bloot die meisie se hand te

vat en haar te beveel om op te staan. Haar ouers kon hulle oë nie glo toe sy onmiddellik reageer het nie. Dit beklemtoon net weereens die feit dat Jesus alle mag het, selfs oor die dood!

Inderdaad weet ons vandag dat die dood vir ‘n gelowige gladnie meer finaal is nie. Jesus het nie alleen gewys dat Hy heerser oor die dood is met hierdie kind se genesing nie, maar enkele jare later het Hy die dood finaal oorwin toe Hy, nadat Hy die volle prys van verlossing betaal het aan die kruis, daardie Sondagoggend uit die graf opgestaan het. Ek en jy het ook

deel hieraan as ons slegs glo in Hom. Jesus se woorde aan Jaïrus: “Glo net en sy sal gered word,” kry later soveel groter betekenis wanneer Paulus in Hand 16:31 sê: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word.” Of wanneer Jesus in Joh 3:16 vir Nikodemus sê: “Elkeen wat in Hom glo .... sal die ewige lewe hê”.

Dít is genade in die hóógste graad! Deur slegs te glo, is jy gered!

Gebed:

Here, dankie dat U my ook gered het en dat die dood nou geen houvas meer op my het nie!

# Dankie vir U gróót genade, Here!

# 29

# Goeie Nuus - Evangelie!

# Romeine 1:2-5

## VIDEO * OUDIO

“Euangelion! Euangelion!” weerklink dit in die straat af. “Evangelie! Goeie nuus! Daar is ‘n seun gebore vir die Keiser! Ons het ‘n troonopvolger!” Die Keiser staan hoeka bekend as die “seun van god.” Juis dáárom is hierdie soveel te meer ‘n heuglike gebeurtenis. Al lank voor die geboorte is daar ellelange geslagsregisters opgestel om te wys presies waarvandaan hierdie kind afstam, en presies wáár hy

in die koninklike bloedlyn inpas. Die sterrewiggelaars het hulle voorspellings noukeurig bestudeer sodat hulle nie dalk êrens ’n fout maak nie. ’n Besonderse stand van die planete het bevestig dat juis hiérdie kind die troonopvolger sou wees. “Euangelion! Euangelion.......”

Paulus skryf op dieselfde trant ‘n “geboortetelegram.” Die aankondiging wat hy egter maak, is nie van ‘n valse god soos dié van die Romeine nie. Nee, dit is oor die Seun van die Ware, Ewige, Almagtige God, Jesus Christus. Hy noem Jesus dan ook

pertinent die Seun van God, en hy bevestig Sy koninklike herkoms. Hy is gebore uit die geslag van Dawid, die grootste van Israel se konings! Hy bevestig dat die geboorte van hierdie Koningskind baie lank vooruit reeds voorspel is deur die profete in die Heilige Skrif. Hy sê ook dat ‘n uiters buitengewone teken dien as ‘n bewys dat Hy waarlik die Seun van God is, naamlik Sy dood en opstanding. Boonop is Hy met groot mag beklee, mag wat aan Hom gegee is deur niemand anders nie as die Heilige Gees.

Hierdie is deel van die aanhef van

Paulus se brief aan die Romeine, en dit is dus Paulus se héél eerste woorde aan die mense van Rome. Hulle is dus op ‘n besonderse wyse verrassend én rewolusionêr. Hy kondig hierdie nuwe “Keiser” aan wat volgens al die destydse vereistes geloofwaardig en met alle mag beklee was. En Hy was gereed om te regeer! Dit is egter nie die naam van Nero wat hy noem nie, maar van Jesus Christus, die Here. En so kom die kersboodskap in Rome aan! En die wonderlike nuus is dat God se ryk en genade nou strek tot in die hoofstad van die ganse wêreld!

Genade was ‘n baie skaars woord in die wêreld van die Romeine. Rolprente oor daardie era toon 'n ongenaakbare en wrede wêreld. As jy aan die verkeerde kant van die gereg beland het, kon jy absoluut géén genade verwag nie. Die gereg was veral totaal genadeloos teenoor veral die Christene. Hulle was beskou as die vyand van die staat. Uit die geskiedenis leer jy van die afgryslike wreedheid van die Romeine. Selfs hulle ontspanningsgeleenthede het gepaardgegaan met grusame wreedheid. Vandag staan die Kolosseum steeds daar as monument vir die talle mense wat

deur wilde diere verskeur, of deur gladiators vermorsel is vir die plesier van die Romeine. Doodsgille weerklink steeds deur die hol gange van die gebou, van mense wat deur 'n enkele handgebaar van die keiser die ewigheid ingestuur is. Genade? Beslis nie in Rome nie!

En nou kom Paulus en hy verkondig juis hierdie verskriklike skaars kommoditeit, genade! Nie alleen verkondig hy genade nie, maar genade in óórvloed aan die gelowiges in Rome! Genade is beslis die hoofbegrip van die brief wat Paulus skryf. Dit kom nie minder nie as 22 keer daarin

voor. Paulus hamer daarop dat hierdie genade, God se verrassende, tegemoetkomende, vergewende goedheid, absoluut gratis is!

Dit is treffend dat Paulus eers die genade op homself van toepassing maak, wanneer hy sê dat dit slegs genade is dat hy ‘n apostel, oftewel gestuurde kan wees onder die heidennasies. Wanneer ek God se Woord aan ander mense bring durf ek vir géén oomblik vergeet dat ek sélf alles aan genade te danke het nie, anders kan ek so maklik verval in hoogmoed en selfverheffing!

In die eerste plek is dit suiwer genade dat ek hierdie werk kán doen. En tweedens, wanneer ek daardie genade ontvang het, moet ek besef dat dit Gód is wat my roep of stuur. Dink maar ‘n bietjie terug in jou eie lewe, oor hoeveel genade nodig was om jou tot by so ‘n punt te bring. Dink net hoeveel mense meegehelp het om jou gereed te kry om die Woord te verkondig. Daar was die jeugleiers, kategete, onderwysers, jou ouers, vriende - alles genade! Maar hierdie genade kom eintlik al 'n baie lang pad, want hierdie mense in ons lewens is die resultaat van tweeduisend jaar se

ononderbroke verkondiging van die Woord van God deur apostels, lekepredikers, kerkvaders, predikante en doodgewone gelowiges wat nooit God se wonderlike, onbegryplike genade laat vaar het nie. Nou het hierdie genade tot by my en jou gekom. Ons durf dit nooit óóit laat doodloop nie! Ek en jy het die taak om, in gehoorsaamheid aan God, ywerig skouer aan die wiel te sit sodat alle mense kan hoor van God se genade, en deel kan hê daaraan.

Gebed:

Here, maak my gehoorsaam en gewillig om U wonderlike genade

nie vir myself te hou nie, maar aan ander deur te gee!

30

# Genade vir Rome!

# Romeine 1:6,7

## VIDEO * OUDIO

In die vroeë Christelike kerk staan die name van twee stede lynreg teenoor mekaar. Aan die een pool het ons Jerusalem, die bakermak van die Joodse sowel as die Christelike geloof. Jerusalem kom ’n lang pad saam met God se volk. Dit was die groot Koning Dawid wat hierdie onoorwinlike stad op meesterlike wyse vir Israel ingepalm het. Hier het die koning van liefde, Salomo later ook die tempel gebou. Hierdie

manjefieke gebou sou dien as simbool van God se teenwoordigheid op aarde en die Israeliete sou dit sien as die absolute middelpunt van die wêreld en heelal wat as’t ware die naelstring tussen hemel en aarde sou wees. Jode sou van regoor die wêreld kom om juis hier te kom aanbid.

Jerusalem sou egter ook baie jare later die plek word waar die lang verwagte Messias, Jesus die grootste offer van alle tye sou kom bring met Sy eie lewe. Dit is in die einste Jerusalem waar Hy die kruisdood gesterf het sodat alle gelowiges die Ewige Lewe

kan hê, en dit is hier waar Hy vir ewig die dood oorwin het deur uit die graf op te staan!

By die ander pool het ons die wêreldhoofstad Rome. Wonderlike Rome, die intellektuele, kulturele en politieke sentrum van die wêreld. Terselfdertyd is dit egter ook die hoofstad van afgodery en sedelike verval. Alhoewel daar in die tyd toe Paulus hierdie brief geskryf het relatiewe vrede was, is die Christendom later baie wreed vervolg in Rome, en is Christene selfs van elders af gebring om hier in Rome vir hulle geloof te betaal en te sterf.

Volgens tradisie is selfs Paulus later ook hier tereggestel. G’n wonder dat Christene Rome herdoop het na Babilon nie! Openbaring beskryf vir ons hoe afgryslik die stad uiteindelik geword het, en in hoe ‘n ernstige lig God die gruwelike sondes van hierdie stad gesien het.

Op die vooraand van die verskrikking van vervolging van die gelowiges, gebeur daar egter ’n wonderlike ding in Rome. God bewys Sy liefde aan al die inwoners van hierdie stad, en Hy rig aan hulle ‘n uitnodiging om Sy kinders te word. En aan almal wat Hy liefhet en wat Hy geroep het

om aan Hom te behoort, bewys Hy Sy liefde boonop daarin, dat Hy ook vir húlle hierdie brief laat skryf. Hierdie is ‘n brief wat die volledige uiteensetting van die Christelike geloofsleer bevat. Baie gelowiges sou hierdeur toegerus word om, selfs met die prysgee van hulle lewens, steeds te wys dat hulle bo alles aan God behoort.

Inderdaad het God ‘n besondere taak vir die gelowiges in Rome, hoe haglik hulle omstandighede ookal is. Hy het hulle boonop hiervoor deeglik toegerus.

Ja, in Suid Afrika is omstandighede vandag dikwels

ook bitter moeilik, maar Hy het ook híér vir my en jou ‘n taak! Hy roep ons en Hy wil ons gebruik! Die Romeine-brief was nie alleen vir die gelowiges in Paulus se tyd ‘n toerustingskursus nie, maar God is ook nóú, vandag besig om vir my en jou toe te rus deur hierdie brief. Hy wil ons leer dat géén omstandighede jou van God se liefde kan skei nie! In Romeine 8:35 tot 39 staan die gedagte volledig opgeteken. Omstandighede, of dit nou goed of sleg is, is juis geleenthede wat God gee om Sy genade en liefde sigbaar te maak, en bo alles te wys dat jy aan Hom behoort.

Paulus sluit sy aanhef tot hierdie brief af met ‘n seëngroet waarin hy God se genade en vrede toebid vir elkeen wat hierdie brief lees. Op daardie stadium was vrede wél nog deel van die Romeinse staatsbestel, want hulle het alles onder beheer gehad. As jy aangekla is, kon jy selfs om genade pleit by die keiser. Maar dit is nie hierdie soort genade en vrede waarvoor Paulus bid nie. Hierdie is ‘n totaal ander soort genade wat slegs God kan gee! Om die waarheid te sê bevestig hy eintlik met sy uitspraak dat God se genade en vrede alreeds daar is vir gelowiges, en dat jy nie nog

daarvoor hoef te pleit nie. Dit is nét so ‘n groot realiteit as die regering van Jesus Christus en die feit van Sy wederkoms. Ook vandag is dit stééds net so ‘n werklikheid vir jou en my, al verdien ons dit gladnie eers nie.

Ervaar dus daardie innerlike kalmte en vrede wat God jou gee, omdat Hy ‘n volmaakte verhouding met ons het. God is nie soos die Romeinse keiser wat maar net jou foute oorgesien het as hy die dag besluit het om jou genadig te wees nie. Nee, Hy het die foute persoonlik sélf reggemaak! Jesus Christus het volledig betaal - die vólle prys - vir

my en jou foute! Ons gebed kan maar net wees dat die Heilige Gees ons sal lei om die realiteit van Jesus se Koningskap al meer en meer raak te sien, dit te eerbiedig en aan Hom ál die eer te gee as die Koning van alle konings. Sodoende sal daardie genade en vrede wat Hy gee, elke dag meer gestalte kry in ons lewens.

Gebed:

Laat Heer, U vrede deur my vloei, en maak my elke dag meer bewus van U genade en heerskappy!

31

# Vrede vir Korinte!

# 1 Korintiërs 1:1-3

**VIDEO * OUDIO**

Lentebloeisels tooi die wêreld in ‘n lieflike kleurewonder terwyl Paulus by die venster uitkyk oor die hawestad Efese waar hy al die afgelope jaar of twee besig is om ‘n gemeente te vestig. Terwyl hy sy bekommerde gedagtes laat gaan oor wat besig is om te gebeur oorkant die Egeïese see, in nóg ‘n hawestad, Korinte, sit sy sekretaris gereed om sy brief aan die gemeente in Korinte te skryf. Dit is die jaar 54nC. Paulus het

die afgelope ruk allerhande kommerwekkende berigte gekry uit Korinte. Die tyd het aangebreek dat hy baie ernstig met hulle praat. Dit kan net eenvoudig nie so aangaan nie.

“Van Paulus,” begin die ou man bekommerd dikteer. Die sekretaris doop sy skerpgemaakte gansveer in die potjie ink en begin pynlik netjies die woorde in sierskrif neerskryf. “wat deur die wil van God geroep is om ‘n apostel van Christus Jesus te wees.”

Slegs die krap-krap van die gansveer is hoorbaar, as Paulus se gedagtes terugdwaal na

daardie dag buite Damaskus, dié dag toe hy die Opgestane Jesus ontmoet het. Watter onbeskryflike invloed het daardie traumatiese dag nie gehad op sy lewe nie! Jesus het hom persoonlik aangeraak en hom ‘n uitgestuurde, ‘n apostel gemaak. “Ons moenie van Sostenes vergeet nie”, sê Paulus vir die sekretaris, “hy het immers saam met my gedink oor hierdie brief! Voeg by dat die brief ook van die broer Sostenes kom.”

“Presies hoe moet ek die brief bewoord?” wonder Paulus. Dis ‘n sensitiewe situasie, en hy wil nie die nuwe gelowiges van Korinte

wegdryf van die Evangelie af deur onsensitief te skryf nie. Aan die ander kant gebeur daar afskuwelike dinge in daardie gemeente, en hy durf dit nie maar net daar laat nie! Hy sidder by die blote gedagte aan van die berigte wat sy ore bereik het. Wat ookal die geval - daardie gemeente behoort steeds aan God! “Aan die gemeente van God in Korinte,” dikteer Paulus voort, en dan dink hy eers baie mooi voordat hy die volgende byvoeg: “wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan hom te behoort.”

“Wat ‘n wonderlike gedagte!”

gesels Paulus met sy sekretaris, “Is dit nie heerlik om te weet dat ek en jy en óók die gemeente in Korinte vir ons Meester afgesonder is nie? Ons is heilig! Hy het ons Sélf, Persoonlik uit die sondige wêreld uitgehaal en ons heilig gemaak! En dit ten spyte van al ons sonde! Genade! Dis suiwer genade!

Maar die dinge wat nou aangaan in Korinte het nou net eenmaal té erg geword! Baie van hulle heul met gnostisisme. Dis 'n verfoeilike ding! Daardie misteriekultus is besig om ál die werk wat ons daar gedoen het, ongedaan te maak. Kan jy glo dat hulle werklik

sou dink dat jy onsterflikheid kan kry deur die een of ander inlywingsrite?” Paulus is sommer omgekrap. “Ons moet dit baie duidelik uitspel dat hierdie sogenaamde ‘pneumatikos’ waarvan hulle praat, suiwer onsin is. Hulle wil sowaar beweer dat jy met jou liggaam kan doen nét wat jy wil, solank jy ’n ‘pneumatikos’, ’n geestelik verligte mens is, en bevry is van die liggaamlike. In kort beteken dit mos dat solank jy ’n gelowige is, maak dit nie saak hóé erg jy in sonde leef nie. Nee, dit werk nie so nie! Ons moet mos heilig lewe!”

“Ek dink jy moet vir my nog ’n

sinnetjie invoeg by die aanhef: ‘En verder aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here.’ ” Paulus sien die vraagteken op die sekretaris se voorkop. “Hierdie brief gaan opslae maak! Dalk lees baie meer mense dit as net die gemeentelede in Korinte!”

Paulus glimlag: “Ek wonder tóg hoeveel mense ooit hierdie brief sal lees? As ‘n paar honderd dit onder oë kan kry, sal ek ‘n baie gelukkige man wees! Wie weet, dalk doen hierdie brief vir die volgende jaar of drie nog steeds sy rondtes onder gemeentes.

Inderdaad kan ál die gemeentes iets leer hieruit!"

Ja, min het Paulus geweet dat hierdie brief vir die volgende tweeduisend jaar nog steeds sy rondtes sal doen en baie miljoene mense dit sou lees en daaruit leer. Daardie paar honderd wat hy dalk in gedagte gehad het, het sy stoutste verwagtinge oortref! Sou hy dalk die brief anders bewoord het as hy dit geweet het? Ek twyfel!

"Kom ons sluit die aanhef af met 'n seënwens: Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!"

Paulus peins diep: "Ek voel so

jammer vir daardie arme mense wat so mislei word," sug hy. "Die morele verval in Korinte is skokkend! Dan is daar boonop die verskriklike verdeeldheid. Daar is selfs hofsake tussen gemeentelede! Dit mag mos nie? Hoe bitter nodig het hulle nie juis nóú hierdie seënwens nie. Hoe verskriklik nodig het die arme mense nie die vrede van God nie. En natuurlik Sy heerlike genade! Dit is my innige gebed dat hulle dit werklik sal ervaar, en dat al die ander mense wat hierdie brief lees dit óók sal ervaar!"

Gebed:

Here, my hart loop oor van

dankbaarheid dat hierdie brief van Paulus vandag vir ons bewaar gebly het, en dat ons steeds vandag daaruit krag en wysheid kan put. Dankie dat ons vandag U wonderlike vrede in ons harte kan hê. En bo alles, dat ons elke dag U genade kan ervaar!

# 32

# Maar Nou.....

# Romeine 3:21-31

## VIDEO * OUDIO

Vir die volgende week kyk ons wat Paulus aan die Romeine geskryf het oor genade. Ons begin met die bekende Romeine 3:23, waar Paulus sê dat almal gesondig het maar dat God dié wat glo uit genade vrygespreek het. Maar kom ons begin voor:

"**Maar nou ....**" - so begin Paulus hierdie perikoop. In die voorafgaande gedeelte skryf hy van sonde, ellende en verlorenheid: "Niemand is

regverdig nie...... die gif van adders is op hulle lippe..... verwoesting en ellende is op hulle paaie..... geen vrees vir God nie…..." Hierdie woorde: "Maar nou" bring ons by die tweede gedeelte van sy brief, en dit lui 'n totale nuwe bedeling vir die ganse skepping in, naamlik 'n **NUWE TYD**, en daardie tyd is **NOU!**

Dink nou net: waar sou ek en jy vandag gewees het as God se genade, God se "**Maar nou**" nie aangebreek het nie? Ons sou dalk soos die Jode van ouds steeds met die verskriklikste wette moes worstel om vir ons 'n

plekkie oop te werk na die saligheid. **MAAR NOU** het God ingegryp in hierdie hopelose situasie. Hy het die "**Maar nou**" gegee sodat ek en jy, en elke mens op aarde, ook vandag deel kan hê aan God se onbeskryflike genade.

Die Skrifgedeelte waarna ons vandag gaan kyk, is seker die deel wat die meeste gebruik word deur "sielesoekers" (dis nou mense wat ander na Jesus lei.) Romeine 3:23-24 is die evangelie in 'n neutedop, en daardie enkele woordjies het al gelei tot redding van talle mense. Maar hierdie verkwikkende fonteintjie in die

Bybel kom eintlik eers tot sy volle reg as jy die voorafgaande deel oor sonde deurgeworstel het!

In die vorige hoofstukke word jy al meer in ‘n hoek gedryf, wanneer Paulus met fyn berekende argumente indringende vrae oor jou vra, vrae wat jou lewe tot op die been oopvlek. Die verskriklike gevolge van ‘n lewe sonder God word woord-vir-woord uitgespel, totdat jy moedeloos uitroep: "**Wee my! Ek is verlore!**"

Dan kom Paulus met die onbegryplike, allesoorheersende nuus van God se vryspraak. Maar voordat ons dalk dink dat God sommer net al die sonde vergeef

en daarvan vergeet, moet ons baie duidelik besef dat God absoluut heilig is, en dat sonde vir Hom ‘n verskriklike ding is wat nie ongestraf durf bly nie. **GOD STRAF SONDE!** Die ongelooflike nuus is egter dat God se vryspraak behels dat sy onskuldige Seun, Jesus Christus, belaai is met al die straf vir ons sondes. My skuld, en joune is inderdaad betaal .... deur Jesus!

Hier vind nou eintlik ‘n wonderlike “ruiltransaksie” plaas. Jesus neem jou sonde weg, en jy ontvang Sy onskuld. Jesus sterf, en in ruil daarvoor leef jy. Jesus word verneder terwyl jy verhoog

word om in God se heerlikheid te deel. Jesus word skuldig verklaar, en jy is vry. Maar nie sommer net vry nie, **HÉÉRLIK VRY!**

Maar hoe kry jy deel aan hierdie vryspraak? Slegs een enkele dingetjie is nodig: **GLO**. Paulus herhaal dit telkens in hierdie hoofstuk, verse 22, 26, 28 en 30. As jy glo in Jesus kry jy daardie verruklike vryspraak!

Baie mense het my al hierdie tergende vraag gevra: “Maar hoe kan ek werklik seker wees van my verlossing? Het God my óóit werklik aangeneem?” As dit vanoggend jou vraag is - gaan lees hierdie perikoop ‘n paar keer

deur totdat die volle waarheid daarvan in jou hart en verstand ingesink het.

God vra alleen van jou ‘n eenvoudige, kinderlike geloof. Dis al! Dan sal jy seker ook sê: “Maar dit kan tog sékerlik nie genoeg wees nie? Ek moet tog ook die wet onderhou!”

Paulus vryf dit deeglik in wanneer hy die volgende paar versies skryf. Die onderhouding van die wet kan vir jou nooit, óóit saligheid gee nie, alleen geloof! Goeie werke en die onderhouding van die wet, doen jy om vir God dankie te sê vir die vryspraak wat jy alrééds gekry het. Om die wet

te onderhou as deel van jou poging om vryspraak te verkry, is soos wanneer iemand oorboord val in die rowwe see, en hy skree: “Help, ek verdrink!” Iemand gooi dan vir hom ‘n reddingsgordel, maar dan skree hy: “Toemaar, ek sal self regkom dankie!”

Wanneer jy die wonder van God se vryspraak beleef het - maak dit jou dan beter as die ongereddes daar buite? Dan is jy mos ‘n trappie hoër, en nader aan God, nie waar nie?

Inderdaad nee! Niemand het iets uit homself waarop hy kan roem nie. “Daardie ongelowiges”, op wie ons as gereddes so graag wil

neersien, is maar net mense wat nog op die waglys is vir God se vryspraak. Onthou: ek en jy was ook op daardie einste waglys! Daardie mense, maak nie saak hoe sleg hulle is nie, het my gebed nodig, eerder as my hooghartige verwerping of veragting. Sien elke ongelowige as ‘n potensiële gelowige, iemand wat nog nie die gawe van geloof ontdek het nie.

Gebed:

Dankie Here, dat U ook mý gered het! Laat my asseblief waarlik omgee vir elkeen wat nog nie glo nie, en gee my die ywer, wysheid en krag om hierdie wonderlike

boodskap van die Evangelie uit te basuin aan elkeen wat kan hoor!

33

# Geloofshelde

# Romeine 4:1-8

**VIDEO * OUDIO**

Toe ek ‘n klein seuntjie was, was Tarzan my groot held. Daardie aap-man wat so al jodelend deur die oerwoude van donker Afrika in die takke rondgeswaai het, het my verbeelding totaal aangegryp! Hy kon immers met die olifante en leeus en goeters gesels! Toe ek begin besef dat dit alles fiksie was, word Paul Kruger my held. Sy geskiedenis het kniediep gelê in die wêreld waar ek grootgeword het. Ek het hom as

die vader van die beskawing in Suid-Afrika beskou, ‘n man van edele inbors. Hy was immers die een wat verantwoordelik was vir die ontstaan van die Kruger Wildtuin! Maar die geskiedenisboeke het my mislei, want selfs die grote Paul Kruger het voete van klei gehad! My mooi prentjie van hom het uiteindelik totaal verkrummel!

As ek vandag werklik ‘n held uit die verlede moes kies, sou dit sekerlik Paulus wees. Ja, inderdaad het hy nie geskroom om die evangelie te deel met wie ookal oor sy pad sou kom nie, maar die groot ding omtrent

Paulus was sy absolute onwrikbare geloof in Jesus Christus. Géén mens óf gevaar, marteling, tronk, selfs doodsdreigemente sou sy geloof laat wankel nie.

Heldeverering was destyds nie ongewoon nie. Vir die Jode was Dawid die gróót held, maar ook Moses. Daar was egter een held wat onbetwisbaar bo almal uitgestaan het, die stamvader Abraham. Hy was ‘n held sonder enige gelyke, en ‘n rolmodel waarna elke Israeliet kon opsien. Dis eintlik só ironies, dat Abraham terselfdertyd ook die stamvader was van Israel se grootste

vyande!

Heldeverering kan gevaarlik wees, veral as jy blind is vir hulle foute. Kyk maar byvoorbeeld na die groot helde uit die Bybel: Dawid het owerspel en moord gepleeg. Selfs Abraham het ook maar ‘n paar keer lelik gestruikel. Nogtans kan jy baie leer en moed skep uit die lewens van daardie groot geloofshelde. Talle sulke helde uit die geskiedenis het enorme struikelblokke oorkom. Helde soos Simson en Gideon het deur die genade wat God hulle gegee het oorwinning behaal toe daar vir hulle menslik gesproke géén kans was nie.

Paulus gebruik die voorbeeld van Abraham as held om by die Joodse gelowiges ‘n aanknopingspunt te kry. Die punt wat hy probeer maak, is dat vryspraak niks te make het met wetsonderhouding of rituele nie. Die Heilige Gees gebruik vandag hierdie gedeelte om ons te oortuig dat God ons liefhet en dat Hy ál Sy genade aan ons gee, sonder om enigiets wat ons doen, gedoen het, of nog sal doen in aanmerking te neem! Ons vryspraak is onvoorwaardelik en gratis, en dis binne elkeen se bereik! God het ons nie lief oor wie of wat ons is nie, maar slegs omdat Hy God is! Ons prestasies

het absoluut niks te doen met ons vryspraak nie. Dit is bloot suiwer genade!

Dalk sal jy vanoggend vir my sê: “Maar my geloof is te swak om God se vryspraak te kry.” Geloof is wél inderdaad die voorvereiste vir God se vryspraak! Die vraag is egter of geloof dan nou een van die “goeie werke” is wat jy eers moet doen? Nee, want selfs jou geloof is ‘n geskenk van God wat Hy uit genade aan jou gee. Vryspraak berus geheel en al op dít wat Jesus gedoen het, en nie eers een ou klein deeltjie van wat jy doen, gaan jou die hemel inhelp nie.

Maar is daar dan nie ‘n teenstrydigheid nie? Jakobus skryf dit dan só duidelik dat geloof sonder werke dood is! (Jak. 2:21-26)

Ons kan dit só verstaan: goeie werke het alles te doen met die vrugte van jou vryspraak, maar dit het niks te doen met die grond daarvan nie. Met ander woorde, wanneer jy geloof het, behoort dit net natúúrlik te wees dat daar goeie werke daaruit sal voortspruit. Om die wet te onderhou, kan jou nie saligheid gee nie, maar omdat jy rééds die saligheid verkry hét, sal jy God se wet onderhou uit dankbaarheid

en liefde.

As ek by ‘n kunswinkel instap, en die verkoopsman wys my ‘n prentjie wat met vetkryte op ‘n stukkie gekreukelde papier gekrabbel is, en hy probeer dit aan my verkoop vir ‘n astronomiese bedrag, sal ek baie gou vir hom vertel wat hy met sy ou prentjie kan maak! As my kind egter met presies dieselfde prentjie na my toe kom, en sê: “Pappa, ek het dit vir jou geteken,” dan sal ek dit beslis koester, dalk selfs raam en in my kantoor uitstal!

Ons allermooiste “prente” waarmee ons die saligheid by

God wil koop, is vir Hom waardeloos en totaal onaanvaarbaar, want Hy is immers die kunstige Skepper van alles wat bestaan. Maar selfs ons onvolmaakte ou “prentjies” wat ons vir Hom uit liefde en dankbaarheid teken, dié koester Hy, want ons is Sy kinders vir wie Hy lief is! Vir sulke onselfsugtige “prentjies” sal God ons selfs uit suiwer genade beloon! Aangesien ons dan die geskenk van geloof en vryspraak ontvang het, kom ons dra dan vandag die vrugte wat daarby pas.

Gebed:

Here, dankie vir U vryspraak.

Help my asseblief om vandag die vrugte van die geloof te dra!

# 34

# Vryspraak en Lewensvreugde

## Romeine 5:1-11

## VIDEO * OUDIO

Eendag kry 'n predikant 'n beroep na 'n nuwe gemeente. 'n Paar weke na sy aankoms, besluit hy om 'n bietjie die stad te gaan verken. Hy haal die plaaslike bus, betaal vir sy kaartjie, en gaan sit om die rit te geniet. Maar toe kom hy agter dat die busbestuurder hom per ongeluk te veel kleingeld gegee het.

Vir 'n rukkie sit hy en wonder wat om te doen. Moet hy die geld teruggee? Natúúrlik sal dit die

regte ding wees om te doen! Om die kleingeld te hou is mos verkeerd. Aan die ander kant is dit só 'n ou klein bedraggie, die busmaatskappy sal dit nóóit mis nie! In elk geval vra hulle gans te veel vir hulle diens! "Aag, ek sal dit maar beskou as 'n geskenk van God en stilbly daaroor," besluit hy uiteindelik, en hy sak behaaglik terug in die sitplek en geniet die rit. Predikante sukkel maar finansieel, en elke ou meevallertjie help om die swaarkry 'n bietjie sagter te maak.

Dan bereik die bus sy bestemming, en die predikant klim af. Op die onderste trappie

draai hy op die ingewing van die oomblik om: “Jy het vir my te veel kleingeld gegee.” Daarmee hou hy die geld uit na die busbestuurder.

Die man lag: “Jy is mos die nuwe predikant, nie waar nie? Weet jy Dominee, ek wou al lankal by ‘n kerk aansluit, maar ek kon nie besluit waarheen om te gaan nie. Ek wou maar net sien wat jou reaksie sou wees as ek jou te veel kleingeld gee. Sien jou Sondag Dominee!”

Toe die bus vertrek, hou die predikant aan ‘n lamppaal vas. Hy voel siek! “Here,” prewel hy, “so byna-byna het ek U Seun vir ‘n

paar sente verkoop!”

Gelowiges word met valkoë dopgehou deur die wêreld! Kyk maar net byvoorbeeld watter ophef gemaak word deur die media as ‘n leraar sou struikel. Was dit ‘n wêreldling dan sou niemand eers ‘n oog geknip het nie. Christengelowiges se lewens is dikwels die enigste Bybel wat baie mense ooit te lese kry. Dit plaas ‘n geweldige verantwoordelikheid op ons skouers, en ons moet elke oomblik van die dag op wag wees oor ons lewens. Dit gaan egter veel dieper as net om nie sonde te doen nie, dit gaan veral ook

oor lewensvreugde.

Paulus begin met ‘n nuwe afdeling in sy brief aan die Romeine, wat handel oor veral genade, en hoe gelowiges God se genade behoort uit te leef? Dikwels is swaarkry deel van ons lewens, en selfs dáár moet ons ook God se genade raaksien, want swaarkry bring ons gewoonlik nader aan God! Ons kan swaarkry vergelyk met ‘n silwersmit se gasvlam wat al die onsuiwerhede uitbrand totdat slegs die héél suiwerste silwer oorbly. Daardie dominee moes uitvind dat daar nog baie onsuiwerhede in sy lewe was. Hy

was selfs bereid om te steel!

In die eerste perikoop maak ons kennis met vryspraak en wat dit behels. Baie gelowiges worstel met die probleem dat hulle nie geloofsekerheid het nie. Soms is dit ‘n kanker wat vir jare aan hulle vreet, en hulle het net eenvoudig nie vreugde in hulle geloofslewe nie, want hulle is onseker of hulle ooit gered is. Paulus stel dit onomwonde dat as jy geloof het, hét jy God se vryspraak! Dan is daar vrede tussen jou en God op grond van Jesus se offer aan die kruis. Boonop is daar 'n bonus: vrye toegang tot God se genade! Én jy kry ‘n aandeel in die

heerlikheid van God!

Wat ‘n wonderlike gedagte! As jy eers die volle omvang hiervan begryp, sal selfs ‘n bietjie swaarkry nie jou lewensvreugde beroof nie. Kyk nou maar hoe het Paulus sélf deur die grootste swaarkry en marteling gejubel en geborrel van lewensvreugde.

Jy vra dalk waarom vryspraak jou so opgewonde kan maak. Daar sit ‘n klomp dinge agter hierdie op-die-oog-af eenvoudige begrip. Eerstens moet ons onthou dat Jesus die losprys betaal het. Hy het nie vir Sy vriende die verskriklike kruisdood gesterf nie, maar vir verlore sondaars, mense

wat Sy vyande was. Selfs die rower aan die kruis langsaan en die soldaat wat Hom gekruisig het!

Hy het ook vir my en jou betaal toe ons nog onverskillig die afgode van die wêreld aanbid het. Hierdie offer van Jesus het ons versoen met God, en dit alleen is genoeg rede om ons borrellend van vreugde te maak. Maar dis nie al nie - Hy het ons ook die Heilige Gees gegee as 'n onuitputlike Bron van inspirasie, krag, wysheid en vreugde.

Maar daar is nog meer: Jesus het nie alleen vir jou die offer betaal nie, maar Hy is in Sy almag en

alomteenwoordigheid ook by jou om jou hand vas te hou en te dra, selfs deur die donkerste uur van nood. Dít is wat gemaak het dat Paulus en Silas vrolike lofliedere kon sing terwyl hulle stukkend geslaan in kettings in die stinkende tronk was!

Hierdie wonderlike lewensvreugde is ook vir my en jou beskikbaar. Gryp dit aan en beoefen dit! Nie alleen sal dit jouself op 'n wolk plaas nie, maar ook die mense wat met jou in aanraking kom aansteek.

Gebed:

Here, vanoggend wil ek dit uitjubel: Dit borrel in my, want ek

is so bly! Laat asseblief my lewensvreugde oorborrel, want U het my vrygespreek!

# Klaas se Gelukkie

## Romeine 6:12-23

**VIDEO * OUDIO**

Ou Klaas was maar ‘n sukkelaar, en dit het gelyk asof die ongeluk die arme kêrel bloots ry. Hy het nie baie geleenthede in sy lewe gehad nie, gevolglik het hy skaars verder as die onderste sportjie van die leer gekom, newwermaaind nog om die bopunt van dáái leer te bereik! Harde werker, ou Klaas, maar as 'n ding kon skeefloop dan hét dit skeefgeloop ten spyte van al sy moedigste pogings. Male sonder

tal het hy sy werk verloor. Een slag omdat sy maters hom verlei het, en hy die oggend nog half gesuip by die werk opgedaag het. ‘n Ander keer het iemand hom by sy baas beskinder, en weereens was hy sy werk kwyt. Toe kry die ekonomie ‘n insinking, en vir die hóéveelste maal moes hy werkloos sit. Die laaste strooitjie was egter beurtkrag, en hulle fabriek word tot stilstand gedwing. Klaas was op moedverloor se vlakte. Hoe harder hy probeer het, hoe swaarder het dit gegaan.

Toe, op ‘n dag ontvang Klaas ‘n oproep van 'n prokureur. Eers wonder die arme kêrel watse

soort moeilikheid hy hom dié slag in bevind, maar die man vertel hom dat sy oom, Ryk Piet, in sy boedel sy besigheid aan Klaas nagelaat het. Hy het Klaas jammer gekry oor al sy ongeluk, en 'n gevestigde maatskappy met groot potensiaal was Klaas s'n om oor te neem. Hy was in die wolke. Klaas het met groot trots die baas se luukse leerstoel ingeneem, en die geld het ingerol sonder dat hy ‘n vinger hoef te roer. Daar was genoeg geld om gereelde partytjies te gooi en selfs ‘n peperduur versameling whisky in sy kantoor aan te hou, net vir so ‘n ou knertsie deur die dag. Daar was altyd maar ‘n ou

klankie van tiermelk in sy asem!

Maar mettertyd kom Klaas agter dat alles nie heeltemal so maklik gaan nie. Toe die winste kwaai begin daal, besef hy dat hy iets sou moes doen. Hy skryf in vir 'n kursus in besigheidsbestuur, en daar leer hy van bemarking, personeelbestuur, selfdissipline, persoonlike verhoudinge en nog baie dinge. Die besigheid was wel syne, en hy kon maak wat hy wou, maar om susksevol te wees, moes hy opofferings maak en bereid wees om hard te werk. Boonop het sy uitspattige lewe en sy verknogtheid aan duur whisky nie net vir hom nie, maar ook vir

sy besigheid 'n slegte naam begin gee. As hy bo wou bly, het hy besef, sou hy hiermee moes breek!

In Klaas sien ons tipies die lewe van ‘n sondige mens - dalk ek of jy? Jy probeer so hard om die saligheid te verdien, maar hoe harder jy werk, hoe meer raak jy in die moeilikheid. En wanneer jy die dag besef dat jy totaal verlore is, kom God uit sy groot genade en Hy red jou sonder dat jy dit verdien.

Dit is op hierdie stadium waar baie “baba-Christene” lelik struikel, bloot omdat hulle nie van mede-gelowiges die nodige

ondersteuning kry nie. Ja, inderdaad het sy lewe verander, en hy leef nou onder die genade van God, maar dat dinge altyd seepglad verloop, is ‘n mite! As ‘n mens ’n waarlik betekenisvolle geloofslewe wil lei, wag daar vir jou harde werk voor. Die eerste stap is om jouself te bekwaam vir die verantwoordelikheid wat nou op jou skouers lê. Ja, inderdaad het jy nou ‘n groot taak, want as gelowige kan jy nie maar rustig terugsit nie! Die koninkryk van God het elkeen van sy burgers nodig. Dit is nie engele wat die Koninkryk uitbrei nie, maar doodgewone gelowiges! As jy in die duister is oor wat om te doen,

gaan dit ook maar sukkel-sukkel, dus is dit noodsaaklik dat jy die Woord leer ken. Bybelstudie, kursusse, seminare, kerkbywoning, selgroepe - dit is alles maniere om jouself te bekwaam vir die taak.

Die tweede baie belangrike faktor is dat jy moet breek met sonde. Jy leer natuurlik wat sonde is deur die studie wat jy doen van die Woord. Die volgende stap is om dít wat jy geleer het dan prakties toe te pas. Dit help niks as jy al die kennis het en bly voortploeter in die sonde nie, want dan bly hang jy as't ware op die randjie van die dood. "Die

loon wat die sonde gee, is die dood," skryf Paulus in Rom. 6:23. En as jy daarin bly voortleef, daal jy al laer en laer, totdat jy uiteindelik weer presies is waar jy was voor jou bekering. Wél nog 'n kind in die geloof maar onbruikbaar vir God!

As jy egter bereid is om skouer aan die wiel te sit, begin jy agterkom dat die genade van God vir jou al hoe groter en groter begin word. Soos wat jy meer en meer van jouself gee, kom jy met verbasing agter dat jy terug ontvang van God af, talle male meer as wat jy self gee. Eers dán word die res van Paulus se

woorde in Rom. 6:23 vir jou duidelik: “Die loon wat die sonde gee, is (wel) die dood, (maar) die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.” As God dan vir ons daardie reuse geskenk van die ewige lewe gegee het, sal ons nie ook óns alles gee vir Hom uit dankbaarheid daarvoor nie? En die bonus is dat ons sélf ook verryk word in die proses! En onthou: die Heilige Gees is daar vir ons om ons deur al hierdie dinge te lei en krag te gee! Laat Hom toe om dit te doen!

Gebed:

Here, U genade oor my is so

groot! Gee my asseblief die wil en ywer om alles in te sit, en ‘n nuttige burger van U koninkryk te wees!

# 36

# Op die Pottebakker se Wiel

## Romeine 9:19-29

**VIDEO * OUDIO**

Die heerlike geur van vars, nat klei hang swaar in die lug as ek die pottebakker se werkswinkel binnestap. Ek is opgewonde - wat gaan hy vanoggend maak? In die vertoonlokaal staan die mees elegante kunswerke uitgestal, en daar is van te kies en te keur. Al die kleure van die reënboog is daar verteenwoordig, en daar is van piepklein tot mammoetgroot, koppies, bakke, blakers, potte.

“Kom kyk,” word ek vriendelik

uitgenooi agter die skerms in, dáár waar die dinge gebeur. Ek stap in ‘n totaal ander wêreld in. Hier is dit maar morsig, as mens die woord durf gebruik, want die vloer is nat, en van al die glans en glorie van die vertoonlokaal is hier niks te bespeur nie. Teen die een muur staan ‘n reuse oond, en ek sien al hoe gloei hy van binne met ‘n hitte wat die warmplek na ‘n vulletjie laat lyk. In die middel van die vertrek staan die beroemde draaitafel, dis nou die plek waar die groot wonder gebeur. Rondom hierdie draaitafel is dit allesbehalwe skoon, ek gril as ek in ‘n poeletjie modder trap!

Skielik begin my gedagtes te dwaal na die tyd toe ek ‘n klein seuntjie was, op Oupa se plaas by Waterval Boven. Daar was ‘n kleigat, net onderkant die fontein. Daar was taai, gladde blou klei, wat ek en my maters dikwels uitgegrawe het en in die proses vieslik vuil geword het. Dit was oorlog-klei, want kleilatgevegte was aan die orde van die dag. Maar soms was dit ook lekkerspeel-klei, waarmee ons klei-osse en allerhande wonderlike dinge gemaak het. Ek het eenmaal een van my kunswerke in Ouma se ou koolstoof se oond probeer bak, maar dit was ‘n volslae

mislukking!

Ek word teruggeruk na die werklikheid as die pottebakker ‘n stuk klei neem en dit begin brei totdat dit heerlik elasties en vormbaar is. Met méning gooi hy ‘n stuk klei wat hy sorgvuldig afgemeet het, op die wiel. Terwyl die wiel draai, begin sy kunstige hande iets vorm. “Wat gaan hier uitkom?” wonder ek opgewonde. Sy hande word natgemaak, en die klei maak hulle modderig sodat sy hande en die klei op die wiel naderhand een is. Stadig neem die voorwerp vorm aan, totdat hy skielik sê: “Daar’s hy, dis klaar!"

Ek kan my teleurstelling nie wegsteek nie. Al wat hy dan gemaak het is ‘n plat bak. Ek wou sien dat die pottebakker ‘n ingewikkelde kunswerk maak, maar nou dít! Ek verstaan nie! Sy talente word nie gebruik nie! Hy lees die vraagteken op my gesig, en dan lag hy: “Hierdie gaan ‘n kleurvolle vrugtebak wees. Ek gaan dit glasuur wanneer die klei droog is, en dan gaan dit gloei met die vrolikste kleure!”

In die voorafgaande gedeelte praat Paulus oor die uitverkiesing, en dit laat jou met meer vrae as antwoorde. Selfs Paulus vra die vraag: “Is God dan onregverdig?”

Prof. Johan Heyns skryf in sy boek: “Dogmatiek” dat God se genade so groot is dat Hy wil hê dat elke mens wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal beërwe. Daarvoor het Hy die mens uitverkies, en so is jy en ek en elke mens wat in Hom glo uitverkies. Die hartseer saak - en ek glo dat die Here die hartseer deel - is dat sommige mense hierdie onbegryplike, onverdiende genade in Christus verwerp en kies vir hul eie manier van selfregverdiging deur “goeie werke.”

Die uitverkiesing, en daarmee saam baie ander vraagstukke, is

vir ons onverstaanbaar, en ons wil graag vir God voorskryf hoe dinge behoort te gebeur. Paulus vergelyk God se handelinge met dié van ‘n pottebakker. Hy het vrymag om te maak met die klei wat Hy wil, en dit te vorm na Sy hand. Soms lyk dít wat Hy maak vir ons onregverdig. God se plan is egter sovéél groter as wat ons gedagtes óóit kan verwerk.

Ek wil soms vra: “Maar waarom het God my dan nie ‘n Billy Graham of ‘n Angus Buchan gemaak nie?” Maar ek vergeet baie gou dat ek maar net ‘n homp vaal klei was voordat God my begin vorm het. Hy het nie nodig

gehad om enigiets aan my te doen nie, want ek was vir Hom absoluut waardeloos. Nogtans het Hy uit genade hierdie waardelose stuk slap, modderige klei geneem en iets daaruit gevorm wat nuttig kan wees vir Sy koninkryk.

Daardie vormingsproses was natuurlik nie altyd so lekker nie, want ek moes anders gemaak word as waaraan ek gewoond was, en om bruikbaar te word moes ek geglasuur word. Ek moes in 'n baie warm oond bak (figuurlik gesproke). Vir my was daar slegs een voorwaarde: dat ek gewillig moes wees, want

sonder my eie toestemming sou God nie hierdie proses met my begin het nie. Wat behels hierdie "toestemming?" Om "Ja" te sê op God se roepstem, en Jesus se geskenk van die ewige lewe te aanvaar. Maar dit gaan ook verder: ek moet toelaat dat God my verder vorm en bruikbaar maak. Hoe doen ek dit? Deur die sonde agter te laat en myself te bekwaam vir Sy diens, maar die belangrikste is dat ek gewillig moet wees om my aan God se vormingsproses te onderwerp, hoe pynlik dit soms ook mag wees. Dit beteken dat ek Hom, die Groot Kunstenaar, met my lewe vertrou.

Gebed:

Here, Skepper van die heelal - ek stel my vandag onvoorwaardelik in U kunstenaarshande!

## 37

# Genade en Vrede vir Jou

## 2 Korintiërs 1:1,2

**VIDEO * OUDIO**

Dis November 1973. Onder my blaaie slaan die koue, klipperige grond van Potchefstroom swaar deur my slaapsak. Die grond is bitter hard en ongemaklik as ek my op my elmboog stut. Maar vanaand dink ek nie eers aan die koue of die ongemak nie. Al wat ek in my gedagtes sien, is my geliefde. "Oor drie weke raak ons verloof," borrel dit in my, "sodra ek uit hierdie militêre kamp kom!" In die flikkerende liggie van die

paraffienlamp trek ek my skryfblok nader. Hoe begin jy ‘n liefdesbrief? Ek het nog nooit so ‘n ding in my lewe geskryf nie! Op skool het hulle my geleer van sakebriewe, nie liefdesbriewe nie! “My liefste,” begin ek. “Ons het maar so pas in Potchefstroom aangeland, en ek verlang my klaar morsdood na jou!” ‘n Klip onder my elmboog steek pynlik, maar ek voel dit skaars. Die enigste ding in my gedagtes, is die groot liefde van my lewe. En dan stort ek my hart uit, ál my verlange op die stukkie papier!

Tóé was pen en papier die enigste manier van

kommunikasie! In Paulus se tyd was dit nog erger: géén telefone, selfone, whatsapp of e-pos nie. Selfs nie eers ‘n posdiens nie! As Paulus dus sy brief aan die gemeente in Korinte begin skryf, moet hy baie seker maak dat elke woord perfek is, want iemand sal dit persoonlik moet gaan aflewer, en dit gaan daardie persoon weke se reis neem.

“*Van Paulus,*” dikteer hy. Hy sukkel om te sien, want sy oë is maar swak, en sy handskrif laat véél te wense oor. Dus moet iemand maar sy skryfwerk doen, iemand wat mooi kan skryf. En die ontvangers moet boonop wéét

dat hy hierdie moeilike brief nie op eie gesag skryf nie, maar op gesag van God. Die Heilige Gees het dit op sy hart gelê! "'*n apostel van Christus Jesus deur die wil van God,*" gaan hy dus voort. Ja, nie almal aanvaar sy apostelskap nie, maar hy is vas oortuig dat hy baie beslis 'n gevolmagtigde gesant van Jesus Christus is! Het Jesus hom dan nie Persoonlik aangestel daar op die pad na Damaskus nie? Dáár het hy alreeds die opdrag van Jesus ontvang om te doen wat hy vandag doen! Nee, hy is nie deur 'n mens aangestel nie, maar deur God sélf!

Boonop skryf hy darem ook nie hierdie brief op sy eie nie. Timoteus lewer ook sy insette! Liewe Timoteus, wat sal hy tog sonder hom doen? Elke keer as daar iewers probleme is, kan hy maar net op die jongman se knoppie druk om te gaan regmaak. Eendag gaan hy nog vir Timoteus aanstel as ‘n leraar iewers in ‘n gemeente. Ja, Timoteus was saam met hom toe hulle die gemeente in Korinte gestig het. Daardie mannetjie het hard gewerk daar in Korinte! Dalk sal dit nie ‘n slegte idee wees om vir Timoteus te stuur om persoonlik hierdie brief te gaan aflewer nie. Dan kan hy mos

sommer ook dinge weer ‘n bietjie gaan regruk waar dit nou besig is om hééltemal skeef te loop. Of wat van Titus? Ja, Titus is miskien eerder die regte een om die brief te gaan aflewer…..

“*Skryf daar by: ‘en van die broer Timoteus,’* ” beduie Paulus aan sy sekretaris.

“*Aan die gemeente van God in Korinte,*” dikteer hy voort, as die sekretaris hom in afwagting aankyk. Inderdaad is dit Gód se gemeente, al is daar so baie probleme. Soms wil dit amper lyk asof hierdie gemeente gladnie aan die Here behoort nie, maar Hy het ‘n wonderlike doel met

hulle, en keer op keer moet Paulus maar net weereens sien hoedat die Here voorsien en hoedat Hy hulle weer optel, elke keer wanneer hulle geval het. Maar belangriker nog, is die feit dat hierdie gemeente, met al hulle gebreke, afgesonder is vir God. Hulle is almal heiliges, toegewy aan die Here. Is dit nie uiteraard maar wat die kerk is nie? O, hoe groot is God se genade nie! As dit bloot menslik was, sou die gemeente al hóéka uitmekaar geval het. Maar deur God se groot genade het hulle behoue gebly, en dit lyk amper of hulle darem nou weer op pad is in die regte rigting.

Paulus onthou skielik van al die ander gemeentes rondom Korinte: “*en aan almal wat aan die Here behoort in die hele Agaje.*” Almal moet die brief lees, nie maar net hierdie enkele gemeente nie. Die ander gemeentes moet óók kennis neem, want dit is mos nie hy, Paulus wat die brief skryf nie. Hy skryf dit mos in opdrag van God, van die Heilige Gees wat hierdie gedagtes op sy hart lê!

“*Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!*” Inderdaad “Genade” vir die Grieke en “Vrede” vir die Jode! So begin

hierdie tydlose brief, wat vandag nog steeds vir elke gemeente uiters relevant is, nie net dié van Korinte nie. Omdat dit deur die Heilige Gees geïnspireer is, is die brief persoonlik aan my en jou ook gerig, en móét ons ter harte neem wat Paulus skryf. As hy dus vir my en jou vanoggend genade en vrede toebid, dan beteken dit dat ons dit maar ons eie kan maak.

Mag daardie wonderlike genade van die Here, en die vrede wat alle verstand te bowe gaan, vandag joune wees, en mag jy dit baie duidelik ondervind, elke oomblik van die dag.

Gebed:

Here, dankie vir hierdie wonderlike brief, en dat dit vir my persoonlik bedoel is!

38

# Die Testament

Galasiërs 3:15-25

**VIDEO * OUDIO**

Oom RykGert stel met bewende hande sy laaste testament op. Hy was ‘n suksesvolle sakeman, en hy het sy onderneming deur die jare opgebou tot ‘n uiters winsgewende maatskappy. Maar nou het Oom RykGert nog net ‘n kort tydjie oor om te leef. Hy het nooit getrou nie, en daar is dus niemand om sy rykdom te erf nie. Tóg is daar ‘n hele paar hoopvolles wat wag om te aas.

En dan sterf hy. Sy testament lê

opgesluit in die prokureur se kluis. Een-vir-een kom lê die hoopvolles by die regsman besoek af om te verneem hoe die testament lees, maar sy lippe is gesluit. Hulle probeer die prokureur oorreed om die testament te verander in hulle guns, maar hy weier. Wat geskryf is, is geskryf. Dis finaal!

Op ‘n dag roep die prokureur al die hoopvolles saam, en baie dramaties maak hy die verseëlde koevert met Oom RykGert se testament oop. Binne is een velletjie papier met die woorde: “Aan my nefie Bennie bemaak ek my hele sakeonderneming.” Dis

al! Net daardie enkele sinnetjie!

Bennie is verslae: “Wat het ek gedoen om dit te verdien? Ek het nog nooit werklik iets vir Oom RykGert gedoen nie, ek ken hom skaars! Ek verstaan dit nie!”

Almal is ontstoke. Hulle het so hard probeer om Oom RykGert te beïndruk, en hulle kry niks. “Ek gaan prosedeer!” skree Hendrik. Sannie, ‘n verlangse niggie, skree met ‘n skril stemmetjie: “Ek gaan dit tot in die hoogste hof beveg!” Ou Karel is woedend: “My hele lewe lank het ek my afgesloof vir simpele ou RykGert. Wat kry ek? Net mooi niks!”

En Bennie? Hy loop oor van

dankbaarheid! Dan neem hy ‘n besluit: “Ek gaan my bes probeer om ‘n reuse sukses te maak van die onderneming, en ek gaan die winste terugploeg in die arm gemeenskap.”

Wanneer ons oor die wet en genade gesels, lig ‘n paar mense die wenkbroue, want wat was dan die doel van die wet van Moses as dit vandag nie meer geld vir ons nie? Waarom het God in die eerste plek die Wet gegee? Moet ons nou heeltemal, totaal-en-al van die Wet vergeet?

Paulus het dit baie mooi gestel toe hy dit met ‘n testament vergelyk het. God het Sy

testament aan Abraham bekend gemaak. Daarin beloof Hy onder meer vir Abraham dat al die nasies in sy nageslag geseën sal word. Hiermee sê God vir Abraham (as jy tussen die lyne lees) dat Hy Jesus uit Abraham se nageslag sou laat voortkom, en dat Jesus die volkome vryspraak sou gee.

Soos ons reeds gesien het, was Abraham 'n diep gelowige mens. Ongelukkig kan ons dit nie sê van al sy nakomelinge nie, en dikwels het hulle die Here baie diep bedroef. Om een voorbeeld te noem: tydens God se reddingsoperasie waar Hy hulle

uit die kloue van die Egiptenare verlos het, is Moses op die berg Sinaï in heilige oomblikke in God se teenwoordigheid, terwyl die volk aan die voet van die berg in spanning wag. Die wagtyd raak te veel, en hulle begin met afgodsaanbidding terwyl die heilige gesprek tussen God en Moses plaasvind. Hierdie mense het nie ‘n begrip gehad van hóé om met God te verkeer, soos wat hulle voorvader Abraham kon doen nie.

God moes ingryp en vir hulle riglyne neerlê oor wat van ‘n mens verwag word. Hy moes vir hulle uitspel oor hoe ‘n mens aan

God eer moes bewys, en hoe jy jou medemens moes behandel. Steeds was dit nie genoeg nie, en later moes Moses allerhande Godsdienstige rituele inbring om die rebelse en hardkoppige klomp Israeliete se gedagtes op God te vestig. Spesiale feeste moes sorg dat die mense onthou dat dit God alleen is wat redding kan gee. Hy het hulle immers uit die slawerny van Egipte gered! Ander rituele moes hulle herinner aan die heiligheid en reinheid van God.

Steeds was hierdie dinge nie genoeg nie, en die arme moedelose Moses moes in fyn detail vir die weerbarstige klomp

elke titteltjie en jota kom uitspel, nes jy vir ‘n stout kind reëls en regulasies moet neerlê. Hulle was soos ‘n klomp babas wat elke oomblik van die dag opgepas moes word. Die doel van die wet was dus om as “babawagter” hierdie sondige klomp op te pas. Nooit was die doel van die wet om redding te gee nie. God se genade alleen kon redding gee. As die saak tussen jou en God reg is, dan sal jy mos vir God liefhê en outomaties die regte dinge teenoor Hom doen! Die liefdesuitvloeisel maak dat dit oorloop na jou medemens, en dat jy ook aan hóm dieselfde liefde en respek sal gee.

In God se testament aan Abraham beloof Hy die Messias. Die wet moet dien as ‘n “tussenganger” totdat daardie belofte in vervulling gaan. Die belofte is intussen vervul en die beloofde Messias het gekom. Dit maak dan ook uiteraard die wet “oorbodig”. Beteken dit dat ons gladnie meer die dinge wat in die wet vervat is hoef na te kom nie? Nee, beslis nie om die saligheid te verkry nie! Dit moet egter ‘n natuurlike uitvloeisel wees om hierdie dinge natuurlik te doen uit dankbaarheid, want dit is mos hoe ‘n mens optree teenoor God en jou medemens. Die belangrike punt wat Paulus hier wou

tuisbring is dat die wet nooit ‘n verlossingsmiddel is nie, maar dat GELOOF in CHRISTUS die enigste weg na verlossing is!

Gebed:

Here, dankie vir U verlossingswerk, want my beste werke sou my nooit verlossing kon gee nie!

# 39

# Van Verlore na Gered

# Efesiërs 2:1-10

## VIDEO * OUDIO

Ek was verlore, eintlik nog erger: DOOD! Alles die gevolg van my sondes, maar uit Sy groot genade het God my gered en totaal herskep. Om daardie rede sal ek leef soos God van my vra. In kort is dit wat in ons Skrifgedeelte staan. Klink eenvoudig, maar hierdie kort gedagte behels egter sommer véél meer as wat dit op die oog af lyk. Kom ek verduidelik met ‘n voorbeeld.

‘n Kêrel keer my by die kerk voor

met ‘n geheuestokkie in die hand: “Louis, ek het ‘n boek geskryf. Wil jy hom nie gou vir my druk nie?” ‘n Eenvoudige versoekie!

Ek druk die stokkie in my rekenaar, en sommer op die eerste bladsy al sien ek dat dit wemel van spel- en taalfoute. Dit beteken dat sy skryfwerk eers geredigeer moet word alvorens dit enigsins publiseerbaar is. Dis my Mosbolletjie se groot taak om die boek woord-vir-woord deur te lees, rooi pen in die hand en elke foutjie te merk. Dit kos weke se noukeurige, tydrowende hard-konsentreer leeswerk, want letterlik elke kommatjie moet

nagegaan word!

Wanneer sy uiteindelik by die laaste bladsy kom, word ek nadergesleep. Nou gaan ons die boek saam deur en bespreek elke fout en maak reg. Hierna word hy weer ‘n slag uitgedruk en dan lees sy hom ‘n tweede keer noukeurig deur om te soek vir foutjies wat dalk iewers oorgeslaan was. Eers wanneer sy hiermee klaar is, kan daar begin word om die boek finaal op te stel. Dan kom die ontwerp van die omslag, nóg ‘n ding wat baie tyd in beslag neem. Eers hierna kan die drukproses begin en die boeke gebind word. Daarna moet

die boeke netjies gesny word met ‘n reuse papier-snymasjien. Glo my, dis hárde werk! “Druk gou-gou vir my ‘n boek!” raak ‘n reuse taak wat maklik ‘n maand kan duur!

Wat moes alles gebeur sodat ek, verlore sondaar, omskep kon word in ‘n vrugdraende gelowige? Dit is soos om die proses te beskryf waar ruwe kakaobone omskep word in hemelse Belgiese sjokolade! Dit gebeur nie sommer maar net só nie! Maar die resultaat…….. Ai toggie!

Dink so ‘n bietjie terug aan jou eie lewe: Voor al hierdie dinge gebeur het was jou lewe héél

anders. Jy het jou laat mislei deur Satan, al sou jy dit dalk vir geen oomblik wou erken nie! Jou sondige begeertes het jou lewe só oorheers dat jy doodeenvoudig net gedoen het wat jy wou. Jy het daagliks die verdoemenis in die gesig gestaar en dikwels gelag daaroor. Wanneer jy in sonde leef, kan jy nie slegs die duiwel al die krediet gee daarvoor, soos wat Eva gedoen het nie. Jy sondig omdat dit lekker is en omdat jy jou deur jou begeertes laat mislei. Hoe was jou ware omstandighede voor jou redding?

Jy was dood as gevolg van jou sondes.

Jy het die hoofstroom gevolg.
Jy was geestelik dood.
Jy was God se vyand.
Jy sou deur God gestraf word.
Jy was in diens van Satan.
Jy het jou laat mislei deur jou sondige natuur.

Ja, en toe gebeur daardie wonderlike ding in jou lewe en uit God se groot genade red Hy jou uit hierdie moeras van verlorenheid! Nou lyk die lysie iewat anders:

Jy is nou die voorwerp van God se liefde.
Jy is saam met Christus lewendgemaak.
Jy kies Christus se pad.

Jy leef vir ewig.
Jy is ‘n kind van God.
Jy is uit genade gered.
Jy is in diens van Christus.
Jy laat jou lei deur die Gees.

Om egter hierdie oorgang van die een na die ander toestand te vermag, het ‘n proses gekos wat die hemel tot in sy fondamente geskud het. Dit het gekos dat die Skepper van die heelal Sy troon moes verlaat en Hom kom verneder tussen die vuil, sondige, Satan-dienende gebroedsel. Hy, die Een wat die hoogste gesag van alle tye beklee, het Homself vrywillig kom onderwerp aan die spot, vloek en selfs marteling tot

die dood om sodoende die volle prys te kon betaal vir my en jou redding. Dit is suiwer genade, ‘n gawe van God wat Hy gratis, vry en verniet gee. Géén mens kan dus óóit roem om te sê: “Ek het my lewe verander van ‘n verlore, sondige lewe na ‘n geredde, God-gesentreerde lewe” nie. Alles, alles is genade!

As ek dan sien wat God met my lewe gedoen het, sonder dat ek enigiets daarvan verdien het, mag dit alleen tot één ding lei: om oor en oor dankie te sê, nie maar net met woorde nie, maar met my hele lewe! Dit behoort ‘n natuurlike reaksie te wees om

daardie God wat my uit die kloue van Satan gered het, te dien en loof deur alles wat ek doen. Met ander woorde, nie te werk vir ‘n beloning nie, maar suiwer omdat ek dankie wil sê en omdat ek Hom innig liefhet!

Gebed:

Dankie, dankie, dankie Jesus, vir wat U alles vir my gedoen het, en dat U my gered het! Leer my om my dankbaarheid prakties uit te leef!

40

# God se Opdrag

# 1 Timoteus 1:1,2

**VIDEO * OUDIO**

Om ‘n opdrag van God te kry om ‘n taak te verrig, is ‘n wonderlike voorreg. Eintlik is dit sag gestel, want dit is suiwer genade! Dat die Here mý gekies het, terwyl daar soveel ander is wat die taak waarskynlik baie beter sou kon verrig!

O ek kan getuig van hope genade wat ek al van God ontvang het, en ek het niks daarvan verdien nie! So het ek 23 jaar gelede die heerlike opdrag gekry om

dagstukkies te skryf, en ek het nog nooit opgehou nie. Dit was die lekkerste opdrag óóit, en ek geniet elke oomblik daarvan! Suiwer genade!

Baie jare gelede was daar 'n jong kêrel wat óók só God se genade beleef het en die mees aangrypende opdragte gekry het. Sy naam – Timoteus. En hier skryf Paulus aan hom persoonlik 'n brief wat uiteindelik deur baie miljoene mense gelees sou word. Is dit nie genade nie!?

Sommer met die intrapslag lees ons al 'n paar baie interessante dinge, en jy kry onmiddellik die gevoel van waaroor die res van

die brief gaan handel. Op die oog af is dit net ‘n mooi groet, maar daar steek véél meer in as net ‘n “Goeie môre!” Ons lees daarin van gesag, liefde, roeping, genade en hoop.

Wie was hierdie jongman, Timoteus aan wie Paulus die baie besonderse brief geskryf het nou eintlik? Tydens Paulus se tweede sendingreis het hy by Listra aangedoen, en daar ontmoet hy hierdie jongman. Sy ma was ‘n Jodin wat tot bekering gekom het, en sy pa ‘n Griek. Timoteus was toe ook alreeds ‘n gelowige, en Paulus het sommer dadelik gesien dat hierdie man baie

potensiaal het as ‘n evangelis. Daar was egter ‘n klein probleempie, noem dit maar ‘n struikelblok. Timoteus was beskou as ‘n Jood as gevolg van sy Joodse ma, maar met sy Griekse agtergrond is hy nooit besny nie. Hy sou dus toegang geweier word aan enige sinagoge, en Paulus het júís baie van sy sendingwerk begin in sinagoges. Timoteus moes maar oë toeknyp en die operasietjie ondergaan. Toe begin sy onderrig onder leiding van die groot meester, Paulus. Wat ‘n wonderlike voorreg! Én genade! Vir Paulus was Timoteus van onskatbare waarde op sy

sendingreise, en hy selfs later opdrag gekry het om op te tree as die leraar in Efese!

Om ‘n opdrag van God te kry, behels onder meer twee baie belangrike elemente, gesag asook liefde. Ons sien dit duidelik in die aanhef van hierdie brief. Paulus skryf van die groot gesag wat God hom gegee het in Jesus Christus. In dieselfde asem praat hy van Timoteus as sy “eie kind,” en lees ons in sy woorde van ‘n intieme, sorgende en liefdevolle verhouding tussen hom en Timoteus. Hier sien ons dus ‘n gesagvolle dog liefdevolle pa-kind-verhouding. As gesag nie

met liefde toegepas word nie, kan dit outokraties of bombasties wees.

Ongelukkig word gesag meestal baie anders toegepas. Gesag beteken dikwels dat die persoon wat dit het, homself selfsugtig verryk en diegene onder hom uitbuit. Uit Paulus se voorbeeld leer ons dat jy jou gesag onbaatsugtig en met groot deernis en liefde moet uitoefen, en dat jy jouself moet onderwerp aan dieselfde Bybelse voorskrifte as wat jy van diegene onder jou gesag verwag. En as jy onder iemand se gesag staan, dan moet jy altyd onthou wat Paulus aan

die Romeine geskryf het: "**Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie.**" (Rom. 13:1)

Iets wat hand-aan-hand gaan met gesag, is 'n roeping. Leierskap is 'n opdrag van God, so sien ons baie duidelik in vers 1. Jy moet ook goed verstaan, dat as God jou roep, durf jy dit nie weier nie. Vra maar vir Jona! Hy wou mos weier om God se opdrag uit te voer! Daar is baie verskillende maniere waarop 'n gelowige leiding kan neem, en baie terreine in die lewe waar jy dit kan uitleef. As ouers het jy 'n opdrag om leiding te neem oor jou kinders. In die kerk kan jy leiding neem as

predikant, ouderling, selgroepleier, diensaksieleier, jeugleier - die moontlikhede is legio. Elke vorm van leierskap kom egter as ‘n opdrag van God.

Die vraag is: hoe weet ek dat dit werklik God is wat my geroep het? Sekerlik die belangrikste element is biddende selfondersoek. Die blote feit dat jy ‘n leemte raaksien, kan beteken dat dit God is wat jou ‘n saak op die hart lê. Saam daarmee gee God jou die nodige gawes en toerusting om die taak uit te voer. Mede-Christene se erkenning en bemoediging sal die sekerheid van God se roeping of opdrag

versterk.

Leierskap kom egter nie uit jou eie krag nie, maar dit is suiwer genade. God het die inisiatief geneem met jou verlossing, en op dieselfde manier neem Hy die inisiatief met ‘n roeping of opdrag tot leierskap. Jy moet te alle tye besef dat jy slegs deur genade ‘n leier is, en dat dit niks met jou goeie hoedanighede, gewildheid of vaardighede te make het nie. Bid dus elke keer om God se genade wanneer jy as leier optree.

Laastens moet jou leierskap HOOP uitbeeld. In jou leierskap moet ander mense altyd vir Jesus

kan sien. Jesus se leierskap moet dien as die rolmodel vir jou eie leierskap, en daarmee moet jy vir ander mense hoop gee en God se wonderlike genade uitbeeld!

Gebed:

Here Jesus, dankie vir die groot genade dat ek in U diens mag staan. Leer my asseblief om my leierskap in liefde uit te leef volgens U wil!

41

# Slaaf vir God

# Titus 2:9-15

## VIDEO * OUDIO

In Titus 2 verduidelik Paulus vir Titus hoe gelowiges teenoor mekaar moet optree in hulle verskillende omstandighede. In verse 9 en 10 praat hy spesifiek oor gelowige slawe.

Dis opmerklik dat hy nie hier pleit dat slawe vrygelaat word nie. Sou dit nie dalk die regte ding wees nie? Nee, hy preek juis vir die gelowige slawe dat hulle hulle slaaf-wees só moes uitleef in hulle samelewing dat

buitestaanders moes besef dat Christene geensins die sosiale orde wou omverwerp of ondermyn nie, maar dat selfs húlle, die laagste van die laagstes, kon help met die geestelike opbou van die bankrot gemeenskap.

Die dinge wat Paulus hier oor slawe te sê het, kan ons vandag feitlik nét so op ons werkplek toepas. Inderdaad word gelowiges dikwels soos slawe behandel, en soms voel dit bitter onregverdig. As die ander werkers staak, dan stap jy gebelgd saam om hierdie onreg wat jou aangedoen word met

wortel en tak te probeer uitroei. So ‘n staking gaan dikwels gepaard met geweld, en baie skade word aangerig, en dit kos die land miljoene! Die feit is dat werknemers wat net die heeltyd kyk waar hulle hulleself kan bevoordeel, aan ‘n geestelike armoede ly. Hulle kan dan nie hulle verantwoordelikheid teenoor God besef nie. Terselfdertyd ly die onderneming waarvoor hulle werk soveel skade as gevolg van die staking, dat dit op die einde van die dag ook al die werknemers benadeel!

Natuurlik moet die werkgewer ook sy verantwoordelikheid nakom,

en die werkers behoorlik vergoed vir hulle dienste. Volgens 1 Tim. 5:18 en Kol. 4:1 het ook húlle ‘n verantwoordelikheid teenoor God in hierdie opsig. Maar nou praat Paulus spesifiek met werknemers, en hy sê dat gelowiges hulle roeping teenoor God vervul deur gehoorsame, eerlike en betroubare werk te lewer. Hierdeur lewer hulle nie alleen ‘n groot bydrae tot die geestelike opbou van die samelewing nie, maar hulle gee ook geloofwaardigheid aan die Christelike geloof.

Paulus het in hierdie hoofstuk ‘n klomp voorskrifte vir mans,

vrouens en slawe gegee. Die vraag is, hoe moet my lewe dan daar uitsien? Kan ek nie maar net in my huis gaan sit en my daar besig hou met geestelike dinge nie? Hoekom kan ek nie maar die bose samelewing aan hulle eie lot oorlaat nie? Ek kan my mos eerder met God besig hou! Die feit is dat God se genade nie maar net vir die klein groepie gelowiges bedoel is nie, maar vir álle mense. Hy wil nie hê dat énige mens verlore moet gaan nie.

Maar daar is ‘n voorwaarde aan God se genade, dat dit alleen geskied deur die verlossingswerk

van Jesus Christus. Ons moet onthou dat God uiters selde engele of wonderwerke gebruik om mense tot geloof in Jesus te lei. Dit is die taak van doodgewone gelowiges soos ek en jy. Ons durf onsself dus nie onttrek uit 'n bose samelewing, of bloot toekyk hoedat die samelewing homself vernietig nie. Nee, ons moet juis die boodskap van verlossing in hierdie samelewing indra sodat God se genade ook dáár tot volheid kan kom. Johannes 3:16 sê nie: "God het die gelowiges so liefgehad….." nie, maar "God het die **wêreld** so liefgehad……" Dis genade!

Ons moet egter baie versigtig wees dat ons visie nie te nou gestel word nie. ‘n Gelowige se visie moet baie breër wees as bloot die teenswoordige wêreld. Paulus verkondig nie ‘n sosiale Evangelie wat net die opbou van die samelewing in gedagte het nie. As jy die Evangelie só wil sien, kan jy baie skade aanrig, want dit is bloot ‘n materialistiese interpretasie van die Evangelieboodskap. Met só ‘n boodskap sê jy dat sonde sosiale verkeerdhede is, en dat bekering die belydenis is van jou oortredings teenoor mense. Dat verlossing die verandering is van sosiale en politieke strukture.

Sodoende word Jesus ‘n revolusionêre bevrydingsfiguur!

In Suid-Afrika het ons Christene lank reeds in gebreke gebly om voluit met ons lewens te wys dat die verhouding met God deur Jesus Christus geloofwaardige betekenis het vir álle mense. Die tyd het nóú aangebreek dat ek en jy uit hierdie tregter van geestelike verarming uitklim. Inderdaad het God se genade sosiale implikasies en ons moet hierdie implikasies ten volle uitleef. Terselfdertyd moet ons egter ook deeglik besef dat God se genade baie, báie meer behels as net sosiale implikasies. As

gelowiges is ons deel van God se eie volk wat deur Jesus se offer van sondes gereinig is, en wat uitsien na ‘n dag wanneer hierdie bose, gebroke wêreld vervang sal word met ‘n absoluut volmaakte nuwe wêreld. Hierdie toekomsvisie mag nooit daar wees sonder die praktiese uitleef van ons Christelike geloof nie. Terwyl ons die volle implikasies van God se groot genade besef, moet ons elke dag hierdie genade prakties sowel as geestelik uitleef!

Elke gelowige moet wel deeglik besef dat volgehoue opbouende betrokkenheid in hierdie huidige

wêreld van ons, op die lang duur slegs betekenis kan kry deur die wonderlike verwagting van die ewige lewe. Verder kan ons absoluut niks doen uit eie krag nie, maar alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees in ons.

Gebed:

Here, help my asseblief om uit my dop te kruip en ‘n verskil te maak aan die bose wêreld!

# 42

# Ek en my Samelewing

## Titus 3:1-7

**VIDEO * OUDIO**

Paulus se brief is spesifiek gerig aan Titus. Dit raak egter ook die gemeente in Kreta, en dit is steeds ewe relevant vandag vir ons in Suid-Afrika of waar jy jou ookal mag bevind! In hierdie brief raak hy verskeie punte aan oor die Christelike lewe. In hierdie gedeelte raak hy 'n baie belangrike punt aan, naamlik jou gedrag in die samelewing.

Elke gelowige moet baie deeglik onthou dat ons nie afgesonderd

lewe nie maar dat ons deel is van ‘n samelewing waar ek en jy ‘n instrument in God se hand kan wees om diegene rondom ons tot geloof te lei. Blykbaar het sommige gelowiges op Kreta hulle egter totaal uit die samelewing onttrek!

Gelowiges se grootste kopseer, is die liewe owerheid wat oor ons aangestel is. Dink jy net daaraan, dan raak jy klaar warm onder die kraag! Ja, daar sit wel ‘n handjievol gelowiges in ons parlement, maar die res is uitgesproke ongelowiges. Daar word soms selfs Sangomas gebruik om die parlement te

"reinig"!

Die vraag is, wat ek moet doen omtrent daardie gesag? Moet ek dit maar gelate aanvaar? “Inderdaad!” sê Paulus. Hy beklemtoon dit in vers 1 nadruklik vir Titus en die gelowiges: “*Herinner hulle daaraan om aan die owerheid en alle gesag onderdanig te wees!*” Boonop moet hulle aan hierdie gesag gehoorsaam wees. Dis harde woorde! Veral as ons besef dat Kreta se regering dalk nog meer korrup was as ons eie! Die feit is dat onderdanigheid aan God ook onderdanigheid aan die owerhede insluit. Verlede week

het ons gesien dat Paulus in Romeine 13:1-7 skryf dat daar geen gesag is wat nie van God kom nie! Dit is om hierdie rede dat ons ons nie alleen moet onderwerp aan die gesag nie, maar selfs ons positiewe samewerking moet gee om alles te doen wat goed is (Titus 3:1). Dit beteken natuurlik nie dat ons kan meedoen aan die onheilighede nie, maar dat ons só sal lewe en optree dat selfs 'n nie-Christelike owerheid sou wens dat al sy onderdane Christene was!

Wat egter vir die regering geld, geld ook vir ander mense. In vers

twee sê Paulus dat ons **vriendelikheid en ware sagmoedigheid** moet betoon aan **alle mense.** Wie is hierdie "almal?" In Titus se geval is dit die berugte Kretensers, dieselfde "leuenaars, slegte ondiere en lui vrate" waarvan hy in hoofstuk 1 skryf.

Raak dit nie dalk nou 'n bietjie dik vir 'n daalder nie? Hoe kan daar van my verwag word om nog steeds met 'n soet glimlaggie op my gesig op te tree teenoor 'n spul skurke? 'n Mens se natuurlike reaksie is om sulke mense ten alle koste te vermy en niks met hulle te doene te hê nie.

Onthou: Jesus het die voorbeeld kom stel toe hy saam met ‘n spul skurke gaan partytjie hou het! Ter wille van die verkondiging van God se Evangelie van genade, moet ons *júís* moeite doen om teenoor hierdie hopeloos-verlore mense op te tree soos God van ons vra.

Maklik is dit baie beslis nie! Christenskap is definitief nie vir sissies nie! Dit beteken immers dat as hulle van jou kwaadpraat, dat jy nie sal terugkap nie maar jou kleinserigheid in jou sak sal steek. Dit beteken ook dat jy ‘n situasie wat op ‘n rusie kan uitloop sal probeer ontlont. Van

jou eie belang en eer moet jy liewers maar vergeet, nes Jesus gedoen het. Ons moet onvoorwaardelik bereid wees om ander mense se belange voorop te stel. Op hierdie manier vertoon jy die beeld van Christus in ‘n verrotte samelewing. So kan jy help om God se genade op ‘n geloofwaardige manier sigbaar te maak vir mense wat dit baie dringend nodig het. Inderdaad kan jy op hierdie wyse meehelp om die siek samelewing te genees.

Ek en jy moet deeglik besef dat ons nie durf hoogmoedig wees teenoor die vrot samelewing nie,

en ons durf ons nie daaraan onttrek nie, want ons was ook eenmaal daar! Paulus skryf in vers 3: “Want ons was ook voorheen onverstandig, ongehoorsaam, verdwaal, verslaaf aan allerlei begeertes en luste. Ons het in kwaadwilligheid en naywer geleef, ons was haatlik en het mekaar gehaat.” Dis slegs God se groot genade wat ons hieruit gered het! Die feit is dat dit nie ons eie goeie werke of eie toedoen is dat ons die saligheid gekry het nie, maar dat dit slegs God se groot genade is wat ons hieruit kon red!

Nou kom ons by die

kernboodskap van die Titusbrief, naamlik dat die goedheid en liefde van God aan mense moet verskyn (vers 4). As ons wil help met die geestelike opbou van Suid-Afrika, moet ons as gelowiges nie net heeltyd kritiseer en die foute uitwys nie, maar ons hooftaak is om mense te konfronteer met God se goedheid, liefde en genade. God het ons geroep om met sy Woord en met ons lewens, ongelowiges te oortuig van God se goedheid.

Drie dinge moet ons gedurigdeur motiveer vir so ‘n lewe: ‘n opregte jammerte in jou hart vir die lot van die gemeenskap wat verslaaf is

aan hulle eie begeertes, en terselfdertyd die besef van die absolute onverdiende genade van jou eie verlossing, asook die besef dat hierdie selfde genade die enigste redding is vir die verlorenes van ons samelewing!

Gebed:

Here, leer my asseblief om U genade elke dag op so ‘n wyse uit te leef teenoor ander mense dat hulle Jesus se wonderbare liefde in my kan sien!

# 43

# Altyd ‘n Christen? Hebreërs 10:26-31

## VIDEO * OUDIO

Daar heers ‘n angswekkende spanning in die kamp van die vryheidsvegters. Hoe het die regering uitgevind waar hulle wegkruip? Gisteraand was hulle uitmekaar geskiet! Die leiers hou ‘n dringende beraad om die misterie uit te pluis. Stadigaan begin dinge duidelik word. “Fernando!” bulder die leier. Fernando krimp ineen. Hy spring op en probeer weghardloop, maar dis reeds te laat….. Nou weet almal: Fernando is 'n verraaier!

Hy word hardhandig gegryp. Hy is immers verantwoordelik vir die dood van etlike van hulle makkers tydens die vorige aand se skermutseling! Die vuurpeleton is nou sy voorland!

Verskriklike storie! Verskriklike einde vir ‘n arme mens! Maar hierdie man het presies geweet wat hy doen toe hy sy maats, sy sielsgenote verraai het. Die ideologie waarin hy eenmaal geglo het, het vir hom waardeloos geword, en hy het dit weggegooi om homself met die vyand te vereenselwig.

Vir die vroeë kerk was dit dikwels ‘n oorlewingstryd.

Christengelowiges is deur die wrede Nero uitgeroei, en hulle moes ‘n ondergrondse bestaan voer om te probeer verhoed dat iemand uitvind dat hulle Christene is. Geheime tekens, soos die vis was gebruik om mekaar te herken as mede-gelowiges. Wanneer iemand uit die heidendom tot bekering gekom het, het hy sy eie lewe op die spel geplaas. Waarom het mense soveel gevare en onderdrukking getrotseer om die Christelike geloof aan te neem? O, die voordele was natuurlik oneindig groot! Om ‘n kind van God te wees, het beteken dat jy verlos was van die mag van sonde.

Daarmee saam natuurlik die ewige lewe en dat jy vir Jesus kon ken. Dit het genade beteken!

Wanneer ‘n gelowige egter sou besluit dat hy nie meer kon aangaan met hierdie geloof nie, sou dit verskriklike gevolge inhou. Skielik sou hy ‘n gevaar wees vir al die gelowiges wat hy leer ken het, want as hy sou terugkeer na die heidendom, die groot vyand, dan kon hy nie anders as om sy lojaliteit aan húlle te bewys nie! Dit sou beteken dat hy ‘n verraaier sou word wat enige gelowige se marteling of dood kon beteken.

Dit is teen hierdie agtergrond wat

ons die gedeelte in Hebreërs 10 moet lees. Die gemeente was van mekaar afhanklik vir hulle oorlewing, en enige afvalligheid was letterlik ‘n saak van lewe en dood. As ons dan lees dat afvalligheid so verskriklik swaar gestraf sou word, dan moet ons nie verbaas wees nie want afvalligheid was ‘n baie ernstige saak!

Maar wat wil die skrywer hier vir my en jou vandag sê? Beteken dit nou dat ‘n persoon wat afvallig geword het baie swaar gestraf sal word deur God? Jou onmiddelike reaksie is: “Maar dit rym nie! God is dan genadig! Liefde! Wat het

daarvan geword?”

Wat beteken dit om afvallig te raak? Sannie was ‘n verlore siel, vasgevang in die wêreld se sondes. Op ‘n dag kom sy tot bekering. Haar lewe was brandend vir Jesus, en sy het deelgeneem aan al die gemeente aktiwiteite. Op ‘n dag kry sy ‘n teleurstelling toe dinge nie gebeur soos sy dit graag wou hê nie. Sy was kwaad, en bly weg van die kerk af. Weldra het sy al minder en minder by die gemeente uitgekom, en uiteindelik verval sy weer in ‘n lewe van sonde. As iemand met haar gepraat het oor haar geloof, het hy ‘n afjak gekry.

Haar vertroue in Jesus was weg! Sy word ‘n verraaier wat weer by die vyand aangesluit het. Sommige mense sê dat dit onmoontlik is, ander beweer weer dat dit wél moontlik is en dat jy jou geloof kan “verloor!”

Wat gebeur dan met so ‘n persoon? Ek is geleer dat as jy eenmaal ‘n Christen is, dat jy altyd ‘n Christen sal bly, en dat **NIKS** ons uit die hand van God kan ruk nie! Die Bybel leer ons egter in baie duidelike taal dat God wél oneindig genadig is en red, maar dat die straf vir ongeloof verskriklik is. Matt. 25:41 beskryf die straf as ‘n ewige vuur.

“Daar sal hulle huil en op hulle tande kners,” sê Jesus oor die hel in Matt. 25:30.

Is dit dan moontlik om jou geloof te “verloor”? Iemand wat so afdwaal en totaal teen God draai, het waarskynlik nooit waarlik vir Jesus aanvaar as Verlosser nie. Vir só ‘n persoon is die ewige verderf sy voorland.

As dit dalk jy is van wie jy vandag hier lees, kan ek jou egter vandag ook baie goeie nuus gee: daar is steeds genadetyd! “Al was julle sondes skarlakenrooi,” sê Jes. 1:18, sal God steeds red en vergewe. God se genade is duisendmaal groter as Sy straf.

Selfs Dawid en Paulus, altwee moordenaars, is totaal vergewe. Selfs al het jy totaal afgedwaal en Jesus verloën, staan Hy steeds daar en pleit by jou om terug te kom en weer God se kind te word. Wil jy nie vandag vir Hom “Ja” sê nie?

Gebed:

Here, ek kan so maklik in sonde verval en U verloor. Gee my asseblief volharding om staande te bly en U hand styf vas te hou!

# 44

# Geloof en Werke

# Jakobus 2:14-26

**VIDEO * OUDIO**

“Alles, alles is genade, onverdiende guns alleen.” So lui die woorde van ‘n bekende ou kerklied. En dan dink ek by myself: as absoluut alles net genade is, en ek weet dat ek uitverkies en gered is en op pad hemel toe, kan ek mos nou maar terugsit en die rit geniet? Ek hoef niks verder te doen nie, want my geloof, wat terloops, die Heilige Gees my gegee het, sal my deurdra tot in die ewigheid!

As jy ‘n lappie groente in jou agterplaas geplant het, kan jy mos maar terugsit en ‘n maand of twee later die sappigste groente pluk sonder om ‘n vinger te verroer, nie waar nie? In jou drome! Daar sal absoluut dadels van kom! Die bossies gaan dit verdring, dit gaan verdroog en die pestilensies gaan dit opvreet nog lánk voor jy enigiets kan oes! As jy die vrug wil pluk van jou arbeid, gaan dit beteken dat jy daardie tuintjie vertroetel, bossies uittrek, bemes en water gee en die goggas verjaag. Eers dán sal jy resultate sien!

Baie mense sien hulle geloof ook

as ‘n indiwidualistiese, persoonlike saak wat niemand anders raak nie. Ek lees my Bybel en bid, en verder moet niemand aan my torring nie, want my geloof is **MY** geloof! Sondag gaan ek kerk toe en ek luister na die dominee se preek, en daarna loop ek die kortste moontlike pad terug motor toe sonder om my met die ander mense te bemoei. My geloof raak nie ander mense nie! Dit het niks met énigiemand anders uit te waaie nie!

Dis nie geloof nie, sê Jakobus. Jou geloof moet sigbaar en tasbaar wees en beslis lewendig, anders is dit dood! Die dinge wat

jy doen moet jou geloof bevestig. Die vraag is of dit dan jou goeie dade is wat jou in die hemel bring? Baie beslis nie, dis alléén God se genade! Jou geloof is egter soos jou groentetuin, want as jy nie gedurig daaraan werk nie dan flop dit! Jakobus neem die voorbeeld van ’n baie vroom gemeentelid wat die allermooiste vir ’n persoon in nood toebid: “Gaan in vrede, word warm en word versadig.” Die arme man wat hierdie seën aanhoor, hét niks om aan te trek nie! En hy hét niks om te eet nie! Dit is nie ‘n **seënwens** wat hy nodig het nie, maar **kos en klere!** Sê dan liewer niks en gee net iets vir sy

behoeftes. Geloof móét oorgaan in dade!

Jakobus gaan verder en hy sê dat daar dalk ‘n teenargument kan wees waar iemand daarop sal roem dat hy geloof het, maar niks prakties daarmee doen nie, terwyl iemand anders weer al die mooi dinge doen sonder dat hy geloof het. Maar dan maak hy hierdie argument af as snert, want geloof is níé ‘n onsigbare ding wat net in die hart of kop is nie! Geloof is iets konkreet wat jy prakties uitleef terwyl daar terselfdertyd vertroue en 'n lewende verhouding is met die Here.

Beteken my geloofsbelydenis dan

niks? Volgens Wikipedia is 78% van Suid-Afrikaners Christene. As dit wel die geval is, het ons ‘n baie gelowige land, waarskynlik die gelowigste in die ganse wêreld! Jakobus sê egter dat ‘n geloofsbelydenis alléén nie sê dat jy ‘n gelowige is nie. Daar is ‘n baie mooi voorbeeld in Markus 5:7, waar ‘n besete man met die pragtigste geloofsbelydenis vorendag gekom het, toe hy Jesus aangespreek het as “Jesus, Seun van die Allerhoogste.” Hy was egter vrekbang vir Jesus want dit was 'n bose gees in hom wat gepraat het. Etlike ander gevalle is ook aangeteken waar bose geeste

Jesus erken het as die Seun van God. Jakobus sê dat die bose geeste (en by implikasie óók die duiwel) aan God glo en Hom erken.

Wat maak hulle geloof, asook daardie 78% Suid-Afrikaners s'n anders as dié geloof wat ons het? Abraham word as voorbeeld genoem van wat ware geloof moet behels. Hy het God só onvoorwaardelik vertrou dat hy selfs bereid was om sy enigste seun en erfgenaam te offer op God se versoek. Dít is volle, onvoorwaardelike vertroue! Dis immers wat geloof is! Verder sien ons ook die praktiese dóén.

Abraham het nie alleen vertrou nie, maar fisies sy seun geneem en op die altaar vasgebind. Hy was op die punt om sy seun te offer toe God hom stop!

Die verhaal word vertel van die touloper wat ‘n vertoning gehou het by die Niagra waterval. Sy tou is oor die gevaarlike valle gespan, en hy het daar oorgedans en groot applous gekry. Toe vra hy aan die gehoor of hulle dink dat hy dit sou regkry om iemand op sy skouers oor die waterval te dra. Almal het saamgestem dat hy goed genoeg was om dit te kon doen. Toe hy egter vir ‘n vrywilliger vra om op sy skouers

te klim, was niemand bereid om dit te waag nie. Ware geloof is om die daad by die woord te voeg.

Inderdaad tel ons dade by God. Nee, dit is nie jou dade wat jou red nie, want soos ons aan die begin gesien het is absoluut alles genade. Dit is alleen die soenverdienste van Jesus wat ons kan red. Die vraag is egter wat jy met daardie geloof wat God jou gee, doen? Steek jy dit onder die spreekwoordelike maatemmer weg of laat jy dit blom? Die keuse is joune!

Gebed:

Dankie vir die geloof wat U my gegee het, Here. Gee my

asseblief ook die ywer en krag om daardie geloof voluit te leef!

# 45

# Die Sewende Seël

# Openbaring 8:1-13

## VIDEO * OUDIO

Ons het begin by Genesis, en regdeur die Bybel het ons God se wonderlike genade gesien. Ons sluit hierdie reeks af met iets uit Openbaring. Ons het egter slegs die puntjies van die seekoei se ore aangeraak, want daar is véél meer oor God se genade as dít waaroor ons gesels het.

Openbaring moet altyd in die regte konteks gelees word, anders kan jy dit maklik verkeerd verstaan. Eerstens is Openbaring

nie bloot ‘n klomp voorspellings oor die toekoms nie, maar dat dit is veral geskryf as bemoediging vir die gelowiges. Ons moet verder besef dat dit deurspek is met simboliek asook dat dit ‘n apokaliptiese boek is. Dan moet jy ook die groot boodskap van Openbaring altyd in jou agterkop hou. As kinders van God moet ons dus positief daarna kyk, en verby die verskrikking van oordeel, die genadige God sien wat my en jou kom red het uit die verskriklike oordele. Ons moet ook ‘n genadige God sien wat, selfs terwyl die oordeel aan die gang is, die sondaar steeds nóg ‘n kans gee om tot bekering te

kom!

Ons teksgedeelte gaan vandag oor Openbaring 8 waar die Lam die sewende seël oopmaak, iets wat skielik ‘n doodse stilte in die Hemel veroorsaak. Almal hou asem op vir die verskrikking wat gaan volg. Selfs die engele wat besig is om God te loof bly vir ‘n halfuur lank stil, terwyl die spanning opbou.

Dan verskyn daar sewe engele, elkeen met ‘n trompet. Enige oomblik nou gaan die verskriklike oordele die aarde tref. Maar voor dit kan gebeur moet daar eers nóg ‘n engel kom met ‘n wierookbak. Hy gaan staan by die

altaar en gooi kole en wierook saam, sodat die heerlike geur daarvan die vertrek vul.

Het jy al ooit laataand in die veld gesit by ‘n kampvuurtjie, terwyl die naguiltjies vir jou sing? Dan gooi jy mos ‘n paar droë Sekelbostakkies op die gloeiende kole. Die heerlike, asemrowende geur wat die Sekelbos gee, vul dan die bos rondom jou. Dis hemels! Dan lyk die nag nog soveel mooier, en die sterre soveel helderder, en dan kan jy nie anders nie as om die Skepper van dit alles te loof en prys in ‘n jubellied wat jou hart laat galop!

Só het die geur van die wierook

saam met die gebede van die gelowiges die hele vertrek gevul. Bid ek en jy nie ook maar elke dag dat die verskriklike ongeregtigheid wat die wêreld oorheers, al die geweld en misdaad, moord en oorloë tot ‘n einde moet kom nie? Ons gebede val nie op dowe ore nie! God hoor ons gebed, want dit styg op na Hom soos die geur van daardie wierook.

Die eerste engel tree na vore. Hy lig sy trompet en blaas. Dit is die aankondiging van God se eerste oordeel. Die onbeskryflike verwoesting en verskrikking wat hierop volg omklem jou hart. Maar

vir die gelowiges, en veral diegene wat so verskriklik gely het onder die verdrukking, is die geluid van hierdie trompet die mooiste musiek óóit! Hael gemeng met vuur en bloed verwoes ‘n derde van die aarde. Verskriklik! Maar selfs hierin sien ons nog stééds God se groot en liefdevolle genade, want twee derdes van die aarde word nóg ‘n kans gegee om tot besinning te kom.

Wanneer die tweede trompet weergalm, word ‘n derde van die see getref, en dit word bloed. Dit herinner ‘n mens aan die dodelike rooigety wat soms die Weskus

tref, waar die see letterlik rooi word van 'n sekere tipe plankton wat alles vergiftig. Johannes se visioen is iets soos 'n brandende berg wat in die see gegooi word. Klein-Asië was goed bekend met vulkane, waar die gloeiende lava teen die berghange afrol. Dink maar aan die verwoesting wat so 'n vulkaan aan die stad Pompeii aangerig het, waar al sy inwoners 'n gruweldood gesterf het. Hoeveel groter gaan hierdie oordeel van God nie wees nie! Maar weereens is God se genade steeds daar, want twee derdes van die aarde word nóg 'n kans gegun.

Wanneer die derde trompet weerklink, val ‘n brandende ster uit die Hemel, en ‘n derde van al die varswaterbronne word besmet. Onwillekeurig dink jy aan die groot kommer wat besoedeling van ons riviere veroorsaak. Baie van ons varswater raak ondrinkbaar!

Net so terloops, die ster wat hier genoem word se naam is Wildeals, of in Engels, Wormwood. Sommige doemprofete het beweer dat ‘n onsigbare planeet genaamd Wormwood Desember 2012 die aarde sou verwoes. Dit het toe nooit gebeur nie!

Selfs die hemelruim word nie gespaar nie, en wanneer die vierde trompet weerklink, word die son, maan en sterre getref sodat duisternis soos ‘n swart kombers oor die aarde hang. Maar stééds is daar genadetyd, want weereens is dit net ‘n derde van die dinge wat getref word.

Dan vlieg die arend hoog in die lug en waarsku al die bewoners van die aarde, oftewel die ongelowiges van die angswekkende dinge wat nog gaan kom. God se oordeel is teen die ongelowiges gerig, en die arend wat hoog vlieg is vir almal sigbaar, sodat niemand kan sê

dat hy nie gewaarsku is nie. God se besliste oordeel is opvallend, maar Sy verdraagsaamheid en genade, om steeds die ongelowige te probeer oorreed om tot besinning te kom, is nog sóveel groter!

Gebed:

Here, my gebed styg vanoggend saam met dié van miljoene ander gelowiges op tot U soos ‘n heerlike wierook: kom gou, Here Jesus, en maak ‘n einde aan die verskriklike ongeregtigheid op aarde!